

**JESUS EN DIE INSLUITING VAN**

**NIE-JODE BY DIE KERK**

**NA AANLEIDING VAN MATTEUS 16:18**

**Elsabé van der Westhuizen**

**Jesus en die insluiting van  
nie-Jode by die kerk  
na aanleiding van Matteus 16:18**

**Elsabé van der Westhuizen**

**11933895**

**Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Artium* in Nuwe Testament aan  
die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier: Prof. Dr. F.P Viljoen**

**Mei: 2011**

## **BEDANKINGS**

My Hemelse Vader wat my die krag gegee het om hierdie studie te voltooi.

- Prof. FP Viljoen vir die bekwame wyse waarop hy as studieleier opgetree het.
- Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir finansiële ondersteuning.
- Mnr. Willie Cloete vir die vertaling van die opsomming.
- Dr. Wymie du Plessis vir die formatering.
- My ouers vir hulle volgehoue liefde en ondersteuning.

## OPSOMMING

Die Matteus-evangelie toon sowel Joods-spesifieke as universele eienskappe. Die Joods-spesifieke eienskappe word gesien in die Jode wat by die evangelie ingesluit word, terwyl die nie-Jode verteenwoordigend is van die evangelie se universele aard.

Tradisioneel word gesê dat die nie-Jode in die evangelie dikwels tot belydenis van Jesus as die Messias kom, terwyl die meerderheid Jode Hom verwerp. Indien die nie-Jode tot belydenis kom, sal hulle waarskynlik deel word van die kerk.

Sommige navorsers betwyfel dit egter of die Matteus-evangelie so 'n positiewe beeld van die nie-Jode skets. Dit het waarskynlik implikasies vir die insluiting van die nie-Jode by die kerk. Gevolglik ontstaan die vraag of nie-Jode op grond van hulle belydenis van Jesus as die Christus deel word van die kerk. Die doel van hierdie studie was dan om vas te stel of nie-Jode as gevolg van hulle belydenis deel word van die kerk.

In Hoofstuk 1 is die agtergrond van die navorsingsvraag en die probleemstelling uiteengesit.

In Hoofstuk 2 is gevra of nie-Jode tot belydenis van die Messias kom. Die geboortenarratiewe gee 'n vooruitskouing van nie-Jode wat tot belydenis sal kom. Binne die bedieningsnarratiewe bely die Romeinse offisier en die Kanaänitiese vrou Jesus se gesag. Die Romeinse offisier ontvang die belofte dat nie-Jode deel sal kry aan die koninkryk van die hemel. In die Kanaänitiese vrou gee die evangelie 'n vooruitskouing na nie-Jode wat oor die poorte van die doderyk sal triomfeer. Wanneer Jesus sterwe, bely die Romeinse soldate Hom as die Seun van God. Dit is aan die hand van 'n literatuurstudie gedoen.

In Hoofstuk 3 is gevra of die Jode Jesus as die Messias verwerp. Die vervullingsitate plaas die ongeregtigheid van die Jode in kontinuïteit met Israel van ouds en die strydgesprekke en weerede openbaar die Joodse leiers se huigelary. Dit is ook aan die hand van 'n literatuurstudie gedoen.

In Hoofstuk 4 is die betekenis van die woord *rots* (*petra*) waarop Jesus sy kerk volgens Matt. 16:18 bou bepaal. Om die betekenis van die woord te bepaal is daar eerstens 'n oorsig van die woord se verklaringsgeskiedenis gegee met behulp van 'n literatuurstudie. Tweedens is die betekenis van die woord eksegeties bepaal.

In Hoofstuk 5 is 'n samevatting van al die bevindings in die studie gegee. Binne die Matteus-evangelie kom nie-Jode dikwels tot belydenis van Jesus as die Christus. Teenoor hulle staan die Jode wat Jesus as die Messias verwerp. Jesus bou die kerk op Homself as die Christus, maar gee aan elkeen wat Hom bely die voorreg om 'n kleiner steen in die kerk te word. Gevolglik word nie-Jode as gevolg van hulle belydenis deel van die kerk.

**Sleutelterme:**

- Belydenis
- Kerk
- Jode
- Nie-Jode
- Jesus as Christus

## ABSTRACT

The gospel according to Matthew has particularistic (i.e. specific to the Jews) as well as universal features. The particularistic features are demonstrated by the Jews included in the gospel, whereas the gentiles (non-Jews) are representative of the gospel's universal nature.

Traditionally, it is said that the gentiles in the gospel often come to confess Jesus as the Messiah, whereas the majority of Jews reject Him. Gentiles who come to confess Jesus will likely become part of the church.

However, some researchers doubt whether the gospel according to Matthew does indeed present such a positive picture of the gentiles. This may have implications for the inclusion of the gentiles in the church. The question arises whether gentiles become part of the church by virtue of their confession of Jesus as the Christ. The purpose of this study was thus to determine whether gentiles become part of the church by virtue of their confession.

Chapter 1 sets out the background to the research question and the problem statement.

Chapter 2 asks whether gentiles do indeed come to confess the Messiah. The birth narratives provide an outlook of gentiles who will come to a confession. In the ministry narratives, the Roman officer and the Canaanite woman acknowledge Jesus' authority. The Roman officer receives the promise that non-Jews will be part of the Kingdom of Heaven. The Canaanite woman points towards gentiles who will triumph over the gates of hell. When Jesus dies, the Roman soldiers acknowledge Him as the Son of God. This is based on a literature study.

Chapter 3 asks whether the Jews reject Jesus as the Messiah. The fulfilment citations place the unrighteousness of the Jews in continuity with Israel of old, and the disputations and declaration of woe reveal the hypocrisy of the Jewish leaders. This is also based on a literature study.

Chapter 4 explores the meaning of the word *rock (petra)* on which Jesus builds His church – according to Matthew 16:18. In order to establish the meaning of the word, an overview of the word's interpretation history is provided. Secondly, the meaning of the word is also determined exegetically.

Chapter 5 sets out a summary of all the findings of the study. The main findings are: Gentiles often come to confess Jesus; in contrast, most Jews reject Jesus as the Messiah. Jesus builds the church on Himself as the *Rock*, but extends the privilege to those, like Peter, who confess Him to become lesser bricks in the church. It can therefore be said that gentiles become part of the church by confessing Jesus as the Christ.

**Keywords:**

- Confession
- Church
- Jews
- Gentiles
- Jesus as Christ

# Inhoudsopgawe

## HOOFSTUK 1

### ORIËNTERING

1.1	INLEIDING .....	1
1.2	AGTERGROND .....	2
1.3	PROBLEEMSTELLING.....	4
1.4	PROBLEEMVRAE .....	4
1.5	NAVORSINGSDOELSTELLING EN –DOELWITTE .....	5
	1.5.1 Doel .....	5
	1.5.2 Navorsingsdoelwitte .....	5
1.6	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENTE .....	5
1.7	NAVORSINGSBENADERING EN –METODE .....	6
	1.7.1 Literatuuroorsig.....	7
	1.7.2 Navorsingsberig .....	7
	1.7.3 Eksegese.....	7
1.8	SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING .....	7



## HOOFSTUK 2

### DIE BELYDENIS VAN NIE-JODE VOLGENS DIE MATTEUS-EVANGELIE

2.1	INLEIDING .....	9
2.2	GEBORTENARRATIEWE (MATT. 1:1-2:23) .....	10
2.2.1	Christologiese titels in die gebortennarratiewe (Matt. 1:1) .....	11
2.2.1.1	Die Christus.....	11
2.2.1.2	Die Seun van Dawid.....	12
2.2.1.3	Seun van Abraham.....	13
2.2.2	Persone in die gebortennarratiewe.....	16
2.2.2.1	Vroue in die genealogie (Matt. 1:1-17) .....	17
2.2.2.2	Die volk van God (Matt. 1:21).....	18
2.2.2.3	Die Magiërs (Matt. 2:1-12).....	19
2.3	DIE ROMEINSE OFFISIER (MATT. 8:5-13) .....	21
2.3.1	Jesus se terugkeer na Kapernaum (Matt. 8:5) .....	22
2.3.2	Die offisier se belydenis van Jesus (Matt. 8:6-10).....	22
2.3.3	Geloof wat toegang tot die Koninkryk van die hemel gee (Matt. 8:10-12) .....	24
2.3.4	Die genesing as “gelykenis in aksie” .....	25
2.4	DIE KANAËNITIESE VROU (MATT. 15:21-28) .....	27
2.4.1	Vrae na die plek, aard en betekenis van die perikoop.....	27

2.4.2	Jesus se vertrek na die streke van Tirus en Sidon.....	28
2.4.3	Die Kanaänitiese vrou se versoek en belydenis van Jesus.....	29
2.4.4	Verband tussen die belydenis van die Kanaänitiese vrou en die belydenis van Petrus .....	30
2.4.5	Jesus se oënskynlik onsimpatieke woorde teenoor die vrou.....	30
2.4.6	Die reaksie van die vrou .....	32
2.4.7	'n Kort metafoor as voorbereiding op die belydenis van Petrus en die meegaande ekklesiologie .....	33
2.4.8	Die eksorsie as praktiese demonstrasie van die vrou se belydenis ....	35
2.5	DIE ROMEINSE OFFISIER AAN DIE VOET VAN DIE KRUIS (MATT. 27:-54).....	35
2.6	DIE GROOT SENDINGOPDRAG (MATT. 28:16-20).....	38
2.7	GEVOLGTREKKING.....	40

### **HOOFSTUK 3**

#### **DIE VERWERPING VAN CHRISTUS DEUR JODE VOLGENS DIE MATTEUS-EVANGELIE**

3.1	INLEIDING .....	41
3.2	VERVULLINGSITATE .....	42
3.2.1	Matteus 13:14-15.....	43
3.2.2	Matteus 15:8-9.....	44
3.3	LYDENSWEEK (MATT. 21:1-27:66).....	45

3.3.1	Strydgesprekke (Matt. 21:23-22:46) .....	45
3.3.1.1	Die vraag oor Jesus se gesag (Matt. 21:23-22:14) .....	46
3.3.1.2	Die vraag oor die betaal van belasting (Matt. 22:15-22) .....	48
3.3.1.3	Die vraag oor die opstanding uit die dood (Matt. 22:23-33) .....	49
3.3.1.4	Die vraag oor die grootste gebod (Matt. 22:34-40) .....	50
3.3.1.5	Die vraag oor die Seun van Dawid (Matt. 22:41-46) .....	52
3.3.2	Die weerede (Matt. 23:13-36) .....	54
3.3.2.1	Die Fariseërs sluit die deur van die Koninkryk in die mense se gesig toe en gaan self nie in nie (Matt. 23:13-15) .....	54
3.3.2.2	Die valse leer van die Joodse leiers ontbloot (Matt. 23:16-28) .....	55
3.3.2.3	Veroordeling van die Fariseërs se wetsbeskouing (Matt. 23:26) .....	56
3.3.2.4	Strafaankondiging en klag oor Jerusalem (Matt. 23:29-39) .....	57
3.4	DIE KLIP WAT VERMORSEL (MATT. 21:44) .....	58
3.5	GEVOLGTREKING .....	59

## HOOFSTUK 4

### DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD *ROTS* WAAROP JESUS SY KERK BOU VOLGENS MATTEUS 16:18

4.1	INLEIDING .....	60
4.2	VERKLARINGSGESKIEDENIS VAN DIE WOORD <i>ROTS</i> WAAROP JESUS SY KERK BOU VOLGENS MATT. 16:18.....	61
4.2.1	“ <i>Rots</i> ” as verwysende na die Apostel Petrus .....	62
4.2.1.1	Die voorrangsverklaring volgens die Kerkvaders .....	62
4.2.1.2	Die voorrangsverklaring gedurende die Reformasie .....	65
4.2.1.3	Die voorrangsverklaring in kontemporêre eksegeese .....	66
4.2.2	“ <i>Rots</i> ” as verwysende na Christus.....	67
4.2.2.1	Christus as fondament volgens die Kerkvaders .....	68
4.2.2.2	Christus as fondament volgens die Reformatore .....	69
4.2.2.3	Christus as fondament volgens kontemporêre eksegeese ...	71
4.2.3	“ <i>Rots</i> ” as verwysende na die belydenis van Petrus.....	72
4.2.3.1	Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens die Kerkvaders .....	72
4.2.3.2	Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens die Reformatore .....	73
4.2.3.3	Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens kontemporêre eksegeese .....	74
4.2.4	Gevolgtrekking.....	75

4.3	DIE BELYDENIS VAN PETRUS: EKSEGESE VAN MATT. 16:13-20 .....	78
4.3.1	Die gebruik van die woorde <i>Petros</i> en <i>Petra</i> in Matt. 16:18 .....	79
4.3.2	Vergelyking van die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese Evangelies (Matt. 16:13-20, Mark. 8:27-30, Luk. 9:18-21) .....	82
4.3.3	Plek van die perikoop in die Matteus-evangelie .....	85
4.3.4	Makro- en mikro-opbou van Matt. 16:13-20 .....	86
4.4	SLOT .....	90

## HOOFSTUK 5

### DIE INSLUITING VAN DIE NIE-JODE BY DIE KERK OP GROND VAN HULLE BELYDENIS VAN JESUS AS DIE CHRISTUS

5.1	INLEIDING .....	92
5.2	SAMEVATTENDE OORSIG EN BEVINDINGE .....	93
5.2.1	Die belydenis van nie-Jode volgens die Matteus-evangelie .....	93
5.2.2	Die verwerping van Jesus deur Jode volgens die Matteus -evangelie .....	94
5.2.3	Die betekenis van die woord <i>rots</i> waarop Jesus sy kerk bou volgens Matteus 16:18 .....	95
5.3	VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE .....	96
5.3.1	Navorsingsmoontlikheid 1 .....	96
5.3.2	Navorsingsmoontlikheid 2 .....	97

5.4	SLOTSOM .....	98
	BIBLIOGRAFIE .....	100

## TABELLE

Tabel 4.1	Vergelyking van die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese Evangelies .....	83
Tabel 4.2	Die Makro-opbou van Matt. 16:13-20 .....	87

# HOOFSTUK 1

## ORIËTERING

### 1.1 INLEIDING

In die Matteus-evangelie tref 'n leser twee groepe mense aan. Enersyds is daar die Jode wat aan die evangelie 'n Joods-spesifieke karakter gee. Andersyds is daar die nie-Jode wat aan die evangelie ook 'n universele aard gee. Beide groepe staan in 'n bepaalde verhouding teenoor Jesus. Tradisioneel word gesê dat die meerderheid Jode Jesus as die Christus verwerp terwyl die meerderheid nie-Jode tot belydenis van Hom kom (Versteeg, 1980:26-35).

As die nie-Jode Jesus as die Messias bely, is dit waarskynlik bepalend vir hulle insluiting by die kerk. In Matt. 16:18 sê Jesus dat Hy die kerk op 'n *rots* bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die woord *rots* in Matteus 16:18 kan drie moontlike betekenis hê: Die persoon van Petrus (Davies & Allison, 1991:627), Jesus as Christus (Luther, *Wider das Papsttum vom Teufel gestiftet*) of die belydenis wat Petrus pas uitgespreek het (Ridderbos, 1970:11). Dit kan ook verwys na 'n kombinasie tussen Jesus as Christus en Petrus se belydenis (MacArthur, 2005:1154). Sou die *rots* verwys na Jesus as Christus, of die belydenis van Petrus en nie-Jode kom tot dieselfde belydenis as die dissipel, sal hulle by die kerk ingesluit word en deel in die triomf oor die poorte van die doderyk. Tog word daar ook gedebatteer of nie-Jode tot die belydenis van Jesus kom (vgl. Sim, 1998:28). Sou dit die geval wees en Jesus bou die kerk op Homself of Petrus se belydenis van Hom, sal nie-Jode nie by die kerk ingesluit word nie. Hierdie studie wil vasstel of nie-Jode op grond van hulle belydenis deel word van die kerk.

In hierdie hoofstuk word die agtergrond van die navorsingsvraag uiteengesit, asook die probleemstelling, probleemvrae, navorsingsdoelstelling en doelwitte, die sentrale teoretiese argument, die navorsingsmetodologie wat gevolg is en die struktuur van die studie.



## 1.2 AGTERGROND

Tradisioneel word die Matteus-evangelie gesien as die evangelie vir die Jode. Reeds Eusebius het geredeneer dat Matteus die evangelie in Hebreeus vir 'n Joodse gehoor neergepen het (*Ecclesiastical History*, 3.24.6). Tekste soos Matt. 5:18, 10:1-11:1 en 15:1-20 ondersteun hierdie Joods-spesifieke karakter van die Matteus-evangelie (Lee, 2010:2).

Tog val die Matteus-evangelie se ingesteldheid teenoor nie-Jode 'n lesers ook op. In die geboortenarratiewe is dit die Magiërs uit die Ooste wat aan Jesus hulde bewys (Matt. 2:1-2). Die Romeinse offisier bely die gesag van Jesus (Matt. 8:8-9). Die Kanaänitiese vrou word geprys vir haar groot geloof (Matt. 15:28). Tydens die kruisiging bely 'n ander Romeinse offisier en die soldate Jesus as die Seun van God (Matt. 27:54). Na sy opstanding gee Jesus die apostels die opdrag om na die nasies te gaan en die mense sy dissipels te maak (Matt. 28:19).

Binne die Matteus-evangelie tref 'n lesers dus twee benaderings aan: Die een is 'n Joods-spesifieke benadering ten opsigte van die Jode en die ander een is 'n universele benadering tot die nie-Jode (Guthrie, 1990:29-30; Lee, 2010:1-2).

Dit wil voorkom asof die onderskeie groepe elk in 'n bepaalde verhouding met Jesus staan. Waarskynlik is daar 'n skerp stryd tussen Jesus en die Jode omdat hulle Hom verwerp; aan die ander kant blyk daar 'n besondere positiewiteit teenoor die nie-Jode te wees omdat hulle Jesus bely (Versteeg, 1980:26-35). Die stryd tussen Jesus en die Jode kan reeds in die geboortenarratiewe gesien word as Herodes sy dood beplan (Matt. 2:16-23). In die bedieningsnarratiewe verhaal tekste soos Matt. 3:7-12; 5:20; 8:11; 12:22-45; 13:10-17 en 15:1-20 die stryd tussen Jesus en die Joodse leiers. Die polemieke word egter die duidelikste gesien in die lydensweek met sy strydgesprekke (Matt. 12:23-22:41), weerede (Matt. 23:1-39), profetiese rede (Matt. 24:1-25:46) en die verhoor en kruisiging van Jesus (Matt. 26:36-27:66).

Teenoor die Jode wat Jesus verwerp staan die nie-Jode wat Hom dikwels bely. Waar Herodes Jesus as kind wil doodmaak, is dit die Magiërs uit die Ooste wat Hom bely (Matt. 2:11). In die genesing van die offisier se slaaf (Matt. 8:5-13) is dit 'n nie-Jood wat Jesus se gesag bely. Die Kanaänitiese vrou se geloof is groot as sy aanhoudend roep dat Jesus die bese gees uit haar dogter moet dryf en haarself voor Jesus verneder (Matt. 15:21-28). As Jesus sterwe roep die Romeinse offisier aan die voet van die kruis saam met sy soldate dat Hy waarlik die Seun van God was (Matt. 27:54). Dit wil dus voorkom asof die Jode Jesus as die Messias verwerp terwyl nie-Jode tot belydenis van Hom kom.

Nie-Jode se belydenis van Jesus mag ook 'n vooruitskouing gee van hulle insluiting by die kerk. In Matt. 16:16 bely Petrus Jesus as die Christus. In Matt. 16:18 sê Jesus aan die dissipel dat hy Petrus (*Petros*) is. Hy vervolg dan met die woorde: “en op hierdie *rots (petra)* sal Ek my kerk bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie”. 'n Literatuuroorsig van Matt. 16:18 bring aan die lig dat die woord *rots (petra)* hoofsaaklik na drie dinge kan verwys: Petrus as persoon (Davies & Allison, 1991:627), Jesus as Christus (Luther, *Wider das Papsttum vom Teufel gestiftet*) of die belydenis van Petrus (Ridderbos, 1970:11). Binne die Reformatoriese tradisie word 'n benadering gevolg waarvolgens laasgenoemde twee nie van mekaar geskei kan word nie: Jesus is self die fondament waarop die kerk gebou word en omdat Petrus Hom as Christus bely, word hy 'n kleiner steen in die kerk (MacArthur, 2005:1154). As nie-Jode Jesus as die Christus bely sal hulle waarskynlik soos Petrus 'n kleiner steen in die kerk word. Sodoende deel hulle in die triomf van die kerk oor die poorte van die doderyk. As die meerderheid Jode Jesus as die Christus verwerp word hulle nie deel van die kerk wat oor die poorte van die doderyk triomfeer nie. Dit kan dus wees dat die universele aard die Joods-spesifieke perspektief oorskadu en oortref (vgl. Lee, 2010:39-40).

Tog word daar ook gedebatteer oor die opvatting dat hoofsaaklik nie-Jode tot belydenis van Jesus kom in die Matteus-evangelie. In sy inleidingshoofstuk is Sim (1998:28) van mening dat die Evangelie volgens Matteus nie oop is vir nie-Jode nie en dat die Matteus-gemeenskap ook nie betrokke was in sending na die nie-Jode nie. Volgens hom (1998:218-219) sou die vier nie-Joodse vroue in die genealogie hulle eers tot Judaïsme moes bekeer (Matt. 1:1-17). Die Gadareners wat Jesus se sending na hulle verwerp, asook Pontius Pilatus en die soldate wat Jesus by die kruis bespot, is volgens hom (1998:222-223, 225) voorbeelde van nie-Jode wat Hom verwerp (Matt. 8:28-34, 27:11-26, 27:27-31). Verder getuig die narratief van die Kanaänitiese vrou (Matt. 15:21-28) ook nie volgens hom van 'n positiewe ingesteldheid teenoor nie-Jode nie: Die term *Kanaänities* verwys na die eerste heidense bewoners van die land (1998:223).<sup>1</sup> Hy verwys ook na vier uitsprake wat teen die nie-Jode gerig is: Matt. 5:47<sup>2</sup>,

---

<sup>1</sup> Sien Keener (1999:414) se teenargument: “Placed immediately after a discussion of purity in both Matthew and Mark, Jesus’ encounter with this Gentile woman brings out the implications the evangelists find in his view of purity: Gentiles will no longer be separated from Israel (Acts 10:15,28, 11:9-18) [...] She is a descendant of the ancient Canaanites, the bitter biblical enemies of Israel whose paganism led Israel into idolatry [...] Whereas the law granted some respect for the Egyptians and some other cultures (Deut 23:7, Is 19:25), Matthew’s Jewish audience may wince at his label for this woman of faith. “Yes,” Matthew seems to reply; “God’s compassion extends to all Gentiles.” Die feit dat Jesus wel die bese uit die vrou se dogter dryf, wys dat Keener waarskynlik die mees korrekte verklaring gee.

<sup>2</sup> “En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?” (Matt. 5:47.)

6:7<sup>3</sup>, 31-32<sup>4</sup> en 18:15-17<sup>5</sup> (Sim, 1998:226-231).

Sim is ook van mening dat die Matteus-evangelie strydig is met die Pauliniese briewe: Volgens hom het die Matteus-gemeenskap as Joodse Christene die *Torah* onderhou en Jesus gevolg binne die Joodse tradisie. Daarteenoor het Paulus en sy volgelinge wetsonderhouding as voorvereiste vir lidmaatskap van die kerk verwerp (Sim, 1998:7-8).

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Sim se standpunt (kyk 1.2) hou waarskynlik gevolge in vir die insluiting van nie-Jode by die kerk. Sy siening van die Gadareners, Pontius Pilatus en die soldate wat Jesus aan die voet van die kruis bespot, veronderstel dat nie-Jode Jesus sou verwerp. Sou nie-Jode Jesus verwerp, word hulle waarskynlik ook nie deel van die kerk nie en deel hulle ook nie in die kerk se triomf oor die poorte van die doderyk nie. Daar is reeds verwys na die drie moontlike betekenisse van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk bou in Matt. 16:18 (kyk 1.2): Petrus as persoon, Jesus as Christus en die belydenis van Petrus. Daar is ook verwys na die benadering waarvolgens Christus as die fondamentrots en die belydenis nie van mekaar geskei kan word nie. Sou die woord *rots* dus na die belydenis of Jesus self as Christus verwys, en nie-Jode verwerp Hom, sal hulle nie deel word van die kerk nie en ook nie deel in die kerk se triomf oor die poorte van die doderyk nie. Sou hulle Hom wel as Christus bely, word hulle by die kerk ingesluit en deel hulle in die seën.

### 1.4 PROBLEEMVRAE

Uit die agtergrond en probleemstelling kan die kernnavorsingsvraag soos volg geformuleer word: Word die nie-Jode op grond van hulle belydenis by die kerk ingesluit na aanleiding van Matt. 16:18?

Hierdie hoofvraag bring die volgende sub-probleemvrae na vore wat beantwoord moet word:

1. Kom nie-Jode tot belydenis van Jesus in die Matteus-evangelie?
2. Verwerp Jode Jesus as die Christus volgens die Matteus-evangelie?

---

<sup>3</sup> “Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene ’n stortvloed woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik.” (Matt. 6:7.)

<sup>4</sup> “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.” (Matt. 6:31-32.)

<sup>5</sup> “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie na jou luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, moet jy hom as ’n heiden en ’n tollenaar behandel.” (Matt. 18:15-17.)

3. Wat is die betekenis van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk volgens Matt. 16:18 bou?
4. Word nie-Jode by die kerk ingesluit op grond van hulle belydenis van Jesus as die Christus?

## **1.5 NAVORSINGDOELSTELLING EN –DOELWITTE**

### **1.5.1 Doel**

Die doel van hierdie studie is om vas te stel of nie-Jode op grond van hulle belydenis van Jesus as Christus deel word van die kerk na aanleiding van Matt. 16:18.

### **1.5.2 Navorsingsdoelwitte**

1. Om vas te stel of nie-Jode tot belydenis van Jesus kom volgens die Matteus-evangelie.
2. Om vas te stel of Jode Jesus verwerp volgens die Matteus-evangelie.
3. Om die betekenis van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk bou volgens Matt. 16:18 te bepaal.
4. Om vas te stel of nie-Jode by die kerk ingesluit word op grond van hulle belydenis van Jesus as die Christus.

## **1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT**

Die sentrale teoretiese argument is dat nie-Jode Jesus as die Christus bely. Jesus bou die kerk op Homself as die *rots* (Matt.16:18), maar hulle wat Hom bely word kleiner stene in die kerk. Daarom word nie-Jode deel van die kerk en deel hulle in die kerk se triomf oor die poorte van die doderyk.

Dié benadering word gevolg omdat Sim (kyk 1.2) waarskynlik nie korrek is as hy 'n negatiewe beeld van die nie-Jode binne die Matteus-evangelie skets nie: Soos reeds genoem kom nie-Jode verskeie kere tot belydenis van Jesus binne die Matteus-evangelie (Matt. 2:11, 8:8-9, 15:22, 27:54). Die soldate mag Jesus tydens die kruisiging bespot het (Matt. 27:27-31), maar na die eskatologiese openbaring van Matt. 27:51-58 kom hulle en die offisier tot belydenis van Jesus (Matt. 27:54). Ook het die Matteusgemeenskap aan sending deelgeneem: In Matt. 28:19 gee Jesus duidelik die opdrag om na die nasies te gaan. Verder kom Matteus wat sy wetsbeskouing betref, ooreen met die wetsbeskouing in die Pauliniese briewe. Volgens Matt. 15:1-20 is dit nie die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte wat 'n persoon rein maak nie. Dit is ook die benadering wat Paulus in Gal. 2:11-14 volg. Verder word die vier heidense uitsprake oorskadu deur 'n groter getal polemiese narratiewe met die Joodse leiers (vgl. o.a. Matt. 3:7-12; 5:20; 8:11; 12:22-45; 13:10-17; 15:1-20, 21:23-27:66). Dit wil dus voorkom asof

die Joods-spesifieke karakter van die Matteus-evangelie eerder deur sy universele aard oortref word (vgl. Lee, 2010:39-40).

Tweedens blyk dit dat die rots (*petra*) waarop Jesus sy kerk bou (Matt. 16:18) Jesus as Christus in die oog het. Die Nuwe Testament openbaar baie duidelik dat Christus die fondament van die kerk is. Volgens MacArthur (2005:1154) is Christus sowel die hoof (Ef. 5:23) as die fondament (Hand. 4:11,12, 1 Kor. 3:11) van die kerk. Dit word duidelik as daar verband getrek word tussen Hand. 4:11, Matt. 21:42 en Ps. 118:22-23: Hand. 4:11 en Matt. 21:42 is vervullingsitate van Ps. 118:22-23. Volgens Ps.118:22-23 is dit juis die klip wat deur die bouers afgekeur is wat die belangrikste klip in die gebou geword het. Hand. 4:11 openbaar dat Christus hierdie klip is en gevolglik verwys die klip in Matt. 21:42 ook na Christus. 1 Kor. 3:9b-11 openbaar Christus eksplisiet as die fondament waarop die kerk gebou word. MacArthur (2005:1154) verwys ook na die betekenisvolle 1 Pet. 2:6-7 waarvolgens die klip binne konteks van 1 Pet. 2:4 na Christus verwys.

Tog kan die fondamentrots nie geskei word van die belydenis wat pas uitgespreek is nie. Hierdie verband kan gesien word in die tekstuele konteks sowel as in die gebruik van die woorde *Petros* en *petra*. Jesus sê vir Petrus: “Ek sê vir jou: Jy is Petrus (*Petros*) en op hierdie rots (*petra*) sal Ek my kerk bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Die vreemde kombinasie tussen die manlike *Petros* en vroulike *petra* is waarskynlik ’n sleutel om die betekenis van die perikoop mee te ontsluit. Sommige eksegete verklaar die verskynsel deur te sê dat die Aramese woord *Kepha* agter beide *Petros* en *petra* lê. Dan verander die betekenis van die woord nie, omdat *Kepha* verskillende nuanses van dieselfde woord veronderstel (vgl. Davies & Allison, 1991:627). Ander navorsers skryf egter dat *Petros* en *petra* nie dieselfde betekenis het nie (Gundry, 1982:334). *Petros* verwys dan na ’n kleiner steen (Richards, 1985:537-538) terwyl *petra* na die fondamentrots verwys (Louw & Nida, 1988a:23).

Volgens die voorafgaande wil dit voorkom asof die woord *rots* waarskynlik nie na Petrus verwys nie. Dit wil eerder lyk asof Jesus die kerk op Homself as die rots bou. Maar die konteks van Matt. 16:18 veronderstel dat die *rots* waarop die kerk gebou word, nie geskei kan word van die belydenis nie. Soos Morris (1992:423) dit sien: Petrus (in Matt. 16:18) kan nie geskei word van die woorde wat hy pas gesê het nie. Dit is moontlik dat die woordspeling tussen *Petros* en *petra* ook hierdie verband veronderstel.

## **1.7 NAVORSINGSBENADERING EN – METODE**

Hierdie studie word onderneem vanuit die Reformatoriese tradisie. In die eksegetiese sal daar

vanuit 'n Kanonieke benadering gewerk word. Volgens Hayes en Holladay (1988:122-128) hou dit in dat die teks in sy finale vorm en ook binne die konteks van die Skrif as geheel gelees sal word. Hill en Walton (2000:575) verduidelik dié benadering soos volg: "In the canonical method, prehistory (sources, traditions, previous forms, redactions, etc.) of the text is ignored in favor of understanding the meaning of the final form (canonical form) of the text to the community of faith under whose aegis it took shape. This is a diachronic approach that takes the development of the final canonical form as the starting point for its analysis. It is interested in the history of the text as a composite whole, a piece of Scripture. Furthermore, the canon as a whole can be viewed as a context rather than portions of books or the books themselves being the context."

Die navorsingsvrae sal beantwoord word deur gebruik te maak van die volgende metodes:

### **1.7.1 Literatuuorsig**

Om die verhouding tussen Jesus en die Jode en die nie-Jode onderskeidelik te ondersoek en te verklaar, is 'n literatuurstudie gedoen. Die werk van navorsers soos David Sim, Donald Senior, Leon Morris, Donald Guthrie, R.T. France, Douglas Hare, Ulrich Luz, Craig Keener, J.P. Versteeg, Francois Viljoen, W.D. Davies en Dale Allison is veral geraadpleeg. Deur analise, interpretasie en sintese is daar tot 'n gevolgtrekking gekom.

### **1.7.2 Verklaringsgeskiedenis**

Om die betekenis vas te stel van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk bou (Matt. 16:18), is 'n oorsig gegee van die woord se verklaringsgeskiedenis. Daarvoor is 'n literatuurstudie gedoen en is gebruik gemaak van onder andere boeke, artikels en internetbronne.

### **1.7.3 Eksegese**

In die eksegetiese proses is verskeie Bybelvertalings gebruik en 'n uitgebreide verskeidenheid kommentare geraadpleeg.

## **1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING**

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gegee van die probleemstelling, die agtergrond tot die probleemstelling, die navorsingsdoelwitte en die navorsingsmetodes. In die volgende hoofstukke word die bevindinge van die ondersoek, waarin die navorsingsdoelwit was om vas te stel of nie-Jode op grond van hulle belydenis van Jesus deel word van die kerk, uiteengesit.

In Hoofstuk 2 word gevra of nie-Jode tot belydenis van die Messias kom. In Hoofstuk 3 word die vraag of die Jode Jesus as die Messias verwerp, ondersoek. In Hoofstuk 4 word die betekenis van die woord *rots (petra)* waarop Jesus sy kerk volgens Matt. 16:18 bou, bepaal. In Hoofstuk 5 word in die sintese tot die gevolgtrekking gekom dat, binne die Matteus-evangelie, die nie-Jode se belydenis van Jesus as die Christus kontrasterend gestel word met die Jode wat Jesus as die Messias verwerp. Wat hiermee saamhang, is dat Jesus die kerk op Homself as die Christus bou, en aan elkeen wat Hom bely die voorreg gee om 'n kleiner steen in die kerk te word. Nie-Jode word daarom as gevolg van hulle belydenis deel van die kerk.

## HOOFSTUK 2

### DIE BELYDENIS VAN NIE-JODE VOLGENS DIE MATTEUS-EVANGELIE

#### 2.1 INLEIDING

Binne die Matteus-evangelie tref die leser as't ware 'n tweeledige karakter aan: Die Jode gee aan die evangelie 'n Joods-spesifieke karakter terwyl die nie-Jode 'n universele aard aan die evangelie gee.

Luz (2005a:14) het die Matteus-evangelie as 'n transparante teks beskryf. Dit veronderstel dat Matteus sy evangelie op so 'n wyse skryf dat die geskiedenis van Jesus 'n refleksie van die Matteus-kerk se eie omstandighede word. Die universele aard van die Matteus-evangelie wil dus te kenne gee dat daar ook 'n groot groep nie-Jode in die Matteus-kerk teenwoordig was. Gevolglik kan gevra word hoekom die nie-Jode deel geword het van die kerk. Die mees waarskynlike antwoord kan uit die teks self afgelei word: Tradisioneel is eksegete dit eens dat nie-Jode hoofsaaklik tot belydenis van Jesus kom terwyl die Jode Hom verwerp binne die Matteus-evangelie.

Nie almal is egter van mening dat dit hoofsaaklik nie-Jode is wat binne die Matteus-evangelie tot belydenis kom nie. Sim (1998:92-107) kom in sy rekonstruksie van Paulus se teregwysing van Petrus in Antiogië (vgl. Gal. 2:11-14) tot die gevolgtrekking dat die Joodse afgevaardigdes die gemeente van Antiogië wetsonderhoudend wou maak. Hy kom verder tot die gevolgtrekking dat Petrus nie aan Paulus se teregwysing gehoor gegee het nie. Paulus verlaat die stad as gevolg van hierdie dispuut en die Jode slaag daarin om die gemeente weer wetsonderhoudend te maak. Omdat die evangelie volgens Matteus waarskynlik later in Antiogië ontstaan het (Streeter, 1924:495-528) is dit dus vir Sim eintlik pro-Joods en strydig met die Pauliniese briewe.

Dit is egter te betwyfel of Sim se rekonstruksie die werklike historiese gebeure weergee.



Galasiërs getuig nie daarvan dat die dispuut van blywende aard was nie, en 2 Pet. 3:15 getuig trouens van 'n besondere toegeneetheid tussen Paulus en Petrus. Ook het Paulus op sy sendingreise vertrek omdat die Gees hom daarvoor afgesonder het (Hand. 13:2-3) en hy het telkens na Antiogië teruggekeer (Hand. 14:21-28, 18:18-23). Verder toon 'n vergelyking tussen Matt. 15:1-20 en byvoorbeeld Gal. 2:11-4:7 dat die evangelis en Paulus dieselfde beskouing oor wetsonderhouding gehad het. Sim (1998:232) is ook van mening dat die Matteusgemeenskap nie in sending betrokke was nie aangesien hulle in die opstande deur nie-Jode vervolgt is. Maar volgens Matt. 10:18 was die vervolging juis hulle geleentheid om te getuig, en ten spyte van die feit dat die dissipels deur al die nasies gehaat sou word as gevolg van hulle belydenis (Matt. 24:9), sou die evangelie verkondig word sodat al die nasies die getuigenis kan hoor (Matt. 24:14). Die groot sendingopdrag (Matt. 28:16-20) is ook 'n bewys daarvan dat die Matteusgemeenskap in sending betrokke was. Die Matteusgemeenskap was dus waarskynlik nie wetsonderhoudend nie en aktief in sending betrokke.

Die eerste navorsingsdoelwit is om vas te stel of nie-Jode tot belydenis van Jesus as Christus kom. Dit word binne hierdie hoofstuk ondersoek. Indien nie-Jode tot belydenis van Jesus kom sal hulle waarskynlik deel word van die kerk. In hierdie hoofstuk word die Christologiese titels (Matt. 1:1) en die persone in die geboortenarratiewe (vgl. Matt. 1-2) ondersoek om vas te stel of hulle 'n vooruitskouing bied op die nie-Jode wat tot belydenis sal kom. In die bedieningsnarratiewe is die Romeinse offisier (Matt. 8:5-13) en Kanaänitiese vrou (Matt. 15:21-28) voorbeelde van nie-Jode wat Jesus bely. Verder word die Romeinse offisier aan die voet van die kruis (Matt. 27:54) en die groot sendingopdrag (Matt. 28:16-20) in die ondersoek betrek.

## **2.2 GEBOORTENARRATIEWE (MATT. 1:1-2:23)**

Reeds met die eerste sin openbaar die evangelie sy doel: Jesus is die Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham (Matt. 1:1). In Hom word die volle Messiasverwachting van die Ou Testament vervul. Die profete van die Ou Testament het ook geprofeteer dat daar 'n bepaalde verhouding tussen die Messias en die nasies sou wees. Die loot uit die stomp van Isai sal byvoorbeeld vir die volke 'n vaandel wees en die nasies sal na Hom vra (Jes. 11:1-10). Die geboortenarratiewe bied 'n voorskou op sowel die verhouding tussen die Messias en die Jood as die nie-Jood onderskeidelik: In hoofstukke 1-2 verwys die evangelis na twee groepe mense. Hulle is die Jode en die nie-Jode. Elkeen staan in 'n bepaalde verhouding tot die Kind. Omdat die geboortenarratiewe 'n tematiese voorspel tot die evangelie is (Viljoen, 2006:250), kan daar verwag word dat die bepaalde verhoudinge later in die evangelie

gehandhaaf sal word.

Wat presies is die verhouding tussen Jesus en die onderskeie groepe in die geboortenarratiewe? Dit is die doel van die ondersoek om die aard van hierdie verhouding te bepaal. Eerstens sal die Christologiese titels in die genealogie ondersoek word en daarna die persone in die geboortenarratiewe.

### **2.2.1 Christologiese titels in die geboortenarratiewe (Matt. 1:1)**

Die Christologiese titels openbaar Jesus as die verwagte Seun van Dawid, die seun van Abraham (Matt. 1:1). Deur Jesus as beide die Seun van Dawid en die seun van Abraham te openbaar, gee die evangelie reeds aan die begin 'n vooruitskouing na die kruisiging: Hauerwas (2006:27) wys op die wedersyds komplementêre funksie tussen die twee titels: Matteus vertel die verhaal van Een wat as 'n Koning gebore is, maar tog geoffer sou word. God het Abraham getoets deur hom te beveel om Isak te offer. Volgens Hauerwas begin Matteus met 'Seun van Dawid' sodat sy lesers sou weet dat Jesus 'n Koning was wat gekruisig sou word. Die evangelie wil leer dat Jesus se amp as Christus vervul sal word in sy Koningskap en sy offer. Eksegeties is dit belangrik om in ag te neem dat die titels dele van 'n geheel is, en daarom nie slegs losstaande van mekaar ondersoek behoort te word nie. Al drie Christologiese titels in Matt. 1:1 bring aan die lig dat verlossing ook vir die nie-Jood bestem is. Dit herinner aan die Messiaanse profesieë van die Geskrifte waarvolgens die nasies na die Messias sou vra (vgl. Jes. 11:10).

#### **2.2.1.1 Die Christus**

Reeds met die openingsin van die evangelie leer die evangelie sy lesers dít wat Petrus later sou bely (Matt. 16:16): Jesus is die verwagte Christus. In Hom word God se verbond met Dawid en Abraham vervul.

Die Griekse woord *Christos* beteken "die Gesalfde Een" (Liddel & Scott, 2004:790; Louw & Nida, 1988a:543). In sommige taalsisteme word gepoog om die betekenis van die woord weer te gee in die sin van 'n persoon van wie almal hulp en verlossing verwag (Louw & Nida, 1988a:543).

In Motyer (1996:753-754) se oorsigbespreking van die Messiasverwagting verduidelik hy aan die hand van Jes. 45 dat Kores 'n Messiaanse figuur is omdat hy deur God aangewys is (Jes. 41:25) om God se volk te verlos (Jes. 45:11-12) en om 'n oordeel oor sy vyande te voltrek (Jes. 47). Aan hom word ook heerskappy oor die nasies gegee (Jes. 45:1-3), en in al sy werk is God self die aktiewe party (Jes. 45:1-7). In Matteus wys die evangelis sestien keer daarop

dat Jesus die Christus is (Matt. 1:1, 16, 17, 18; 2:4; 11:2; 16:16, 20; 22:42; 23:10; 24:5, 23; 26:63, 68; 27:17, 22, Morris, 1992:19). Die Jode in die Matteusgemeenskap het die Messiaanse profesieë geken. Omdat 'n volledige bespreking van die Ou Testamentiese Messiasverwachting buite die fokus van hierdie studie val, kan daarmee volstaan word dat die Matteus-gemeenskap in Jesus die Regeerder van die volke sou sien (vgl. Jes. 45:1-7).

Dit is opmerklik dat die evangelis sy genealogie nie net met Jesus se titel as Christus open nie. Hy sluit die genealogie ook af met die Christus-titel (Matt. 1:17). Sodoende wil die evangelis waarskynlik leer dat die geboorte van Jesus 'n kritieke gebeurtenis in die heilsgeskiedenis van Israel is: As die genealogie gelees word, staan hoofgebeure in Israel se geskiedenis soos Abraham (Matt. 1:1), Dawid (Matt. 1:6) en die Babiloniese ballingskap (Matt. 1:11) uit. Net so word die geboorte van Jesus beklemtoon (Matt. 1:16). Matteus wil Jesus binne die geskiedenis van Israel plaas, en daarom staan hierdie gebeure uit (Harrington, 1991:30). Waarskynlik leer die evangelie dat Jesus Christus die volle vervulling van Israel se heilsgeskiedenis is. Dit vorm die kern waarbinne die hele evangelie verstaan moet word.

Soos gesien sal word, openbaar die geboortegeskiedenis (Matt. 1:18-2:23) 'n Joodse volk wat Jesus verwerp terwyl nie-Jode tot belydenis kom. Deur Jesus reeds aan die begin as die Christus te openbaar, leer die evangelie dat die Jode hulle eie Messias verwerp. Wanneer die Magiërs Hom as Koning van die Jode aanspreek en aan Hom hulde bewys, is dit nie-Jode wat die Messias van Israel bely. In hulle leer die evangelie dat die nasies inderdaad na die Messias vra soos wat Jes. 45:1-3 geprofeteer het.

### **2.2.1.2 Die Seun van Dawid**

Die Psalms skets 'n duidelike beeld van die Koning uit die stam van Dawid. Alhoewel die Psalm-verwysings ook op die Konings van hulle onmiddellike konteks van toepassing kan wees, word hulle volkome vervul in Jesus as die beloofde Seun van Dawid. Motyer (1996:755) som die beeld wat die Psalms van die Seun van Dawid skets soos volg op: Die Koning word teengestaan (Ps. 2:1-3, 110:1), maar tree as Oorwinnaar uit die stryd (Ps. 45:3-5, 89:22-23). Deur *Yahweh* (Ps. 2:6, 8, 18:46-50, 21:1-13, 110:1-2) het die Koning heerskappy oor die wêreld (Ps. 2:8-12, 18:43-45, 45:17, 72:8-11, 89:25, 110:5-6), wat gesetel is op Sion (Ps. 2:6). Hy word gekenmerk deur 'n primêre moraliteitsingesteldheid (Ps. 45:4, 6-7, 72:2-3, 7, 110, 101:1-8). Sy heerskappy is ewig (Ps. 21:4, 45:6, 72:5) en Sy Koninkryk is 'n Koninkryk van vrede (Ps. 72:7), florerend (Ps. 72:16) en getrou in eerbied vir *Yahweh* (Ps. 72:5), Hy is verhoog bo alle mense (Ps. 45:2, 7), die vriend van armes en vyand van die onderdrukker (Ps. 72:2-4, 12-14). Onder Hom gedy die regverdige (Ps. 72:7) en Hy word

ewig onthou (Ps. 45:17). Sy Naam staan ewig (Ps. 72:17) en aan Hom word vir altyd dank gebring (Ps. 72:15). Hy ontvang die ewigdurende seën van *Yahweh* (Ps. 45:2). Hy is die erfgenaam van die Dawidiese verbond (Ps. 89:28-37, 132:11-12) en is uit die priesterorde van Melgisedek (Ps. 110:4).<sup>1</sup> Hy behoort aan *Yahweh* (Ps. 89:18) en is getrou aan Hom (Ps. 21:1,7, 63:1-8,11). Hy is die Seun van *Yahweh* (Ps. 2:7, 89:27), sit aan sy regterhand (Ps. 110:1) en is self God (Ps. 45:6). Deur Jesus in Matt. 1:1 as die Seun van Dawid te openbaar, leer die evangelie dat die Dawidiese verbond in Jesus sy volle vervulling vind. Die Matteus-gemeenskap sou onder andere verstaan het dat Jesus deur God heerskappy oor die wêreld ontvang het (Ps. 2:8-12, 18:43-45, 45:17, 72:8-11, 89:25, 110:5-6).

Die Messias word in die Ou Testament ook beskryf as die loot uit die stomp van Isai of die Loot. In Jesaja 11:1-2 word geprofeteer dat 'n takkie uit die stomp van Isai sal uitspruit en dat die Gees van die Here op Hom sal rus. Volgens vers 4 sal Hy die goddeloses in die land hard oordeel en hulle met sy uitsprake vernietig. Vers 10 sê dat iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel sal wees vir die volke. Die nasies sal na Hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet. Vir Matteus is Jesus die Dawidiese Koning wat met die Heilige Gees gesalf is. Hy is die vaandel vir die volke en sy woonplek geniet hoë aansien. 'n Ondersoek van die geskiedenis van Jesus se geboorte bring aan die lig dat Jode die Seun van Dawid verwerp terwyl nie-Jode Hom bely. Die evangelie rig 'n harde waarskuwing aan die Jode: Die Seun van Dawid sal immers die goddeloses in die land hard oordeel (Jes. 11:4). Die nie-Jode wat Jesus bely, het 'n heerlike hoop: Die Seun van Dawid is immers 'n vaandel vir die volke (Jes. 11:10).

### **2.2.1.3 Seun van Abraham**

Huizenga (2008:106) skryf dat Jesus se titel as Seun van Abraham 'n Christologiese kategorie veronderstel gebaseer op die *Akedah* (offer) van Isak. God het reeds in Gen. 12:3 en 17:4-6 die seënbelofte aan Abraham gemaak. Wanneer Isak geoffer word, herhaal God hierdie belofte (Gen. 22:18). Dan is dit duidelik dat God die seënbelofte aan Abraham maak omdat hy gehoorsaam was (Gen. 22:18). Daar is dus twee sleutels wat Jesus se titel as seun van Abraham ontsluit: God se verbond met Abraham en die offer van Isak. Vervolgens dan: eerstens 'n bespreking van God se verbond met Abraham en daarna die offer van Isak.

---

<sup>1</sup> God het die priesterorde ingestel tydens die woestynomswerving van Israel. Slegs 'n persoon uit die stam van Levi kon priester wees. Lank tevore het Abraham egter vir Melgisedek teëgekom, wat Priester van God was, maar van wie daar nie gesê word dat hy priester volgens die priesterorde van Melgisedek was nie (Gen. 14:18-20). As die Messiaanse Koning volgens die priesterorde van Melgisedek priester is, is hy dus nie priester volgens die orde van die wetlike oorerwing nie. As dit in Jesus tot vervulling kom, beteken dit Jesus is nie Hoëpriester volgens die orde van Aäronitiese geslagslyn nie, maar deur die krag van onvernietigbare lewe (Heb. 5-7, 7:21), of soos MacArthur (2005:1853-1854) dit verklaar: Hy is Hoëpriester deur die krag van sy Godheid.

- **God se verbond met Abraham**

Dit moet beklemtoon word dat God 'n drieledige verbond met Abraham gehad het: Hy sou 'n groot nageslag hê, hulle sou die land Kanaän bewoon en in hom sou al die volke van die aarde geseën wees. 'n Eksegeet sou graag al drie aspekte van die verbond van naderby kon ondersoek, maar vir die doel en binne die omvang van hierdie studie word op slegs twee gekonsentreer: Die nasies wat in Abraham geseën word en die nageslag van Abraham.

- **Die nasies word in Abraham geseën**

God se verbond met Abraham word dikwels in verband gebring met sy gehoorsaamheid (Gen. 12:1-4, 17:17-19, 22:18). Die geloof van Abraham was dus 'n geloof wat gekenmerk is deur gehoorsaamheid: Sy gehoorsaamheid was egter nie volgens die Mosaïese wet nie. Wanneer God die verbond met Abraham aan Isak herhaal, sê Hy: “Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag geseën wees, want Abraham het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel: my geboorte, my voorskrifte en my wette.” (Gen. 26:4-5.) Op daardie tydstip het God egter nog nie die Mosaïese wet gegee nie. Gen. 12:1-4 leer egter dat God in selfopenbaring die seënbelofte aan Abraham gegee het; daarom het Abraham gehoorsaam weggetrek. Omdat God selfopenbarend die seënbelofte gegee het, het Abraham geglo (vgl. Matt. 16:17). Sy geloof het gehoorsaamheid as vrug gebring. As Abraham die ongeskrewe wet onderhou het (Jeremias, 1964:8), moet wetsonderhouding verstaan word as gehoorsaamheid wat gebore is uit geloof omdat God Homself geopenbaar. Dit is ook die beeld wat die Nuwe Testament van die geskiedenis van Abraham gee: Rom. 4:3-11 beskryf die geloof van Abraham as 'n geloof wat tot regverdigmaking lei. Gal. 3:8 openbaar dit as “the Gospel to Abraham beforehand” (MacArthur, 2005:30).

- **Abraham moet Isak offer**

Die grootste toets van Abraham se gehoorsaamheid, en dus van sy geloof, kom egter as God die opdrag gee dat hy sy enigste seun Isak moet offer (Gen. 22). Abraham is gehoorsaam – wanneer hy met die mes in sy hand staan, praat God met hom uit die hemel en keer hom. Nadat Abraham die plaasvervangende lam geoffer het, herhaal die Engel van die Here God se verbond met Abraham. Hy lê 'n eed by Homself af dat Hy Abraham se geslag so baie soos die sterre van die hemel en die sand van die see sal maak. Sy nageslag sal die stede van hulle vyande in besit neem. In Abraham sal al die nasies geseën word (Gen. 22:15-18). Dit sal gebeur omdat Abraham gehoorsaam was. As Abraham se gehoorsaamheid gebore is uit sy geloof (vgl. bogenoemde), kan gesê word dat die seënbelofte kom omdat Abraham geglo

het. Wanneer Abraham gehoorsaam is aan God se opdrag om Isak te offer, toon die Skrif op watter wyse en deur wie die vervulling van die seënbelofte sal plaasvind.

- **Eerstens: Op watter wyse sou die vervulling plaasvind?**

Dit is gesê dat die geloof van Abraham gekenmerk is deur gehoorsaamheid. Die hoogtepunt van sy gehoorsaamheid, en dus ook van sy geloof, is wanneer God sy gehoorsaamheid op die proef stel deur die opdrag om Isak te offer. Dit is juis vanweë Abraham se gehoorsaamheid wat die seënbelofte kom. Gen. 22:18 sê: “In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam.” Dit is in ooreenstemming met Gen. 18:17-18. Daarvolgens het God Abraham gekies om sy kinders en nageslag te beveel om op sy pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat God vir Abraham kan doen wat Hy hom beloop het. Wanneer God die seënbelofte herhaal wanneer Abraham sy seun Isak moet offer, mag die Skrif openbaar dat die seën kom deur die gehoorsaamheid van ’n offer. Deur aan Abraham die plaasvervangende offerram te gee (Gen. 22:13), openbaar die Skrif dat die offer wat die seën bring ’n plaasvervangende offer sou wees.

- **Tweedens: Deur Wie sou die seën kom?**

As dit die Engel van die Here is wat op die berg met Abraham praat, is dit God self wat praat (vgl. Gen. 22:11-12). God self sal Abraham se nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en die sand van die see. Sy nageslag sal in die stede van hulle vyande woon en in Abraham sal al die nasies van die aarde geseën wees. As God die seënbelofte herhaal in Gen. 22:15-18, is dit duidelik dat God self die aktiewe party sal wees wat die seën ’n realiteit sal laat word.

Uit die geskiedenis van Abraham is daar dus drie sleutels waarvolgens die seënbelofte aan Abraham tot vervulling sou kom: Gehoorsaamheid gedefinieer as geloof wat kom omdat God Homself openbaar, die offer en die verskyning van die Engel van die Here self.

Hoe moet Jesus se titel as Seun van Abraham dan in Matteus verstaan word? Om weer na die verklaring van Hauerwas (2006:27) te verwys: Jesus se titels as Seun van Dawid en seun van Abraham funksioneer komplementêr. Deur die titels in die openingsin te plaas (Matt. 1:1), openbaar die evangelie reeds aan die begin dat Jesus ’n Koning is wat aan die kruis sal sterf. As Seun van Abraham is Jesus die Een wat die seën vir die nasies bring as Hy Homself in volkome gehoorsaamheid offer.

Die titel Seun van Abraham roep ook die ware kinders van Abraham op. Die patriarg se ware

kinders openbaar dieselfde gehoorsaamheid as hulle voorvader (vgl. Matt. 3:7-12). Soos in die geval van die voorvader is sy kinders se gehoorsaamheid definieerbaar as geloof: Matt. 3:7-12 leer dat die ware kinders van Abraham soos koring na die skuur gebring word, omdat hulle die vrugte van bekering wys. Verder leer Matt. 8:10-11 dat geloof in Jesus toegang tot die feesmaal in die Koninkryk van die hemel gee. Geloof in Jesus is dus die ware vrug van bekering. Abraham se ware kinders is hulle wat geloof in Jesus openbaar. Omdat Abraham se ware kinders glo, word hulle soos koring na die skuur gebring (Matt. 3: 12), sal hulle saam met die voorvaders aan tafel gaan in die Koninkryk van die hemel (Matt. 8:10-11) en is hulle die nuwe volk aan wie die Koninkryk van die God gegee word (Matt. 21:43). Hulle het immers die belangrikste klip in die gebou bely deur hul geloof in Jesus (Matt. 21:42-44). Die skyn-kinderners word soos kaf met 'n onblusbare vuur verbrand (Matt. 3:12) en in die diepste duisternis daarbuite gegooi waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners (Matt. 8:12). Dat hulle die belangrikste klip in die gebou afgekeur het, is 'n bewys van hulle ongeloof. Van hulle word die Koninkryk van God weggeneem juis omdat hulle nie die vrug daarvan gedra het nie (Matt. 21:43). Gevolglik word Jesus vir hulle 'n klip wat hulle vermorsel (Matt. 21:44).

Die titel Seun van Abraham openbaar Jesus dus ook as die Verbondsgod van Abraham wat deur sy volmaakte gehoorsaamheid – wanneer Hy Homself offer – die seën vir die nasies bring. Die groot nageslag van Abraham is hulle wat deur geloof in Jesus deel kry aan die Koninkryk van die hemel. Die skyn-kinderners is hulle wat deur hul skyn-geloof of ongeloof in die diepste duisternis daarbuite gegooi word.

'n Verwysing na die geskiedenis van Jesus se geboorte is nodig. Wanneer die geboortenarratiewe ondersoek word, is dit duidelik dat Jode die Seun van Abraham verwerp terwyl nie-Jode Hom bely. As Seun van Abraham bring Hy die seën as Hy Homself offer. Die ware kinders van Abraham is hulle wat deur geloof in Hom die seën ontvang. In hulle belydenis van Hom is dit dus die nie-Jood wat ook deel vorm van Abraham se ware nageslag en die seën ontvang. Die evangelie rig ook 'n duidelike waarskuwing aan die Jode wat Jesus verwerp: Omdat hulle Jesus verwerp, is hulle nie waarlik kinders van Abraham nie en het hulle nie deel aan die seëning wat God aan die voorvader en sy nageslag toegesê het nie.

### **2.2.2 Persone in die geboortenarratiewe**

Wanneer die geboortenarratiewe gelees word, val die name van nie-Jode dadelik op: Hier tref 'n leser die nie-Joodse Tamar (Matt. 1:3), Ragab (Matt. 1:5), Rut (Matt. 1:5), die vrou van Uria (Matt. 1:6) en die Magiërs uit die ooste aan. Implisiet teenoor hulle word die Jode genoem: Ook Josef en Herodes word in die geboorteverhaal ingesluit. Trouens, die meeste persone in die genealogie is van Israelitiese afkoms. Beide Jood en nie-Jood het elk 'n bepaalde

beskouing oor Jesus, en omdat die geboortenarratiewe 'n voorbereidingsfunksie het, is hulle prototipes van die Jood en nie-Jood wat later in die evangelie aangetref word. Vervolgens 'n bespreking van die Jode en nie-Jode binne die geboortenarratiewe.

### **2.2.2.1 Vroue in die genealogie (Matt. 1:1-17)**

Matteus begin sy genealogie deur na Jesus te verwys as die seun van Dawid en die seun van Abraham. Dit plaas Jesus bevestigend in die voortgaande geskiedenis van Israel as die Messias van Israel (Viljoen, 2006:250). Tog is Hy nie slegs Messias van Israel is nie, maar ook van die ganse mensdom. Hy is immers nie net die Seun van Dawid nie, maar ook die Seun van Abraham wat die vader van die bekeerlinge was (Viljoen, 2006:251). Wanneer Matteus die name van vier vroue noem, is dit nie die matriarge Sara, Rebekka en Ragel nie (Luz, 1989:109), maar Tamar, Ragab, Rut en die vrou van Uria. Hulle word waarskynlik ingesluit vanweë hulle nie-Joodse agtergrond, maar nie alle navorsers stem daarmee saam nie. Vir sommige word hul sondige verlede in herinnering geroep met die doel om God se genade aan sondaars te wys (Hieronimus, soos geïnterpreteer deur Hutchison, 2001:154). Ander sien weer in die vroue 'n onreëlmatigheid in die Dawidiese genealogie wat oorkom word as God hulle erken as moeders van Dawid se nageslag. Dit is dan ook deur hierdie onreëlmatigheid waardeur die dade van God en sy Gees manifesteer (Stendahl, 1995:74). Die twee interpretasies verskil van mekaar. Waar die eerste interpretasie fokus op die sondes in die vroue se verlede, fokus die tweede interpretasie op die skandalige omstandighede van elke vrou wat inisiatief geneem het of 'n belangrike rol in God se plan gespeel het (Hutchison, 2001:155). Dit sou veronderstel dat Matteus aan sy lesers wil leer dat hulle hulleself nie verhewe bo die nasies moet beskou nie: Hulle het 'n sondige voorgeskiedenis en daarom het hulle 'n Messias nodig (Viljoen, 2010: mededeling aan student).

Terwyl 'n enkele verstaansmoontlikheid nie bepleit moet word nie, is die fokus van hierdie gedeelte van die studie op die vroue as nie-Jode. Tamar was 'n Arameër, Ragab 'n Kanaäniet en Rut 'n Moabiet. Na Batseba word verwys as "die vrou van Uria" en waarskynlik wil Matteus eerder die aandag op Uria vestig. Batseba was 'n Israeliet – haar pa was Eliam (2 Sam. 11:3), wat weer die seun was van Dawid se raadgewer Agitofel uit Gilo (2 Sam. 15:12, 23:34; MacArthur, 2005:366). Gilo was in die bergstreke van Juda (Wigoder, 2005:368), dus was Batseba se oupa waarskynlik 'n Israeliet en Batseba deur hom. As die evangelie haar naam uitlaat en dié van haar man beklemtoon, is dit om Uria se geloof te beklemtoon (Hutchison, 2001:153). Uria was 'n Hetiet (1 Sam. 11:11). Dit mag ook wees dat Matteus die sonde van Dawid in herinnering roep (Davies & Allison, 2004:7). As Matteus Uria se geloof en Dawid se sonde teenoor mekaar stel, berei hy sy lesers voor op die latere stryd tussen die ongeloof van die Joodse leiers en die geregtigheid van die nie-Jode.



Matteus sluit hierdie persone by die geslagslyn in om te toon dat die verlossing wat in die Christus sou aanbreek ook vir die nie-Jood bestem was (Viljoen, 2006:251). Soos wat die nie-Jood deel is van Jesus se stamboom, so is hulle deel van sy toekoms (Maloney, 2007:20). Hierdie hooftema word reeds in die openingstekes aangedui (Luz, 1989:110).

### **2.2.2.2 Die volk van God (Matt. 1:21)**

Die engel van die Here gee Josef die opdrag om die Seun Jesus te noem, “want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Matt. 1:21). Oor die presiese betekenis van die woord volk (*laos*) heers daar nie eenstemmigheid nie.

Die woord *laos* het vier moontlike betekenis (Louw & Nida, 1988b:151): 'n Volk, die volk van God, skares, of die gewone mense in die gemeenskap. Matt. 1:21 verwys waarskynlik nie na die skares of die gewone mense in die gemeenskap nie. Dus is die vraag: Verwys Matteus na 'n volk (Israel), of verwys hy na die volk van God?

- **Laos as volk**

'n Volk is die grootste eenheid waarbinne mense as sosio-politiese gemeenskap verdeel kan word (Louw & Nida, 1988a:130); as Matteus na 'n volk verwys, verwys hy dus na Israel as etniese groepering. Nolland (2005:98-99) meen dat daar in Matt. 1:21 na die historiese volk van God verwys word, maar dat die historiese volk algaande die verlossing in Hom verwerp. Daarom word die verlossing ook oopgestel vir hulle wat buite die historiese volk van God gestaan het (vgl. France, 2007:53). Die ware volk van God word dus nie deur etnisiteit bepaal nie, maar deur hulle belydenis van Jesus as Christus.

Waarskynlik verwys *laos* in Matt. 1:21 nie na Israel as etniese groepering nie. As Matt. 1:21 met Matt. 26:28 vergelyk word, gee die woord “baie” (*pollon*) 'n universele perspektief op die volk van God. Die woord “*laos*” word beter verklaar met *volk van God* as referent.

- **Laos as volk van God**

Volgens Louw en Nida (1988a:123) verwys “*laos*” as volk van God na die mense wat aan God behoort – Jood of nie-Jood. Hulle haal Hand. 3:22-23 aan om die stelling te motiveer: “Moses het immers gesê: 'Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam hom in alles wat Hy vir julle sal sê. Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van sy volk afgesny word.’” Die frase *volk van God* kan in sommige taalsisteme weergegee word as *die mense wat aan God behoort*, maar in die meeste tale moet die verhouding tussen God en die mense uitgedruk word in terme van

eerbied of aanbidding (Louw & Nida, 1988a:123). Dit sou dus vertaal kon word as *die mense wat God aanbid* of *die mense wat God eerbiedig* (Louw & Nida, 1988a:123). Dit is in ooreenstemming met Eks. 19:5-6. Net voordat God sy wet op die Sinaiberg gee, sê Hy aan Moses: “As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n Koninkryk wat My as priesters dien, en ’n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.” Hierdie volk van God is die kerk wat uit beide Jood en nie-Jood bestaan, die Koninkryk ontvang en die vrugte daarvan lewer (Davies & Allison, 1988:210).

Waarskynlik verwys die woord *laos* na die volk van God, of meer spesifiek hulle wat God gehoorsaam, Hom aanbid en Hom eer. Uit Eks. 19:5-6 blyk dit dat die hele aarde reeds aan God behoort, maar dat slegs hulle wat gehoorsaam is werklik as sy volk geag kan word. Wanneer die engel sê dat Jesus die volk van hulle sondes sal verlos, word veronderstel dat Hy die Redder is van hulle wat in gehoorsaamheid God aanbid.

Uit die Matteus-evangelie blyk dit egter dikwels dat die meerderheid Jode dikwels nie tot die gehoorsaamheid, aanbidding en eer kom waartoe hulle geroep is nie, soos wat later meer volledig bespreek sal word (vgl. Matt. 13:14-15 en 15:8-9). Sommige Jode kom wel tot aanbidding (onder andere die dissipels, Maria en Josef) en dié sal deel wees van God se volk, maar die meerderheid het deur hul ongeloof en ongehoorsaamheid nie hulle roeping vervul nie. Daar is reeds verwys na Hand. 3:22-23 waarvolgens Jesus die Profeet soos Moses is wat na vore sou kom. Volgens Deut. 18:19 sou God self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan die woorde wat die Profeet in God se naam sê nie.

### **2.2.2.3 Die Magiërs (Matt. 2:1-12)**

Die Magiërs uit die ooste het verskeie belangrike funksies in die geboortenarratiewe. Vir die doel van die studie word hulle bestudeer om vas te stel hoe Jesus se verhouding met nie-Jode in hulle vooruitgeskou word.

Met die geboorteaankondiging word Josef geskets as ’n Jood wat gehoorsaam was aan die wet van Moses. Hy is dus die prototipe van die Jood wat in gehoorsaamheid aan God lewe. Teenoor hom is Herodes “en die hele Jerusalem saam met hom” (Matt. 2:3) die prototipes van Jode wat Jesus in ongeloof sou verwerp. Jesus se titel as Christus word gebruik wanneer Herodes by die priesterhoofde en skrifgeleerdes vasstel waar Jesus gebore sou word (Matt. 2:4). Herodes is ten volle bewus van Jesus se ware identiteit, maar beplan steeds sy dood (Versteeg, 1980:26). Hy staan egter nie alleen nie. Die hele Jerusalem is saam met hom ontsteld. Dit is ironies. Histories is dit algemeen bekend dat Herodes baie ongewild was by die Jode en daarom was die Jode veronderstel om bly te wees oor die geboorte van die

Messias (Viljoen, 2006:254).

Wat opvallend is, is die oënskynlike ooreenkoms tussen die woorde en daede van die Magiërs en Herodes in Matt. 2:2 en Matt. 2:4. Herodes se woorde en daede kry egter 'n ironiese verwringing: Die Magiërs doen navraag oor waar Jesus gebore sou word, en so ook Herodes (Matt. 2:2-8). Die verskil is dat die Magiërs navraag doen omdat hulle hulde (*proskuneo*) aan die Koning van die Jode wil bring, maar Herodes het waarskynlik reeds besluit om die Christus dood te maak. Die Magiërs bely Jesus as die Koning van die Jode en Herodes was wel deeglik bewus van die feit dat Hy die Christus<sup>2</sup> is (Matt. 2:2, 4). Maar waar die Magiërs se belydenis tot aanbidding lei, is Jesus se titel as Christus vir Herodes 'n bedreiging. Beide die Magiërs en Herodes sê hulle wil aan Jesus hulde bewys (Matt. 2:2, 8), maar die Magiërs is opreg terwyl Herodes se navraag bloot 'n voorwendsel is van opregte belangstelling. Opsommend kan gesê word dat die Magiërs bely en aanbid (*proskuneo*), terwyl die woorde in die mond van Herodes 'n dekmantel is vir sy gevoel van bedreiging en sy voorneme om die Christus dood te maak. Deur kontrasterende ironie as styltegniek te gebruik, word die verskil tussen die Magiërs en Herodes beklemtoon.

Soos Herodes verwerp ook die Skrifgeleerdes en priesterhoofde Jesus. Wanneer Herodes by hulle navraag doen oor waar die Christus gebore sou word, antwoord hulle deur na Miga 5:1 te verwys. Daarvolgens is Betlehem, gebied van Juda, beslis nie die kleinste onder die families van Juda nie: "Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees." Die Jode ken dus die Messiaanse profesieë maar glo dit nie (Versteeg, 1980:26). Wanneer dit vervul word, staan hulle onverskillig daarteenoor. Hulle laai dus die skuld op hulleself. Daar moet gevra word of die woord *laos* in hierdie geval na die kerk of na die Jode verwys. Waarskynlik verwys Matteus na hulle wat God aanbid, maar dan met ironie. Die Jode is veronderstel om God se volk te wees wat hom aanbid, maar hulle bly apaties totdat hulle ongelowig teenoor hul eie vervullingsuitspraak indirekte medewerkers van Herodes word (Viljoen, 2006:254-255).

Teenoor Herodes en die Joodse Raad staan die nie-Joodse Magiërs. Dit is opmerklik dat die geboorte van die Messias ook aan die nie-Jode aangekondig word as hulle die ster sien. Soos Van der Walt (2006:132) skryf:

---

<sup>2</sup> Sommige navorsers mag van mening wees dat Jesus se titel as Christus in Matt. 2:4 'n latere insetsel van Matteus was, en dat dit nie Herodes se werklike beskouing van Hom was nie. As dit die geval was, sou Herodes nie hewig onsteld gewees het oor die geboorte van Jesus nie. Hy sou ook nie spesifiek die priesterhoofde en Skrifgeleerdes genader het in sy navraag oor die geboortedorp van Jesus nie. Laastens sou hy ook nie oorgegaan het tot die kindermoord nie. As die evangelis die titel in 2:4 gebruik, gee hy Herodes se werklike beskouing weer.

Hulle kom waarskynlik uit Mesopotamië, miskien van Babilon af. Dit was lank die setel van heidense wêreldmoonhdede: Eers die Assiriese en later die Babiloniese ryk. Hulle leërs het Joodse stede en dorpe verwoes en die Joodse volk in Ballingskap weggevoer. Maar nou kom daar as gevolg van hemelse openbaring mense uit hierdie gebied om hulde te bring aan Jesus.

Die enigste direkte woorde van die Magiërs wys dat hulle twee dinge doen wat van die Jode verwag word (vgl. Derret, 1975:103). Eerstens bely hulle dat Jesus die Koning van die Jode is (Matt. 2:2). Tweedens sê hulle dat hulle gekom het om aan Hom hulde te bewys. Daar word dus reeds aan die begin van die narratief vertel van die nie-Jood wat tot belydenis en aanbidding kom. Die ware volk van God is hulle wat Hom aanbid, dus is die nie-Jode volledig deel van God se volk. Intrinsiek rig die evangelie 'n waarskuwing aan die Jode: Dit wat van hulle verwag word, doen vreemdelinge (Derret, 1975:103). Omdat die geboortenarratiewe 'n voorbereidingsfunksie het, sal dieselfde later in die evangelie gebeur. Tog moet die klassifikasie nie te onbuigsam toegepas word nie: Die gehoorsame Josef is immers ook 'n voorskou van die Jode wat wel tot belydenis sou kom. Maar as die hele Jerusalem saam met Herodes ontsteld is oor die geboorte van die Messias, skets Matteus 'n tafereel van die meerderheid Jode wat Jesus verwerp (Viljoen, 2006:254). Daar kan dus gesê word dat die optrede van die Magiërs 'n voorspel is van nie-Jode wat tot aanbidding kom, terwyl 'n groot deel van die Joodse bevolking hul eie Messias verwerp.

### **2.3 DIE ROMEINSE OFFISIER (MATT. 8:5-13)**

Matteus plaas die genesing van die Romeinse offisier se slaaf as deel van 'n groep wonderwerke in hoofstukke 8-9. As voorafgaande perikoop bied die bergrede (Matt. 5-7) 'n sleutel om die wonders (Matt. 8-9) mee te ontsluit. In Matt. 5:20 waarsku Jesus: "As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as die van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die Koninkryk van die hemel ingaan nie." In Matt. 8:10-13 word dit juis duidelik dat nie-Jode op grond van hulle geloof in Jesus die Koninkryk van die hemel sal ingaan. Die meerderheid Jode sou 'n gebrek daaraan hê en as gevolg daarvan in die diepste duisternis daarbuite gegooi word. Geloof in Jesus is dus die groter getrouheid aan die wet wat toegang tot die Koninkryk van die hemel gee. Baie nie-Jode sou dus die dieper geregtigheid openbaar terwyl die meerderheid Jode die getrouheid van die skrifgeleerdes en Fariseërs sou navolg.

Die wonders self word opgevolg deur die uitsendingsrede. Wonders het die koms van die Koninkryk aangekondig (Matt. 10:1, 7-8), en was ook tekens dat Jesus die verwagte Messias is (Matt. 11:1-6). In sy wonders verkondig Jesus dus die koms van die Koninkryk in Homself

as die Messias. As die evangelie wonders (Matt. 8-9) voor die uitsendingsrede (Matt. 10) plaas, is die koms van die Koninkryk in Jesus as Christus die fondament waarop die sending as sodanig berus. Die genesing van die Romeinse offisier se slaaf mag dus iets leer oor die koms van die Koninkryk in Jesus as basis vir die sendingsrede.

### **2.3.1 Jesus se terugkeer na Kapernaum (Matt. 8:5)**

Die geskiedenis open met 'n beskrywing van Jesus wat na sy bedieningsbasis in Kapernaum terugkeer (Morris, 1992:191). Daar vra 'n Romeinse offisier wat gehoor het van Jesus se wonderdade Hom hulp om sy verlamde slaaf gesond te maak (France, 2007:311). Die offisier was waarskynlik in bevel oor honderd soldate (MacArthur, 2005:1136), dus was hy 'n *hekatontarges*. Anders as Lukas, verkort Matteus die narratief deur die Joodse tussenpartye weg te laat en so verseker hy dat die aandag gevestig bly op direkte kontak tussen die nie-Jood en Jesus (France, 2007:311; Hagner, 1993:202; Morris, 1992:191).

### **2.3.2 Die offisier se belydenis van Jesus (Matt. 8:6-10)**

Matteus gebruik die woord *pais* in die beskrywing van die gebeure wanneer die offisier na Jesus kom. Dit kan óf na 'n slaaf óf na 'n kind verwys, maar die Nuwe Testament gebruik die woord meestal in die eersgenoemde betekenis en daarom verklaar France (2007:312) asook Davies en Allison (1991:21) dit as sodanig.

As die offisier Jesus vra om sy slaaf gesond te maak, spreek hy Hom aan as *Kurios*. Die titel kan nie net as 'n blote beleefdheidsvorm beskou word nie: Die offisier was immers afkomstig van die besetters van Judea terwyl Jesus vir die menslike oog soos 'n onbelangrike lid van die onderworpenes moes lyk (France, 2007:312). □ Die titel beteken “one who exercises supernatural authority over mankind”. Dit is “Lord, Ruler, One who commands” (Louw & Nida, 1988a:139). Dit is dus 'n kompakte belydenis van Jesus se gesag. Deur die titel in vers 8 te herhaal beklemtoon die evangelie dit. So word die Christologie van die teks al meer duidelik: Jesus is die Een wat Goddelike gesag oor die mensdom het.

Jesus reageer op die offisier se versoek deur te sê dat Hy die slaaf sal kom gesond maak. Sommige kommentators stel dat Jesus se woorde in Matt. 8:7 – “En Jesus antwoord hom: 'Ek sal hom kom gesond maak’” – ook as 'n vraag geïnterpreteer kan word (Davies & Allison, 1991:22; Hagner, 1993:204; Keener, 1999:266). Dan sal die woorde lui: “Sal Ek hom kom gesond maak?” Ander beskou dit steeds as 'n stelling (Morris, 1992:192). Davies en Allison (1991:22) lig die implikasies uit wat die onderskeie beskouings van vers 7 het vir die betekenis van vers 8: Indien vers 7 as 'n vraag verstaan word, is vers 8 'n verduideliking van

die offisier se versoek en bewys van sy geloof: Dit is nie nodig dat Jesus in sy huis inkom nie; Hy kan slegs 'n woord spreek. As vers 7 as 'n stelling gesien word, is vers 8 'n uitdrukking van verbasing of dankbaarheid: Al is Jesus gewillig om in die offisier se huis in te gaan, is dit nie vir Hom nodig nie; Hy kan net die woord spreek. France (2007:313) stel dat die meeste kommentators Jesus se woorde as 'n vraag beskou, omdat *ego* emfaties is.

Eksegeties beskou is dit belangrik om te vra hoekom die offisier sê dat hy nie werd is dat Jesus onder sy dak inkom nie. Enersyds was dit algemeen onder Jode om nie in die huise van nie-Jode in te gaan nie; die offisier kon homself dus as onwaardig beskou het as gevolg van sy nie-Joodse status (Keener, 1999:267). Tog suggereer die perikoop 'n ander verklaring: Die offisier verneder homself voor Jesus omdat Jesus as Here die Een met die gesag is. Wanneer die offisier sê dat hy nie werd is dat Jesus in sy huis ingaan nie, begin hy sy woorde deur Jesus 'n tweede keer as Here aan te spreek. Uit vers 6 sal onthou word dat die titel dui op Jesus se gesag as God. Tweedens kan Jesus net 'n woord sê en die slaaf sal gesond word. Derdens gaan die offisier voort om Jesus as die Heerser te bely deur 'n vergelyking te tref tussen sy eie gesag oor soldate en slawe, en Jesus se gesag oor die ganse mensdom. As die offisier dit nie werd is dat Jesus onder sy dak inkom nie, is dit omdat Jesus God is wat gesag oor die ganse mensdom het.

Matt. 8:9 blyk die eksplisiete belydenis te wees van wat reeds geïmpliseer is met die titel *Kurios*. Die offisier is self 'n man wat onder gesag (*eksousia*) staan. Die woord *eksousia* beteken “gesag om te heers, regsgebied, simbool van gesag, heerser, mag, krag, reg om te oordeel, bonatuurlike krag” (Louw & Nida, 1988b:92).

As die offisier sê dat hy self 'n man is wat onder gesag staan en dat hy soldate onder hom het, tref hy 'n vergelyking tussen sy eie gesag en dié van Jesus. Omdat die offisier gesag het, gehoorsaam sy soldate as hy beveel. Self is hy ook iemand wat onder gesag staan, en omdat sy bevelvoerders gesag oor hom het, gehoorsaam hy hulle. So is dit ook met Jesus: Omdat Jesus die gesag het, gehoorsaam sy ondergeskiktes as Hy die bevel gee. Om 'n Christologiese basis in die frase ““Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan...”” te vind, sou nie wys wees nie; die kern van die perikoop is immers in die uitreiking van bevel en nie in die hiërargiese status van Jesus en sy ondergeskikte offisier nie (France, 2007:315). Davies en Allison (1991:23) som dit soos volg op: “The implicit logic is from the lesser to the greater: If the centurion, a man under authority, can command power with a word, how much more Jesus, who is under no earthly authority at all.” 'n Nie-Jood bely Jesus se gesag.

### 2.3.3 Geloof wat toegang tot die Koninkryk van die hemel gee (Matt. 8:10-12)

Jesus se reaksie is een van verwondering. Dan vervolg Matteus met een van sy formulefrases wat so eie aan sy evangelie is: “Dit verseker (*amen*) Ek julle.” (Matt. 8:10.) Dit is die eerste van twee formulefrases wat Jesus in een gespreksbeurt gebruik. Die woord *amen* kan geïnterpreteer word as ’n sterk bevestiging van wat verklaar word (Louw & Nida, 1988a:673). Jesus het nog by niemand in Israel so ’n groot geloof teëgekome nie, en die woord *amen* bevestig dit met sekerheid.

As gestel word dat Jesus nog by niemand in Israel so ’n groot geloof teëgekome het nie, tref die evangelie ’n beknopte onderskeid tussen die geloof van ’n nie-Jood en die ongeloof van Jode (vgl. Hagner, 1993:203). Hy rig die woorde nie aan die Romein nie, maar aan die Jode wat agter Hom aangekom het (Davies & Allison, 1991:24). Die woord *pistis* word gebruik wanneer Jesus sê dat Hy nog by niemand in Israel so ’n groot geloof teëgekome het nie. As die offisier Jesus se gesag (*eksousia*) bely, beskou Jesus dit as ’n belydenis van die Romeinse geloof. Die Jode wat nie geloof het nie kom nie tot hierdie belydenis nie.

Geloof of gebrek daaraan hou gevolge in vir die onderskeie partye. Dit sit Jesus in die tweede formulefrase en die meegaande beeld van die feesmaal in die Koninkryk van die hemel uiteen. Wat presies is die implikasies? Hulle wat geloof in Jesus as Messias het gaan die Koninkryk van die hemel binne, maar die wat nie tot geloof kom nie word in die diepste duisternis daarbuite gegooi. Die evangelie hou dit soos volg voor:

Waar Jesus in die eerste formulefrase die woord *amen* gebruik, gebruik Hy in die tweede formulefrase die woord *lego* (v. 11). Die woord *lego* kan op vyf moontlike maniere verklaar word: *praat, roep, noem, beteken, impliseer* (Louw & Nida, 1988b:151). Matteus het waarskynlik die laaste betekenis in gedagte. Meer spesifiek kan *lego* dus verklaar word as *om iets te sê om daardeur die implikasies of bedoeling meer volledig te verduidelik – om te bedoel, om te impliseer*. “to say something in order to explain more fully the implications or intent of what has been said – to mean, to imply” (Louw & Nida, 1988a:404). Jesus wil die omstanders dus iets leer, meer spesifiek: Hy wil die implikasies van dit wat gesê is openbaar.

Die implikasies word geopenbaar in hulle wat van die ooste en die weste af kom en hulle wat in die diepste duisternis daarbuite gegooi word. Waarskynlik is hulle wat van die ooste en weste af kom nie-Jode. Volgens Davies en Allison (1991:27) is dit nie so duidelik uit die teks afleibaar nie. Vir hulle is verse 11-12 eerder ’n vergelyking tussen die gelowige en ongelowige Jode. Tog is die voorafgaande Matteus-konteks (Matt. 8:5-9) die van ’n nie-Jood wat Jesus as die verwagte Messias beskou. Verder het Jesus pas die stelling gemaak dat Hy

nog by niemand in Israel so 'n groot geloof soos die van die Romein teëgekome het nie. As hulle wat van die ooste en die weste af kom gelowige en nie-gelowige Jode is, is Jesus se vergelyking tussen die geloof van die Romein en Israel moeilik verklaarbaar. Waarskynlik het Matteus die koms van die gelowige nie-Jode in die oog.

Dit wil voorkom asof Jesus die geloof van die Romein en die deelname van nie-Jode aan die fees in die Koninkryk van die hemel met mekaar in verband bring. As gevolg van sy geloof kry die Romeinse offisier deel aan die Koninkryk van die hemel. Hy word dan ook 'n verwysingspunt vir baie nie-Jode: Soos wat die offisier se geloof hom deel laat kry aan die Koninkryk van die hemel, so sal baie nie-Jode die geloof bely en deel hê aan die Messiaanse fees in die Koninkryk van die hemel.

Dit sal onthou word dat Jesus 'n vergelyking tussen die Jode en nie-Jode getref het toe Hy gesê het dat Hy nog by niemand in Israel so 'n groot geloof soos die van die Romein teëgekome het nie. Nie-Jode kom tot geloof, maar die Jode verwerp Jesus. As Jesus die beeld van die fees in die Koninkryk van die hemel gebruik, is Hy weer besig om nie-Jode en Israel te vergelyk: Baie nie-Jode sal van die ooste en die weste af kom en deel hê aan die Koninkryk van die hemel. Daarteenoor sal *mense vir wie die koninkryk van die hemel bedoel is* in die diepste duisternis daarbuite gegooi word waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners. Die seuns van die Koninkryk verwys na etniese Israel. Jesus het reeds implisiet duidelik gemaak dat Israel nie geloof het nie, en hulle verwerping van Jesus as die Christus lei tot hul oordeel.

Die Romeinse offisier se belydenis van Jesus se gesag was terselfdetyd 'n belydenis van geloof. Vir hom is Jesus die Een met gesag oor die mensdom. Jesus reageer op sy geloof deur te sê dat baie nie-Jode deel sal kry aan die Koninkryk van die hemel. Dit wil dus voorkom asof Matteus wil leer dat baie nie-Jode deel sal kry aan die Koninkryk van die hemel omdat hulle in geloof Jesus as die Een met die gesag beskou. Teenoor hulle staan die Jode wat nie tot geloof kom nie. Die gevolg van hul ongeloof is dat hulle uit die Koninkryk van die hemel in die diepste duisternis daarbuite gegooi word.

#### **2.3.4 Die genesing as “gelykenis in aksie”**

Matteus het sy narratief as wondergenesing begin, maar in verse 10-12 het hy dit na 'n lering verander (Hagner, 1993:202). In vers 13 keer die narratief terug na die genesing. Jesus sê vir die offisier om terug te gaan, en dat dit wat hy geglo het, sal gebeur.

Matt. 8:13 moet gesien word as 'n afsluiting van beide die offisier se belydenis en Jesus se



Koninkrykslering. Die sleutel om die wonder te verstaan lê dus beide in die offisier se belydenis en Jesus se woorde. Die basisvorm *pist* (v. 10, 13) is baie belangrik aangesien dit die woorde van Jesus omraam (Luz, 2001:8). Dit funksioneer parallel met *eksousia*, wanneer die offisier praat: Die woorde van Jesus word omraam deur *pist* (Luz, 2001:8). Telkens wanneer die offisier aan die woord is, begin hy met Jesus se titel as Here (*Kurios*, v. 6,8) en sy spreekbeurt word afgesluit met 'n uitgebreide belydenis van Jesus se gesag (*eksousia*, v. 9). Dus omraam Jesus se gesag die woorde van die offisier soos wat geloof die woorde van Jesus omring. Die twee sleutels om die genesing van die offisier se slaaf te verstaan is dus *eksousia* en *pist*. Deur hulle geloof in Jesus as die Een met gesag breek die Koninkryk ook vir die nie-Jood aan.

Wonders kan ook gedefinieer word as “gelykenisse in aksie”: Soos wat Jesus in gelykenisse geleer het deur te praat, leer Hy in wonders deur te doen (Van der Walt, 2006:195). As Jesus die slaaf genees, leer die evangelie dat die belydenis van die offisier en lering van Jesus werklikheid word. Dit gee 'n vooruitskouing op die Koninkryk wat ook vir die nie-Jood aanbreek.

Om saam te vat: Matteus plaas die perikoop binne 'n groep wonders. Die wonders is op hulle beurt geplaas net na die bergrede. In die bergrede sê Jesus dat wetsgetrouheid groter as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nodig is om die Koninkryk in te gaan (Matt. 5:20). In die Romeinse offisier leer Jesus dat geloof in Hom as God Almagtig toegang tot die Koninkryk van die hemel gee (Matt. 8:10-13). Geloof is dus die groter getrouheid aan die wet wat Jesus beveel. Binne die perikoop is dit opmerklik 'n nie-Jood wie se getrouheid aan die wet meer inhou as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Daarom word hy 'n vooruitskouing van nie-Jode wat die Koninkryk sal erf. Matteus rig ook 'n waarskuwing aan die Jode wat Jesus verwerp: Hulle volg die wetsgetrouheid van die skrifgeleerdes en Fariseërs na, dus lei hulle gebrek aan geloof daartoe dat hulle in die diepste duisternis daarbuite gegooi sal word. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

Die wonders in Matt. 8 en 9 vorm die basis vir die uitsendingsrede: Die Koninkryk van die hemel kom in die Persoon van Jesus en geloof in Hom gee deelname aan die feesmaal. Hierdie boodskap moet verkondig word. Dit is so dat die wonders hoofsaaklik gerig is op die Jode (vgl. Luz, 2001:11) en dat Jesus opdrag gee om “liewer na die verlore skape van die volk Israel” toe te gaan en aan hulle die koms van die Koninkryk te verkondig (Matt. 10:5b-6). Maar Matt. 10:32-33 kan gesien word as die doeluiteensetting van die sendingsrede: Jesus spreek Hom voor die Vader uit vir hulle wat hulleself voor die mense vir Hom uitspreek. Die wat Hom voor die mense verloën, sal self verloën word. Die dissipels word dus na Israel gestuur sodat hulle tot belydenis van die Messias kan kom. Die Romeinse offisier het reeds

tot hierdie belydenis gekom. In die geloof van die Romeinse offisier vind Jesus se opdrag – “Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe” (Matt. 10:7) – ’n vooruitskouing na “Gaan dan na al die nasies toe” (Matt. 28:19).

## **2.4 DIE KANAÄNITIESE VROU (MATT. 15:21-28)**

### **2.4.1 Vrae na die plek, aard en betekenis van die perikoop**

Talle navorsers wat die Kanaänitiese vrou in Matteus bestudeer, is van mening dat die evangelie nie akkommoderend teenoor nie-Jode is nie. Dit is Jesus se skynbaar harde en onsimptieke reaksie teenoor hierdie vrou wat hulle tot hierdie gevolgtrekking laat kom. Eers antwoord Jesus haar nie, dan sê Hy dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is en dan beledig Hy haar oënskynlik deur haar met ’n hond te vergelyk (Lee & Viljoen, 2009:89). Sommige kommentators sien dit as ’n bevestiging van die nie-Jode se ondergeskikte posisie in die heilsgeskiedenis. Nolland (2005:635) skryf dat as Jode binne Bybelse literatuur nie-Jode beskou het as ontvangers van God se dae, hulle beskou is as ontvangers wat eerder op die rand van die sirkel gestaan het as in die middelpunt daarvan. Volgens hom verander Jesus nie hierdie beskouing van nie-Jode nie, maar behandel hierdie spesifieke vrou op ’n unieke manier (Nolland, 2005:636). Met verwysing na Jesus se woorde dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur is, skryf Hagner (1995:441-442) dat Jesus se sending na Israel ’n saak is van God se getrouheid aan Israel en dat hierdie ’n belangrike argument bly in die debat tussen Jesus-volgelingen en die sinagoge. Davies & Allison (1991:541) sien die gesprek tussen Jesus en die vrou as die sleutel om die gebeure te verstaan. Soos Hagner verwys hulle na Jesus se woorde dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is. Volgens hulle is dit ’n duidelike aanduiding van Israel se prioriteit in Jesus se sending (1991:550).

Maar is dit werklik die betekenis van die perikoop? Die evangelie volgens Matteus is immers daarvoor bekend dat dit die insluiting van nie-Jode by die kerk verkondig (vgl. Matt. 28:19). Verder het Jesus pas die Joodse beskouing van reinheid verwerp en die leiers, met die volk daarby ingesluit, as huigelaars uitgewys – hulle dien God met die mond en hou die leerstellings van mense as gebooi van God voor (Matt. 15:1-20; France 2007:591). Verder mag ’n eksegeet Matt. 15:1-16:12 as een perikoop beskou – dan val die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou binne ’n konteks waarin Jesus skerp kritiek teenoor die Jode uitspreek: Hy verwerp die Joodse reinheidsleer (Matt. 15:1-20), wys ’n tweede versoek om ’n teken af (Matt. 16:1-4) en waarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs (Matt. 16:5-12). Ook is dit opmerklik dat Jesus in nie-Joodse gebied werksaam is en dat die demoon wel uit die dogter uitgedryf word. ’n Meer waarskynlike oplossing is dus dat die Kanaänitiese vrou

die nie-Jode as rein skets, en dat Jesus se harde woorde aan die vrou hindernisse was wat bedoel is om haar geloof te toets en haar volharding te demonstreer (vgl. France 2007:591; Lee & Viljoen 2009:92).

Dit is opmerklik dat Matteus direk na hierdie geskiedenis die belydenis van Petrus en die meegaande *ekklesiologie* weergee (Matt. 16:13-20). Wanneer die woorde van die Kanaänitiese vrou en die belydenis van Petrus vergelyk word, bestaan daar bepaalde ooreenkomste: Die Kanaänitiese vrou spreek Jesus aan as die “Seun van Dawid”, wat ’n Messiaanse titel is (Matt. 15:22). Petrus bely Jesus as die Christus (Matt. 16:16). As die Kanaänitiese vrou Jesus smee om die demoon uit te dryf, glo sy dat Hy die Een is wat die bose magte oorwin (Matt. 15:22). Wanneer Petrus Jesus as die Christus bely, sê Jesus dat Hy sy kerk op hierdie rots bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie (Matt. 16:18). Die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou as deel van Matt. 15:1-16:12 wil impliseer dat die nie-Jode by die kerk ingesluit sal word.

#### **2.4.2 Jesus vertrek na die streke van Tirus en Sidon**

Volgens Matt. 15:21 vertrek Jesus na die streke van Tirus en Sidon. Sommige navorsers betwyfel dit of Jesus se reis as ’n bewys kan dien dat die narratief die akkommodasie van nie-Jode impliseer. Jeremias (1958:32) sê dat hoewel Jesus waarskynlik in die gebied van Tirus was, Hy nooit die gebied van Sidon binnegegaan het nie. Theissen (1992:68) is van mening dat Jesus wel hierdie streke binnegegaan het, maar omdat daar Joodse nedersettings in die omgewing van Tirus en Sidon was het Hy sy sending tot hulle beperk. Beide Jeremias en Theissen volg ’n sosio-historiese benadering. Jeremias bou sy argument op die reis deur Tirus, Sidon, die See van Galilea en Dekapolis, wat geografies oënskynlik vreemd is. Theissen (1992:68) argumenteer soos volg oor die etniese verhoudings op die grens tussen Tirus en Galilea: “Anyone who looks closely at the geographical relationships will discover that, both in rural hinterland of Tyre and in the territory of the Decapolis, Jesus could find Jews living next to Syrians and Phoenicians.” (1992:68.) Die sosiaal-historiese konteks staan egter ondergeskik aan die teks in die eksegetiese proses. Dit kan wel ’n ondersteunende rol speel in die verklaring van ’n teks, maar moet nooit die teks verander nie. Die geskrewe teks geniet voorrang. Die mees aanvaarbare verklaring is dus steeds dié van die geskrewe teks: As Jesus in die streke van Tirus en Sidon is, fokus die teks self op die eksorsisme van ’n bose gees uit die dogter van ’n nie-Jood. Direk na die narratief keer die evangelie weer na die See van Galilea terug en rapporteer nie verdere genesings onder Jode in die gebiede van Tirus en Sidon nie (Matt. 15:29).

Dit is dus duidelik dat Jesus die gebiede van Tirus en Sidon binnegegaan en onder nie-Jode

gewerk het. Waarskynlik was die kern van sy prediking dieselfde as in die woestyn van Galilea: “Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom.” (Matt. 4:17.) Soos wat die Jode die oproep ontvang het, ontvang nie-Jode dit ook nou. In die bespreking wat volg, sal gesien word dat die Kanaänitiese vrou Jesus as Seun van Dawid en Here bely. Haar versoek aan Jesus om die bose gees uit haar dogter te dryf, toon dat sy Hom as oorwinnaar oor Satan beskou. Verder sal gesien word dat sy in geloof volhard ten spyte van oënskynlike hindernisse. Dit moet beskou word as ’n belydenis en demonstrasie van haar geloof (vgl. Matt. 21:28). Sy openbaar dus die geloof wat die koms van die Koninkryk meebring.

Waar Markus die vrou as Siro-Fenisies beskryf, lê Matteus klem op haar Kanaänitiese afkoms (Matt. 15:22). Daarmee roep Matteus die ganse verhouding tussen Israel en Kanaän op soos gereflekteer in die Geskrifte. Matteus se lesers sou dit geassosieer het met politeïsme, tempelprostitusie en afgodsdienst sonder perke (Perkinson 1996:64). Dit sou hulle herinner het aan Kanaän wat as nageslag van Gam slawe sou wees van Sem (Gen. 9:24-27, 10:6). Sem was die voorvader van Abram (Gen. 11:10-26). Hulle sou ook gedink het aan die besitname van die land Kanaän. Koningin Isebel was die dogter van Koning Etbaäl van die Sidoniërs (1 Kon. 16:31; Wigoder, 2005:968). Wanneer Jesus in die streke van Tirus en Sidon die koms van die Koninkryk verkondig, verander die verhouding tussen Israel en Kanaän. Kanaän staan nie meer ondergeskik aan Israel nie. Die geskiedenis berei sy lesers voor op die Koninkryk wat ook tot by die nie-Jood sal kom.

### **2.4.3 Die Kanaänitiese vrou se versoek en belydenis van Jesus**

Die vrou uit die heidense verlede kom tot by Jesus en openbaar haar geloof. Sy roep aanhoudend: “Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid. My dogter is in die mag van ’n bose gees, en dit gaan sleg.” (Matt. 15:22.) In die lig daarvan dat Jesus in vers 28 sê dat haar geloof groot is, kan die vrou se woorde as ’n geloofsbelydenis beskou word.

Hoekom kan haar woorde as ’n geloofsbelydenis verstaan word? Die stryd tussen Jesus en Beëlsebul veronderstel dat die Koninkryk van God in Jesus die ryk van die Satan oorwin (Matt. 12:28). ’n Eksorsisme gee daarvan ’n vooruitskouing. As die Kanaänitiese vrou Jesus dan smee om die demoon uit te dryf, glo sy dat Hy die Een is wat mag oor Satan het. Dit kan ook gesien word in die titels waarmee sy Jesus aanspreek: Jesus is vir haar Here en Seun van Dawid (Matt.15:22). Die titel Here (*Kurios*) openbaar Jesus as die Een met Goddelike gesag (Louw & Nida, 1988a:139; vgl. 2.3.2). Selfs die bose geeste val onder sy heerskappy. As Seun van Dawid is Hy die Messias van Israel wat sy vyande oorwin.<sup>3</sup> Omdat Hy Here en

---

<sup>3</sup> Vergelyk ook Motyer (1996:755) se beskrywing van die Seun van Dawid met betrekking tot Ps. 110:1, 2:1-3, 45:3-5, 89:22-23 (kyk. 2.2.1.2).

Seun van Dawid is, het Hy by uitstek die mag om verlossing van die bese te bring. Daarin vind die vrou haar ontferming. In haar woorde sien die leser 'n geloofsbelydenis van die God van Israel se reddingsdade deur sy Messias; sy openbaar dus die geloof wat van die Jode verwag word (Nolland, 2005:632). As sy glo dat Jesus die mag het om die bese gees uit te dryf, toon die evangelie dat nie-Jode sal deel in die triomf oor Satan. Die vrou se dade en woorde is ook 'n skerp waarskuwing aan die Jode. Waar die Jode as volk van God in die werk van Jesus die triomf oor Satan en vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë moes sien, is dit 'n nie-Jood wat dit bely.

#### **2.4.4 Verband tussen die belydenis van die Kanaänitiese vrou en die belydenis van Petrus**

In die lig van die vrou se belydenis, skep die verhaal van die Kanaänitiese vrou die konteks vir die belydenis van Petrus en die meegaande ekklesiologie. Hoe bewerkstellig Matteus dit? Die evangelis trek inhoudelike verbande tussen Matt. 15:21-28 en Matt. 16:13-20. In die Kanaänitiese vrou is haar woorde 'n belydenis van Jesus as Seun van Dawid en Here. As Hy die Seun van Dawid is, is Hy die Messias van Israel. Wanneer Petrus Jesus bely, is Jesus die Christus. Die Kanaänitiese vrou en Petrus deel dieselfde geloof in Jesus. Daar is ook 'n tweede verband te trek. Die vrou sien in Jesus die Oorwinnaar oor Satan. Hy is immers die Seun van Dawid wat volgens die Geskrifte die Oorwinnaar in die stryd is. Ook smee sy dat Jesus die demoon uit haar dogter dryf, dus gaan haar geloof in Hom as Oorwinnaar oor tot aksie. Wanneer Petrus Jesus as die Christus bely, verklaar Jesus dat Hy die kerk bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die Kanaänitiese vrou skets Jesus as Oorwinnaar oor die Satan wanneer die bese gees uitgedryf word. Die belydenis van Petrus skets in Jesus die kerk as oorwinnend oor die doderyk. As die oorwinning oor die bese magte ook vir die nie-Jood aanbreek, sal die nie-Jood deel hê aan die kerk wat in Jesus die doderyk oorwin. In die eksorsisme gee die evangelie 'n vooruitskouing na die dood en opstanding van Jesus. Die woorde van die vrou berei lesers dus voor op 'n universele kerk wat nie deur die poorte van die doderyk oorweldig word nie omdat Jesus oorwin.

#### **2.4.5 Jesus se oënskynlik onsimpatieke woorde teenoor die vrou**

Die vrou het Jesus pas as Oorwinnaar oor Satan bely, dus is Jesus se oënskynlik harde woorde 'n raaisel. Matteus lê groot klem op Jesus se oënskynlike wegwysing van die vrou. Hy skryf dat Jesus eers stilgebly het (Matt. 15:23), toe vir die vrou gesê het dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is (Matt. 15:24) en dan dat dit nie mooi is om van die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie (Matt. 15:26). Soos Lee en Viljoen (2009:89) sê: "Each entreat has been ignored and rejected by Jesus. His responses gradually

become severer and more manifest. At first he did not answer a word. Then he declares that his ministry is limited only to the Israelites. Then he despises the woman by comparing her to a dog.”

Tog moet Jesus se woorde nie as 'n verwerping van die vrou verstaan word nie. In vers 21 het die evangelie immers reeds geleer dat Jesus na nie-Joodse gebied gegaan het en waarskynlik onder nie-Jode bedien het. Ook sou die kern van sy prediking dieselfde wees as in die woestyn van Galilea: “Bekeer julle, want die Koninkryk van die Hemel het naby gekom.” (vgl. Matt. 4:17.) Die koms van die Koninkryk roep mense tot geloof en bekering op, en dit is wat die vrou openbaar. Sy het Jesus as Here en die Seun van Dawid bely; sy verwag van Hom die verlossing uit die mag van Satan. As sy presies reageer soos wat Jesus wou gehad het, is 'n wegwysing moeilik verklaarbaar. Waarskynlik is die woorde eerder daarop gemik om 'n geloofsbelydenis by die vrou te ontlok. France (2007:591) skryf dat 'n goeie leermeester soms uitsprake maak wat sy leerder uitdaag sodat dié se insig getoets kan word. Lee en Viljoen (2009:92) skryf dat Jesus se woorde die geloof van die vrou toets. Hoe harder die woorde van Jesus, hoe groter is haar geloof. Dit is die eerste moontlike verklaring vir Jesus se oënskynlike wegwysing.

Daar is ook 'n tweede moontlike verklaring. Opmerklik val die perikoop binne 'n deel van die evangelie wat hoofsaaklik uitsprake teen die leer van die Jode bevat en ook gerig is op wonders (Matt. 15:1-20, 21-28, 29-39, 16:1-4, 5-12). As die omliggende Matteus-konteks die Joodse reinheidsleer verwerp (Matt. 15:1-20), 'n tweede versoek om 'n teken afwys (Matt. 16:1-4) en waarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs en Skrifgeleerdes (Matt. 16:5-12), mag 'n eksegeet vra of Jesus se woorde nie 'n ander funksie het as om die vrou weg te wys nie. Waarskynlik wil Jesus die reinheid van nie-Jode beklemtoon.

Hoe beklemtoon Jesus se harde woorde die reinheid van nie-Jode? France (2007:591) skryf dat die tweede helfte van Matt. 15 (v. 29-38) die Messias van Israel toon as werkende onder nie-Jode, insluitend die deel van die kinders se brood met die honde (v. 32-38): “The whole of the second half of ch. 15 thus puts into practice the message of the first half, the relaxation of the Jewish “purity” culture which had hitherto kept Jew and Gentile apart.”

Hoofstuk 15 het dus die ware Israel, bestaande uit Jood en nie-Jood, in die oog. Daarom mag 'n eksegeet vra in watter lig Jesus se woorde – dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is (Matt. 15:24) en dat dit nie mooi is om die kinders se brood vir die hondjies te gooi nie (Matt. 15:26) – verstaan moet word. As France (2007:590-591) se siening van hoofstuk 15 gevolg word, is Jesus se harde woorde 'n praktiese demonstrasie van die skeiding tussen Jood en nie-Jood. As hoofstuk 15 die Joodse reinheidsleer verwerp,

weerspieël Jesus se woorde aan die vrou nie 'n negatiewe gesindheid teenoor haar nie. Dit is 'n metode om die geloofsvolharding van die vrou te demonstreer (vgl. Lee & Viljoen 2009:92) Hy sou immers wel die demoon uitdryf en so die skeidingsmuur tussen Jood en nie-Jood afbreek. Jesus het tog reeds gesê dat baie nie-Jode aan die Koninkryk van die hemel deel sou kry (Matt. 8:11; France 2007:590). Die evangelie nader die belydenis van Petrus en die meegaande ekklesiologie. As Jesus die bose gees uit die dogter van die Kanaänitiese vrou dryf, leer die evangelie dat die kerk van God universeel is. Die skeidingsmuur tussen Jood en nie-Jood verval.

Vir Lee en Viljoen (2009:92) bied die uiteindelijke eksorsisme die sleutel om die perikoop mee te verstaan. In die lig daarvan verklaar hulle dat Jesus se wegwysing beskou behoort te word as 'n weerspieëling van die Fariseërs en Skrifgeleerdes se siening van reinheid soos wat dit in die voorafgaande perikoop afgewys word (Matt.15:1-20). Jesus tree op soos die Fariseërs en Skrifgeleerdes as Hy met die Kanaänitiese vrou praat. Die nie-Jode sou in die oë van Jode nie genade ontvang nie, en Jesus is oënskynlik in ooreenstemming daarmee. Die ooreenkoms is egter slegs oënskynlik, omdat Jesus 'n bepaalde doel met die woorde het – dit verwoord dus nie sy persoonlike beskouing van die vrou nie. Verder het Hy in die voorafgaande perikoop die reinheidsvoorskrifte van die Fariseërs en Skrifgeleerdes verwerp. Wat is sy werklike siening van die vrou dan en wat is die doel van Jesus se skynbaar harde woorde? Soos wat Jesus in Matt. 15:1-20 die tradisionele Joodse siening dat sekere soorte kos onrein is verwerp het, so verwerp Hy die Joodse siening dat nie-Jode onrein is as Hy die bose gees uitdryf. Vir Hom is alle mense rein. Die harde woorde funksioneer dan as 'n metode om hierdie boodskap oor te dra. Die harde woorde sou dit onmoontlik laat lyk vir 'n nie-Jood om hulp by Jesus te vra, maar die teendeel vind plaas wanneer Jesus wel die demoon uitdryf (Lee & Viljoen, 2009:94).

#### **2.4.6 Die reaksie van die vrou**

Jesus se oënskynlik harde woorde teenoor die vrou het dus twee funksies. Eerstens wil dit die vrou tot geloofsbelydenis bring en tweedens is dit 'n metode om die reinheid van nie-Jode te beklemtoon (vgl. Lee & Viljoen, 2009:92, 94). As die vrou Jesus se woorde oorkom, verval die skeiding tussen Jood en nie-Jood. Vers 25 wys dat Jesus se woorde inderdaad die vrou tot belydenis bring.

Ten spyte van Jesus se oënskynlike wegwysing volhard die vrou. Sy kniel voor Jesus, spreek Hom aan as Here en smee Hom om haar te help. Hierdie woorde is 'n herhaling van haar belydenis in vers 22.

Haar nood en die feit dat Jesus vir haar die Messias is, bring die vrou tot aanbidding (Blomberg, 1992:244). In Grieks word die woord *proskuneo* gebruik as die vrou Jesus aanbid. Dit word soos volg verklaar: “to express by attitude and possibly by position one’s allegiance to and regard for deity – to prostrate oneself in worship, to bow down and worship, to worship” (Louw & Nida, 1988a:540).

Uit haar aanbidding blyk dit dat sy Jesus as Here bely. Verder spreek sy Hom ’n tweede keer as Here aan. Omdat Hy gesag oor die ganse skepping het, is die bese gees aan Hom onderworpe. Hy is by uitstek die Een wat verlossing kan bring. Soos vers 22, teken ook vers 25 Jesus as Oorwinnaar, en die evangelie berei sy leser voor op die kruis en opstanding. As die evangelie dit herhaal, is dit ’n leidraad om die Christologie van die perikoop mee te ontsluit. Die vrou se optrede demonstreer haar geloof (vers 28).

#### **2.4.7 ’n Kort metafoor as voorbereiding op die belydenis van Petrus en die meegaande ekklesiologie**

Jesus reageer deur vir die vrou te sê dat dit nie mooi is om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie. Waarskynlik moet die verlore skape van die volk Israel eers gevoed word voordat die nie-Jode van die krummels wat van die tafels afval sou kry (MacArthur 2005:1153). Die vrou sê dan dat dit waar is, maar die hondjies eet darem die krummels wat van hul base se tafels afval.

Sommige kommentators wil Jesus se metafoor minder kras skets deur te sê dat Hy nie na wilde honde verwys nie, maar na geliefde huistroeteldiere as gevolg van die verkleiningsvorm (Luz 2001:340). ’n Beter weg om te volg is egter die van France (2007:594): Slegs binne die Westerse kultuur sal die verkleiningsvorm die oënskynlike belediging versag. Jesus se woorde klink onteenseglik hard en onsimpatiek. Tog is dit nie sy uiteindelijke en werklike bedoeling nie (Lee & Viljoen, 2009:92). Dit is daarop gemik om haar geloofsbelydenis te ontlok en is ’n tegniek om te beklemtoon dat alle mense rein kan wees.

Gewoonlik gebruik Matteus die beeld van brood om iets wat lewe gee te verteenwoordig (vgl. Matt. 4:3, 4 6:11). As dit nie mooi is om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie, beteken dit dat wat aan die Jode lewe gee, nie vir ander gegee moet word nie. Blomberg (1992:244) beskou die “kinders” as Israel en die “brood” as die seëninge wat God aan die Jode gee. Dus impliseer die vrou se woorde dat nie-Jode ten minste oorblywende seëninge van God ontvang. Maar hy skryf ook dat die Ou Testament vanaf Gen. 12 baie meer as oorblywende seëninge beloof. Ps. 87:4 sê dat God onder dié wat Hom ken ook die mense van Egipte en Babel, asook die van Filistea, Tirus en Kus reken. Hulle almal word



kinders van Sion. Vers 5 vervolg dan: “Daarom word van Sion gesê: ‘Daar is hulle man vir man gebore; die Allerhoogste hou Sion in stand.’” Dit kan dus afgelei word dat die nasies deel sal word van Israel, en as die Allerhoogste Sion in stand hou is dit ook die geval met die nasies.

Waarskynlik sou die honde dus baie meer as die krummels ontvang (vgl. Blomberg, 1992:244), en die tekstuele konteks waarbinne die perikoop val, bevestig dit ook. In Matt. 15:13 het Jesus met verwysing na die Fariseërs gesê dat elke plant wat die Vader nie geplant het nie, uitgetrek sal word. Hy vervolg dan: “Laat staan hulle: Hulle is blinde leiers aan blindes. As ’n blinde ’n blinde lei, val altwee in die sloot.” (Matt. 15:14.) Eintlik word die hele perikoop (Matt. 15:1-16:12) gekenmerk deur skerp kritiek teen die Jode: Jesus veroordeel die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte en die Joodse reinheidsleer, Hy wys ’n tweede keer hulle versoek om ’n teken af en waarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. Dit wil voorkom asof Jesus se eksklusiewe sending na die Jode in Matt. 15:14 tot ’n einde kom. As die verhaal van die Kanaänitiese vrou binne die episode van Matt. 15:1-16:12 val, is dit opmerklik dat haar verhaal opgevolg word deur Matt. 16:13-20:34, die belydenis van Petrus. Dit wil voorkom asof Matt. 16-20 ’n wending in die evangelie bring: Hoewel Matteus reeds in die vraag van Johannes die Doper na Jesus as die Christus verwys het, word Jesus vir die eerste keer in Matt. 16:16 direk en eksplisiet as Christus bely. Vir die eerste keer gebruik Jesus die woord *kerk*. Vir die eerste keer kondig Jesus sy dood en opstanding aan. Verder beskryf Matteus ook die verheerliking op die berg en die koms van Elia. Verder leer Hy die dissipels ook aangaande verhoudings tussen mense in sy kerk. Dit is asof die bedeling van etniese Israel as volk van God sy einde nader en die nuwe bedeling van die kerk begin (vgl. Matt. 15:14 en Matt. 16:18).

Die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou val dus binne ’n episode waarin daar skerp kritiek op die Jode gelewer word. Terselfdertyd word dit opgevolg deur Petrus se belydenis van Jesus en die evangelie se bekendstelling van die kerk. Dit is reeds gesê dat die Kanaänitiese vrou en Petrus ooreenstem in hulle Christologie: Die Kanaänitiese vrou bely Jesus as die Seun van Dawid wat ’n erkende Messiaanse titel was. Petrus bely Jesus as die Christus. Die Kanaänitiese vrou smee Jesus om die demoon uit haar dogter te dryf; dus bely sy Hom as die Een wat Satan oorwin. Wanneer Petrus Jesus as Christus bely, sê Jesus dat Hy sy kerk op hierdie rots bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die Kanaänitiese vrou teken die oorwinning oor Satan wat vir die nie-Jood kom in Jesus. In die Kanaänitiese vrou berei die evangelie sy lesers voor vir die universele kerk van God. Daarbinne deel beide Jood en nie-Jood in die oorwinning van Christus oor die poorte van die doderyk.

#### **2.4.8 Die eksorsisme as praktiese demonstrasie van die vrou se belydenis**

Jesus sê dat die vrou se geloof groot is en dat haar wens vervul word. Onmiddellik word haar dogter gesond (Matt. 15:28). Presies waarom ag Jesus die vrou se geloof groot? Sekerlik het sy volhard ten spyte van Jesus se harde woorde. Maar haar geloof kan eerstens gesien word in haar belydenis van Jesus as Here en Seun van Dawid. As die Messias van Israel het Hy die mag en gesag om die bose gees uit haar dogter te dryf. Van der Walt (2006:195) definieer wonders as gelykenisse in aksie: Wat Jesus in gelykenisse met woorde geleer het, leer Hy in wonders deur daad. As Jesus die bose gees uit die dogter dryf, leer die evangelie dat die nie-Jood sou deel kry in die oorwinning van Jesus. Omdat Jesus die bose magte vernietig, sal die poorte van die doderyk nie die kerk oorwin nie (Matt. 16:18). As Jesus die bose gees uit die dogter dryf, wys Hy prakties dat die oorwinning oor die bose magte in Homself ook vir nie-Jode aanbreek. Hulle sal deel word van die kerk wat nie deur die poorte van die doderyk oorwin word nie.

Samevattend kan dus gesê word dat daar heelwat meningsverskil bestaan oor hoe die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou (Matt. 15:21-28) verstaan moet word. Sommige kommentators meen dat Jesus se harde woorde 'n teken van die Jode se voorrang in die heilsgeskiedenis is. 'n Nadere ondersoek wys egter die teendeel. Eerstens het Jesus in 'n nie-Joodse gebied gaan preek. Tweedens is Jesus se woorde daarop gemik om 'n geloofsbelydenis by die vrou te ontlok. Dit was 'n metode om haar tot volharding te lei. Jesus reageer doelbewus volgens die Joodse reinheidsleer, maar wil hê die vrou moet die hindernisse oorkom. Die sleutel om die perikoop mee te verstaan is egter die belydenis van die vrou en die uiteindelijke eksorsisme. Die vrou bely Jesus as die Here en Seun van Dawid. Dit was 'n erkende Messiaanse titel, dus is haar belydenis in wese dieselfde as dié van Petrus wat Hom later as Christus sou bely. Die geskifte het dikwels geprofeteer dat die Seun van Dawid sy vyande oorwin, en as die vrou Jesus smeek om die bose gees uit te dryf, is Hy die Seun van Dawid wat die Satan oorwin. Wanneer Petrus Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God bely, sê Jesus dat Hy sy kerk op hierdie rots bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou berei die leser voor op die belydenis van Petrus en die meegaande ekklesiologie. God se kerk is universeel. Daarbinne deel beide Jood en nie-Jood deur Jesus in die oorwinning oor die poorte van die doderyk.

#### **2.5 DIE ROMEINSE OFFISIER AAN DIE VOET VAN DIE KRUIS (MATT. 27:54)**

Die Matteus-evangelie verskil ten opsigte van die weergawe van die ooreenstemmende perikope in Markus en Lukas. In Mark. 15:39 en Luk. 23:47 is dit slegs die offisier wat bely.

Volgens Matteus kom die soldate saam met hulle offisier tot belydenis (Morris, 1992:725-726; Keener, 1999:687). Van Matt. 21-27 bevind die evangelie homself in die lydensnarratiewe, dus is dit toepaslik dat nie-Jode as groep bely. In die bedieningsnarratiewe was dit dikwels nie-Joodse enkelinge wat bely het (Matt. 8:5-13, 15:21-28). Wanneer die Romeinse soldate as groep bely, is dit net drie dae voor die opstanding. Dan word die deure van die Koninkryk wyd oopgemaak vir die nie-Jode. Soos wat die Koninkryk naderkom, so groei die getal van nie-Joodse belydenisstemme. In die afdeling wat volg word slegs die offisier genoem, maar daarmee word ook indirek na die soldate as groep verwys. Dit sal ook gesien word dat die belydenis van die nie-Joodse soldate ooreenstem met die belydenis van die dissipels as groep (Matt. 14:33) en die belydenis van Petrus (vgl. Matt. 27:54 en Matt. 16:16). Ook stem hulle vreesreaksie op die apokaliptiese openbaring van Matt. 27:51-53 ooreen met die reaksie van die dissipels as Jesus op die berg verheerlik word (vgl. Matt. 27:54 en Matt. 17:6).

Wanneer die kruisigingsgeskiedenis gelees word, val dit op hoe verskillend Jesus se titel as Seun van God in die monde van die Jode en die nie-Jode funksioneer (Keener, 1999:688; Van Bruggen, 1990:461). Die Jode vra dat Jesus gekruisig word as Hy bevestigend antwoord op die hoëpriester se vraag of Hy die Seun van God is (Matt. 26:63-66). Tydens die kruisiging gebruik die skare en die Joodse leiers die titel Seun van God as spotwoorde (Matt. 27:40,43). Die Romeinse offisier en die soldate saam met hom gebruik die titel heel anders. In hulle monde is dit 'n belydenis (Matt. 27:54). Die soldate was eers skuldig aan die marteling van Jesus, maar die openbaring van Matt. 27:51-53 bring hulle tot ander insigte (Keener, 1999:687). Dit is wrange ironie: Die evangelie gee geen aanduiding dat die Jode tot bekering kom nie. Hoewel die Romeinse offisier vroeër medepligtig was aan die dood van Jesus, openbaar die evangelie 'n skerp verskil tussen die Jode en nie-Jode. Matteus wys hoe misplaas die bespotting is (Van Bruggen, 1990:461).

'n Ondersoek van die Romeinse offisier aan die voet van die kruis bring aan die lig dat sy belydenis drie keer met die belydenis van die dissipels vergelyk kan word. Eerstens is die belydenis van die Romeinse offisier in lyn met die belydenis van die dissipels as Jesus op die water loop (Matt. 27:54, 14:33; Morris, 1992:725). Die dissipels kom tot belydenis deur die natuuroopenbaring van Matt. 14:32-33. Die Romeinse offisier kom tot belydenis deur die openbaring wat deur Jesus se sterwe kom. Vir beide die dissipels en Romeinse offisier is Jesus *waarlik* (*alethos*) die Seun van God en dus is hulle seker van hulle belydenis (Morris, 1992:726). Matteus skets 'n kruis-etniese beeld van die kerk. Gegrondevs in die belydenis van Jesus as Seun van God is daar geen onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie.

Tweedens is die belydenis van die Romeinse soldate (Matt. 27:54) soortgelyk aan die

belydenis van Petrus (Matt. 16:16; Keener, 1999:688). Die Romeinse soldate bely Jesus as die Seun van God (Matt. 27:54). In Matt. 16:16 bely Petrus Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God. Jesus antwoord dan dat Petrus geseënd is omdat dit nie vlees en bloed is wat dit aan hom geopenbaar het nie, maar die Vader in die Hemel. As Petrus seën ontvang op sy belydenis, kan verwag word dat God dieselfde aan die nie-Jood sou gee. Vir Matteus verval die skeiding tussen Jood en nie-Jood. Die heidene deel ten volle in die voorregte van die Koninkryk van die hemel.

Derdens kan die belydenis van die Romeinse offisier aan die voet van die kruis ook vergelyk word met die verheerliking op die berg (Matt. 27:54, 17:5-6; Gundry, 1982:587). Wanneer Jesus op die berg verheerlik word, openbaar die Vader in die hemel Jesus as die Seun van God na Wie geluister moet word. Die dissipels reageer deur baie bang te word. Dit is soortgelyk aan die belydenis wat die Romeinse soldate aan die voet van die kruis sou uitspreek. Wanneer Jesus sterwe bewys die eskatologiese openbaring Hom as die Seun van God. Die nie-Joodse offisier en sy soldate saam met hom word baie bang en verklaar dat Jesus werklik die Seun van God is. Jesus se Godheid word aan Jood sowel as nie-Jood geopenbaar en beide partye staan verskrik voor die heerlijkheid daarvan.

Harrington (1991:402-403) wys daarop dat die lydennarratiewe die vervulling van Ps. 22 is en dat Jesus se dood dus gegrondves word in die Geskrifte. In die stryd met die sinagoge het beskuldigings dat Jesus die dood van 'n misdadiger gesterf het, dikwels opgeduik. Matteus wys daarop dat Jesus se dood volgens die Geskrifte is en so plaas hy geregtigheid aan die kant van die kerk. Verder wys hy op die moontlike verband tussen die belydenis van die Romeinse offisier en Ps. 22:28-30. Die Romeinse offisier het Jesus as die Seun van God bely. Volgens Ps. 22:28-30 sal "alle mense oor die hele wêreld" en "alle volke" die Here as Koning erken en hulleself bekeer (Harrington, 1991:403). So regverdig Matteus ook die multi-etniese samestelling van sy kerk vanuit die Skrif. Dit was van altyd af so bestem dat die nasies na God sou vra.

Die belydenis van die Romeinse soldate aan die voet van die kruis wys dus dat nie-Jode presies dieselfde openbaring ontvang as wat die Joodse dissipels vroeër ontvang het. Tydens die verheerliking op die berg word die verheerlikte Christus as die Seun van God geopenbaar. Die apokaliptiese gebeure tydens die kruisiging openbaar dieselfde aan die nie-Joodse soldate. God openbaar dus niks aan Jode wat Hy nie ook aan nie-Jode openbaar nie. As gevolg van die openbaring kom die nie-Joodse soldate tot dieselfde belydenis as waartoe die Joodse dissipels vroeër gekom het. So openbaar die evangelie dat die skeiding tussen Jood en nie-Jood verval.

## 2.6 DIE GROOT SENDINGOPDRAG (MATT. 28:16-20)

Die meeste eksegete is dit eens dat die Groot sendingopdrag die kernvers is waardeur die Matteus-evangelie bestudeer moet word (Hiebert, 1992:338; Krentz, 2004:24-31). Lee (2010:24-39) kom tot dieselfde gevolgtrekking omdat kerntemas<sup>4</sup> van die Groot Sendingopdrag reeds in die narratief voorkom (vgl. ook Gundry, 1982:593). Omdat die Groot Sendingopdrag die kernvers van die hele evangelie is, is dit vir Lee (2010:39-40) van groot betekenis dat Jesus juis in hierdie perikoop sy dissipels na *al die nasies* stuur (Matt. 28:19): Dit bring mee dat die Matteus-evangelie *in hoofsaak* universeel van aard is.

Die partisipium *de* (Matt. 28:16) mag reeds 'n aanduiding wees van die hoofsaaklik universele aard wat die frase “al die nasies” (Matt. 28:19) aan die evangelie gee. Dit veronderstel 'n onderskeid tussen die Jode wat die opstandingsboodskap verwerp het en die dissipels wat gelowig sal reageer op die opdrag om dissipels van al die nasies te maak (Hiebert, 1992:339; Krentz, 2004:25). Daar is dus 'n wending in God se verlossingsplan. Volgens Hiebert (1991:349-350) was die sending voorheen tot Israel beperk (Matt. 10:5), maar die Joods-spesifieke aard van die pre-opstanding sendingperiode het tot 'n einde gekom. Hoewel die frase *panta ta ethna* nie die Jode uitsluit nie, impliseer dit vir Hiebert dat die nie-Jode die hooffokus van die sendingsaktiwiteit in die post-opstandingsera sou wees.

Hiebert (1991:349-350) gee die mees waarskynlike refleksie van die sending na die Jode en nie-Jode in die post-opstandingsera. Dit kan gesien word in die *panta ta ethna*-verklaringsdebat: Navorsers debatteer immers of die frase *panta ta ethna* (Matt. 28:19) as 'al die nasies' of 'al die nie-Jode' vertaal moet word. Hare en Harrington (1975:359-369) het die debat begin met hulle artikel “Make disciples of all the Gentiles”. Hulle het die frase as 'al die nie-Jode' verklaar. Twee jaar later het Meier (1977:94-102) in “Nations or Gentiles in Matthew 28:19” sy teenargument gepubliseer. Hy het die frase inklusief as 'al die nasies' vertaal. Die frase word waarskynlik die beste vertaal as dit na 'al die nasies' verwys. In die evangelie is daar wel Jode wat tot belydenis kom. Josef, Maria en die dissipels is voorbeelde van Jode wat tot aanbidding kom. Daarom kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die frase *panta ta ethna* eerder as 'al die nasies' verklaar kan word. Die evangelie het wel 'n hoofsaaklik universele aard, maar dit sluit nie die Jode uit nie.

As die tydstop in die heilsgeskiedenis in ag geneem word, is dit gepas dat die Groot Sendingopdrag aan die evangelie 'n hoofsaaklik universele aard gee. Jesus praat as die

---

<sup>4</sup> Lee (2010:24-39) wys die volgende kerntemas van die Groot Sendingopdrag uit wat ook in die narratief voorkom: Jesus se gesag (vgl. Matt. 28:18; Matt. 7:29; Matt. 21:23-27), dissipelskap (vgl. Matt. 28:19; 4:18-22; 10:1-4), Jesus se lering en die wet (Matt. 28:20, Matt. 5-7), die doop (Matt. 28:19; 3:5-17) en die Immanuel-motief (vgl. Matt. 28:20; Matt. 1:23; Matt. 18:20).

opgestane Here en Heerser van die heelaal. Hy sê: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde." (Matt. 28:18.) Matt. 28:16-20 is die vervulling van Dan. 7:13-14 (Harrington, 1991:415; 2004:27). Indien die Groot sendingopdrag in konteks van Dan. 7:13-14 gelees word, is dit duidelik dat Jesus in Matt. 28:18 praat as die Seun van die mens aan wie alle mag gegee is (Keener, 1999:716). Volgens die Daniëlteks word die heerskappy, eer en Koningskap aan Jesus gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe Hom sou dien. As die apostels na al die nasies gestuur word, is dit omdat Jesus as Heerser alle lof en eer waardig is. Sy taak as Messias is vervul en die deure van die Koninkryk word wyd oopgemaak vir alle nasies.

Dan. 7:13-14 identifiseer die Seun van die mens as die Seun van Dawid (vgl. Dan. 7:14; 2 Sam. 7:13,16). As Jesus dus sê dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is, veronderstel dit 'n totale vervulling van die Messiasverwagting. Die Geskrifte het dikwels geprofeteer dat die nasies na die Seun van Dawid sou vra. Die apostels word na die nasies gestuur sodat die profesieë vervul kan word.

Jesus sluit die Sendingopdrag af met die woorde dat Hy by kerk is al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20). Dit is die vervulling van die Immanuel-motief wat regdeur die evangelie loop (Matt. 1:23, 18:20). Die vervullingsstaat in Matt. 1:23 verwys na Jes. 7:14. Daarvolgens sal 'n seuntjie uit 'n jong vrou gebore word en net dikmelk en heuning hê om te eet totdat Hy weet om te verwerp wat verkeerd is en te kies wat reg is. Hy was die teken dat Aram en Efraim verwoes sal lê. Jesus as Immanuel is dus die volkome geregtigheid en oorwinning van God. As Hy ook by die nasies teenwoordig is, deel hulle in sy geregtigheid en oorwinning en ontvang so vergifnis van sondes (Matt. 1:21, 23). In die Geskrifte was rook en wolke dikwels simbolies van God se teenwoordigheid by sy verbondsvolk. Dit was dan dikwels ook op kritieke momente in die heilsgeskiedenis van Israel, byvoorbeeld die verbondsluiting met Abraham (Gen. 15:7), die wetgewing op Sinai (Eks. 19:8), die inwyding van die tabernakel (Eks. 40:34-40) en as die ark in die tempel gesit word (1 Kon. 8:10). Opsommend kan gesê word dat God by sy verbondsvolk teenwoordig is. As God ook by die nasies teenwoordig is (Matt. 28:20), is hulle deel van die nuwe volk van God. Hulle ontvang die volle seëning van God wat Hy belowe het.

Dit kan dus gesê word dat die Groot Sendingopdrag 'n hoofsaaklik universele aard aan die evangelie gee. As die tydstop in die heilsgeskiedenis waarop Jesus die opdrag gee in ag geneem word, is hierdie universele aard wat die opdrag aan die evangelie gee gepas: Jesus praat as Seun van die mens én as Seun van Dawid aan wie alle mag gegee is sodat al die nasies Hom sou dien.

## 2.7 GEVOLGTREKKING

Die Matteus-gemeenskap was in 'n skerp stryd met die Joodse sinagoge gewikkel. Die kerndispuut was Jesus se identiteit as Messias en dit het op sy beurt weer die vraag na die ware volk van God laat voortkom. Die Jode het hulleself as die ware volk van God beskou. Vir Matteus kom daardie voorreg die kerk toe. Die Matteus-evangelie reflekteer ook 'n groot aantal nie-Jode in die gemeenskap. Dit impliseer dat die nie-Jode volledig deel is van God se kerk.

Waarskynlik het nie-Jode hierdie voorreg ontvang deur hulle belydenis van Jesus as Christus: In die Matteus-evangelie is dit dikwels nie-Jode wat Jesus as Christus bely terwyl die Jode hulle eie Messias verwerp. Die Christologiese titels in Matt. 1:1 wys reeds dat nie-Jode na die Messias sou vra. Die nie-Joodse vroue in die genealogie plaas heidene in die geskiedenis van die Messias. In die geboortegeskiedenis is die Magiërs 'n vooruitskouing van nie-Jode wat tot belydenis sou kom terwyl Herodes "en die hele Jerusalem saam met hom" aandui dat die Jode hulle Messias sou verwerp. Die gehoorsame Josef impliseer dat enkele Jode wel tot belydenis sou kom, maar die meerderheid Jode sou die Messias verwerp. Die Romeinse offisier skets nie-Jode wat as gevolg van hulle belydenis deelneem aan die feesmaal in die Koninkryk van die hemel. Hulle vir wie die Koninkryk bedoel is, word as gevolg van hulle gebrek aan geloof in die diepste duisternis daarbuite gegooi. In die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou gee die evangelie 'n vooruitskouing na die nie-Jood wat as gevolg van belydenis deel kry in die kerk se oorwinning oor die poorte van die doderyk. Die Romeinse soldate aan die voet van die kruis ontvang dieselfde openbaring as wat die dissipels en Petrus vroeër ontvang het en hulle kom tot dieselfde belydenis. Die Groot Sendingopdrag gee aan die Matteus-evangelie 'n universele aard.

## HOOFSTUK 3

# DIE VERWERPING VAN CHRISTUS DEUR JODE VOLGENS DIE MATTEUS-EVANGELIE

### 3.1 INLEIDING

Dit is bekend dat die Matteusgemeenskap in 'n fel stryd met sy tydgenootlike Judaïsmes<sup>1</sup> betrokke was: Die *Birkath ha-Minim*<sup>2</sup> het in ongeveer dieselfde tyd as die evangelie sy ontstaan gehad (80-90 n.C). Die uitdrukking “*the partings of the ways*” wys daarop dat die Matteusgemeenskap op 'n gegewe tyd hulle bande met Judaïsme moes verbreek het en dat hulle paaie geskei het (Dunn, 2006:1-23). Hierdie stryd word in die evangelie gereflekteer<sup>3</sup>. Wanneer die Matteus-evangelie bestudeer word, is dit opvallend dat Jesus dikwels in skerp konflik met die Jode gewikkel is. Vervullingsitate soos Matt. 13:14-15 en 15:8-9 wys dat Israel van oudsher al aan God ongehoorsaam was en dat dit ook die geval in die tyd van die Matteus-gemeenskap is. In die strydgesprekke en weerede is die polemieek op sy felste.

Terwyl die kernpunt van die stryd rondom die Messiasskap van Jesus gewoed het, was die ware identiteit van God se volk ook 'n brandpunt in die stryd. Die Jode het hulleself as die ware volk van God beskou, maar vir Matteus kom daardie voorreg die kerk toe. Gevolglik kan gevra word hoekom Matteus nie die meerderheid Jode as die ware volk van God beskou het nie. Die antwoord word waarskynlik in Matt. 21:33-46 gekry. Daarvolgens het die Jode die Messias verwerp en gevolglik is die Koninkryk van hulle af weggeneem en aan 'n nuwe volk gegee wat die vrugte daarvan sou dra (Matt. 21:43). Hulle verwerping sou ook verdere gevolge vir hulle inhou en dit word in Matt. 21:44 uiteengesit: Omdat hulle Jesus verwerp het, het Jesus vir hulle 'n klip geword wat hulle vermorsel.

---

<sup>1</sup> Die Judaïsme in die tyd van Matteus was so uiteenlopend dat navorsers daarna in die meervoud verwys.

<sup>2</sup> Die *Birkath ha-Minim* het, in Engels vertaal, soos volg gelui: “Let Nazarenes (Christians) and minim (heretics) perish in a moment, let them be blotted out of the book of the living, and let them not be written with the righteous” (France, 1989:85).

<sup>3</sup> Luz (2005a:14) het die Matteus-evangelie as 'n transparante teks beskryf.



Die tweede navorsingsdoelwit – wat in hierdie hoofstuk ondersoek word – is om vas te stel of die Jode Jesus as die Messias verwerp. Dit is die uitgangspunt van hierdie hoofstuk dat die meerderheid Jode die Messias verwerp. Daarom word die Koninkryk van die Jode weggeneem en aan die kerk, bestaande uit nie-Jode wat Hom bely, gegee. Omdat hulle Jesus verwerp het word Hy vir hulle 'n oordeelsklip (Matt. 21:44). In hierdie hoofstuk word gefokus op die stryd soos vervat in die vervullingsitate van Matt. 13:10-17 en Matt. 15:1-9, en die lydensweek waarby ingesluit is die strydgesprekke en die weerede. Die vervullingsitaat in Matt. 13:14-15 is 'n pynlike uitbeelding van die Joodse skares se ongeloof. So verskil hulle skerp met die dissipels wat volgens Matt. 13:16 wel geloof het. Die vervullingsitaat in Matt. 15:8-9 beeld die Joodse leiers as huigelaars uit. Hulle het mensgemaakte leerstellings as gebooi van God voorgehou. Sodoende het hulle die Woord van God sy gesag ontnem. Hulle huigelary is 'n tema wat ook in die weerede helder na vore kom. In die lydensweek is die stryd tussen Jesus en die Jode op sy felste. Tydens die verhoor voor Pilatus sê die hele volk dat hulle en hulle kinders die bloedskuld vir Jesus se dood op hulle neem. Die gevolglike oordeel oor die Jode sal na aanleiding van Matt. 21:44 uiteengesit word. Tog moet daar gewaarsku word teen 'n te rigiede stelling dat Jode die Messias verwerp. Josef, Maria en die dissipels is immers voorskoue van Jode wat wel tot belydenis sal kom. As die woord *meerderheid* dus gebruik word om na die Jode wat Jesus verwerp te verwys, is die omgekeerde ook waar: Daar is wel 'n groep Jode wat tot belydenis sal kom.

### **3.2 VERVULLINGSITATE**

'n Leser van die Evangelie sal sien dat die Geskifte dikwels verwerping deur Jode en belydenis deur nie-Jode geprofeteer het. Matt. 13:14-15 verwys na Jes. 6:9-10, en Matt. 15:8-9 na Jes. 29:13. So gesien funksioneer die vervullingsitate sowel as aanklag as waarskuwing teen die Jode: As volk van God het die Jode die profesieë goed geken en was hulle veronderstel om te weet dat dit in Jesus vervul word. Tog kom hulle nie tot belydenis nie. Hulle word gewaarsku aangesien die Messias goddeloses sou oordeel (vgl. onder andere Jes. 47). Die vervullingsitate het ook 'n derde funksie: In die Matteus-gemeenskap se stryd met die Joodse sinagoge wys die sitate die Jode as die veroordeeldes uit. Jesus is immers die Messias van Israel, maar die Jode kom nie tot belydenis nie.

Dit moet gesê word dat die oorspronklike profesieë spesifiek aan Israel in die onmiddellike konteks van Jesaja gerig was. Tog maak Jesus dit van toepassing op sy Joodse tydgenote: Die goddeloosheid van die huidige geslag is in kontinuïteit met die van die voorgeslag. Vir die Jode wat juis gedink het “as ons in die dae van ons voorvaders gelewe het, sou ons nie medepligtig gewees het aan die vergieting van die bloed van die profete nie” (Matt.23:30),

moes dit 'n skok gewees het. Vervolgens 'n bespreking van Matt. 13:14-15 en Matt. 15:8-9 waarvolgens die Jode Jesus sou verwerp.

### 3.2.1 Matteus 13:14-15

In Matt. 13:14-15 is dit duidelik dat die Jode Jesus sou verwerp. Tog volg Jesus die vervullingsitaat op met 'n woordspeling waaruit Hy leer dat die dissipels en die wat soos hulle is wel glo. Jesus kontrasteer dus die volk wie se verstand afgestomp is met hulle wie se oë en ore bevoorreg is dat hulle sien en hoor.

Wanneer Jesus die doel van sy gelykenisse verduidelik, sê Hy met betrekking tot die menigtes dat die profesie van Jesaja in hulle vervul word. Hoewel Matteus nie die presiese woorde van Jesaja gebruik nie, is dit duidelik dat Jes. 6:9-10 hier in vervulling gaan. Die menigtes het hulle afgesluit van die openbaring van Jesus. Daarom glo hulle nie en sal hulle nie gesond gemaak word nie. Jesus het reeds in die bergrede die oog as die lamp vir die liggaam beskryf (Matt. 6:22). Oë wat toegemaak is en ore wat toegedruk is is dus tekens van 'n gebrek aan geloof. As gevolg van hulle ongeloof sal hulle nie tot bekering kom nie en sal hulle ook nie gesond gemaak word nie (v. 15). Deur die vervullingsitaat openbaar die evangelie dat menigtes soos hulle voorvaders is (vgl. France, 1989:217). Die menigtes het nie die geheimenisse van die Koninkryk ontvang nie en die klein bietjie wat hulle wel ken, sal ook van hulle weggeneem word. Hulle kan nie sien of hoor of verstaan nie. Daarom kan hulle nie bekeer en gered word nie.

'n Vergelyking tussen Matt. 13:9 en Matt. 13:16-17 veronderstel 'n verband tussen die gelykenis van die saaiër en die doel van gelykenisse. In sy verklaring van die gelykenis van die saaiër sê Jesus die Bose kom by elkeen wat die woord van die Koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie en vat dan weg wat in sy hart gesaai is (Matt. 13:19). Die volk verstaan nie met hulle verstand nie (Matt. 13:13-15), dus sal die Bose dit wat by hulle gesaai is wegneem (Matt. 13:12, 19). By hulle is die saad op die pad, klipbanke en tussen die onkruid gesaai (Matt. 13:4, 5, 7).

Teenoor die menigtes wat hulle ore toegedruk en oë toegemaak het, en wat hulle dus van God afgewend het, staan die dissipels en ander soos hulle. As die dissipels se oë sien en hulle ore hoor, word die geheimenisse van die Koninkryk deur God aan hulle geopenbaar. Omdat hulle oog goed is, het hulle hele liggaam lig (Matt. 6:22). Hulle kom tot geloof. Hulle sal meer geheimenisse ontvang. Baie profete en gelowiges wou graag sien en hoor wat die dissipels sien en hoor. Die profete het geprofeteer van die Messias en die gelowiges het na sy koms uitgesien. Die dissipels sien die vervulling daarvan en hoor die woord wat Hy

verkondig. Daar is reeds verwys na die verband tussen die doel van gelykenisse (Matt. 13:10-17) en die gelykenis van die saaiër (Matt. 13:1-9). Die dissipels het ore wat kan hoor (Matt. 13:16-17) en daarom is hulle in staat om te verstaan wat Jesus in die gelykenis van die saaiër leer (Matt. 13:9). Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord *hoor* en dit *verstaan*. Hy sal 'n oes lewer, soms honderdvoudig, soms sestigvoudig en soms dertigvoudig (Matt. 13:23).

### **3.2.2 Matt. 15:8-9**

Waar Matt. 13:15 handel het oor die geestelike blindheid en doofheid van die volk, handel Matt. 15:8-9 oor die Jode se mensgemaakte uitleg van die wet. Omdat hulle die gebod van God verruil ter wille van die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte, ontnem hulle die woord van God sy gesag.

Die vervullingsstaat verwys na Jes. 29:13 wat lui dat die volk God eer met wat hulle sê, maar dat hulle harte ver van Hom af is. Hulle dien Hom soos mense dit wil hê en nie soos wat Hy wil nie. Wanneer die gebod van God verruil word vir mensgemaakte reëls, word God met die mond geëer maar die hart is ver van Hom af (Powery, 2003:147). Alhoewel die evangelie nie die presiese woorde van Jesaja gebruik nie, is dit duidelik dat dit in die skrifgeleerdes en Fariseërs in vervulling gaan. As die profesie juis in die Joodse leiers realiteit word, elimineer Jesus hulle vooropgestelde idee dat hulle nie soos hulle voorvaders is nie (Matt. 23:29-31), en teken 'n voortgaande ongehoorsaamheid van Israel van ouds.

Matt. 15:8-9 kom ooreen met die vraag oor die grootste gebod (Matt. 22:34-40). In Matt. 15:8 eer die volk God met hulle mond, maar hulle hart is ver van Hom af. Daarom help dit niks as hulle die leerstellings van mense as geboeie van God probeer voorhou nie. In die vraag oor die grootste gebod (Matt. 22:34-40), is liefde tot God met onder andere 'n mens se hele hart die grootste en eerste gebod, en naasteliefde die tweede wat daarmee gelykstaan. Die hele wet en profete is daarin saamgevat. As "hierdie volk" se hart "ver van My af" is, is Israel in stryd met die grootste gebod in die wet en dus die *tenak* in die geheel. Anders as Markus 12:28-34 laat Matt. 22:34-40 die antwoord van die skrifgeleerde weg. Volgens Markus antwoord die skrifgeleerde verstandig en daarom ag Jesus hom naby die Koninkryk. Volgens Matteus wou die skrifgeleerde Jesus eerder "met 'n vraag probeer vastrek" (Matt. 22:34; vgl. Davies & Allison, 2004:236). Omdat hulle die gebod van God vir mensgemaakte reëls verruil, het hulle nie liefde tot God of hulle naaste nie. Hulle ongehoorsaamheid veroorsaak dat hulle nie die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie (vgl. Matt. 5:20).

Wanneer Jesus die skrifgeleerdes vra waarom hulle die gebod van God verontagsaam ter

wille van hulle oorgelewerde gebruike, sê Hy dat hulle die woord van God sy gesag ontnem (Matt. 15:3-6). As die Joodse leiers die Woord sy gesag ontnem, word die aard van hulle leer gekontrasteer met die lering van Jesus: In reaksie op die bergrede is die skare verbaas oor Jesus se onderrig, “want Hy het hulle geleer soos ’n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie” (Matt. 7:28-29a). Die gesag van die Woord word behou in die lering van Jesus en nie in die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie. Wanneer Jesus die apostels uitstuur, moet hulle die nasies leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het (Matt. 28:20). Vir Matteus lê die gesagvolle uitleg van die Woord by die kerk en nie by die sinagoge nie.

### **3.3 LYDENSWEEK (MATT. 21:1-27:66)**

Deur die hele evangelie word ’n felle stryd tussen Jesus en die Jode. Die geskiedenis van Herodes “en die hele Jerusalem saam met hom” (Matt. 2:1-23) is ’n vooruitskou van hierdie stryd teen Jesus – van sy geboorte tot sy dood – in die res van die evangelie. In die Romeinse offisier het niemand in Israel so ’n groot geloof soos die nie-Jood nie en mense vir wie die Koninkryk bedoel is sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word (Matt. 8:10, 12). In vervullingsitate soos Matt. 13:14-15 en Matt. 15:8-9 is die goddeloosheid van Jesus se Joodse tydgenote in kontinuïteit met die goddeloosheid van die voorvaders.

Nêrens word die stryd egter so fel as in die lydensweek nie. Gedurende die lydensweek word die spanning tussen Jesus en die Jode op tot waar dit sy hoogtepunt in die kruisiging bereik. Dit begin met die strydvrae, vervolg met die weerede en profetiese rede en sluit af met die verhoor en kruisiging van Jesus. Dit is binne hierdie konteks wat Jesus aan die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk sê dat “die Koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan ’n nuwe volk gegee” (Matt. 21:23, 43) word en “julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat” word (Matt. 23:38). As Jesus dan ook ’n klip word wat hulle vermorsel (Matt. 21:44), moet dit dan ook binne die konteks van die konflik in die lydensweek verstaan word.

Vervolgens word ’n bespreking gegee van die stryd tussen Jesus en die Jode gedurende die lydensweek. Die fokus sal val op die strydsprekke, die weerede en die verhoor van Jesus. As gevolg van die ooreenkoms tussen Matt. 23:29-36 en 27:25 word die skare se aanvaarding van Jesus se bloedskulde as deel van die weerede bespreek. Daarna sal die klip wat die meerderheid Jode vermorsel bespreek word (Matt. 21:44).

#### **3.3.1 Strydgesprekke (Matt. 21:23-22:46)**

In die strydsprekke tref die leser telkens ’n spesifieke stylvorm aan: Daar word begin met

die Joodse leiers wat Jesus nader met 'n strikvraag en eindig met Jesus wat so antwoord dat die Joodse leiers in hulle eie strik trap. Slegs in die vraag oor die Seun van Dawid verander hierdie vorm. Dan is dit Jesus wat eerste die vraag stel en die Joodse leiers wat nie kan antwoord nie. Die evangelie begin die strydgesprekke met die vraag oor Jesus se gesag en die meegaande gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof (Matt. 21:23-45). Dan volg die vraag oor die betaal van belasting (Matt. 22:25-22), die vraag oor die opstanding uit die dood (Matt. 22:23-22), die vraag oor die grootste gebod (Matt. 22:34-40) en laastens die vraag oor die Seun van Dawid (Matt. 22:41-46).

In die gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof (Matt. 21:28-22:14) gee die evangelie 'n uitgebreide skets van die familie- en priesterhoofde. Hulle weier om werklik onder Israel te arbei, maak die Seun dood, en slaan nie ag op die uitnodiging na die bruilof nie. Die strikvrae en Jesus se reaksie daarop moet telkens in die lig van die drie gelykenisse verstaan word.

### **3.3.1.1 Die vraag oor Jesus se gesag (Matt. 21:23-22:14)**

Die vraag oor Jesus se gesag moet verklaar word met die daaropvolgende gelykenis van die twee seuns in gedagte (Luz, 2005b:26). Waarskynlik moet die gelykenis van die boere en die wingerd en die gelykenis van die bruilof moet ook hierby ingesluit word.

Die priesterhoofde en familiehoofde kom na Jesus en vra wie aan Hom die gesag gegee het. Jesus se gesag is aan Hom gegee gee deur die Vader (vgl. Matt. 11:27 en 28:18; Luz, 2005b:29). Dit sal duidelik word dat die Jode Jesus se gesag verwerp en dus verwerp hulle God self.

Davies en Allison (1997:159) wys op die valstrik waarin die Jode hoop Jesus sou val: Sou Hy antwoord dat sy gesag van mense afkom, weerspreek Hy sy lering van vroeër. Sou Hy antwoord dat sy gesag van God af kom, sou Hy (verkeerdelik) van laster verdink word. Jesus sien egter deur hulle valsheid en draai hulle eie valstrik teen hulle. Hy antwoord deur 'n teenvraag te vra: Kom die doop van Johannes van 'n mens af of kom dit van God af? Die leser weet reeds dat Johannes en Jesus onlosmaaklik verbind is aan mekaar in die Matteus-evangelie, gevolglik het beide Jesus se gesag en die doop van Johannes dieselfde Oorsprong (Luz, 2005b:29).

Jesus se teenvraag veroorsaak 'n dilemma vir die Joodse leiers: As hulle sou antwoord dat Johannes se doop van God af kom, sal Jesus vra hoekom hulle hulleself nie in gehoorsaamheid aan die prediking van die Doper onderwerp het nie. Hulle kan dus nie die

regte antwoord gee sonder om hulle eie ongehoorsaamheid skerp aan die lig te bring nie, en dit is dan ook Jesus se doel met die teenvraag (Luz, 2005b:29-30). Die tweede, valse, opsie is om te antwoord dat die doop van Johannes afkomstig is van mense, maar dan loop hulle die risiko van teenstand deur die skares. Dié het die Doper immers as 'n profeet beskou. As hulle dan antwoord dat hulle nie weet waar die doop van Johannes vandaan kom nie, ontken hulle doelbewus sy profetiese gesag. So veroordeel hulle hulleself (Davies & Allison, 1997:162).

Jesus vertel twee gelykenisse as reaksie op die Joodse leiers se ontkenning (Luz, 2005b:30). In die gelykenis van die twee seuns verteenwoordig die eerste seun die tollenaars en prostitute wat deur hul geloof die Koninkryk van die hemel ingaan. Jesus het reeds in Matt. 8:10-12 geleer dat dit die voorvereiste is. Eers het die tollenaars en prostitute deur hul sonde nie op God se wil gereageer nie. Maar op Johannes en Jesus se prediking het hulle hulle bekeer en tot geloof gekom. Die implikasie is duidelik: Die seun wat eers geweier het maar later tog later tot aksie oorgegaan het, is die een wat die vader se bevel uitgevoer het (Luz, 2005b:30). Die tweede seun wat gevra word om in die wingerd te gaan werk, is die Joodse leiers wat veronderstel is om onder Israel te werk maar dit nie doen nie. As volk van God is dit hulle wat die verbonde en beloftes van God ontvang het, en deur hul wetsonderhouding het dit gelyk asof hulle "ja" sê. Maar hulle ongeloof het veroorsaak dat hulle nie onder Israel gewerk het soos wat hulle veronderstel was nie. Johannes het die Messias aan hulle verkondig. Dus moet geloof in sy prediking verstaan word as geloof in die Messias. In hulle verwerping van die Doper het hulle die Messias self verwerp.

In die gelykenis van die boere en die wingerd is die grondeienaar 'n verwysing na die Vader, die wingerd na Israel, die boere na die Joodse leiers, die slawe na die profete en die seun na Christus. Soos wat die grondeienaar die slawe na die boere gestuur het, so het die Vader sy profete na Israel gestuur. Soos wat die boere die slawe doodgemaak en gemartel het, so het Israel deur sy ganse geskiedenis die profete van God doodgemaak. Die goddeloosheid van Israel bereik egter sy hoogtepunt as hulle Jesus doodmaak. Omdat die Jode die gesag van Jesus verwerp het, sal die Koninkryk van God van hulle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal lewer (Matt. 21:43; Keener, 1999:509-516). Dit is ook die rede waarom Jesus vir hulle 'n klip van vermorseling word (Matt. 21:44).

Dieselfde tema word vervat in die gelykenis van die bruilof. Die Koning is 'n verwysing na die Vader en die bruilof van die seun is 'n verwysing na Jesus se bruilofsfees. Israel is soos die genooies wat nie ag geslaan het op die uitnodiging na die fees nie. Die kerk is hulle wat op die straathoeke staan en die plaasvervangende uitnodiging ontvang. Omdat die Jode nie op die boodskap van die Koninkryk gereageer het nie, word hulle veroordeel en gaan die

uitnodiging nou na die kerk (Matt. 22:7, 9-10; vgl. Harrington, 1991:306-308).

### 3.3.1.2 Die vraag oor die betaal van belasting (Matt. 22:15-22)

Na die vraag oor Jesus se gesag en Jesus se reaksie in die gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof, besluit die Fariseërs om vir Jesus 'n lokval te stel. Die feit dat hulle dit *besluit*, beklemtoon hulle doelbewuste kwaadwilligheid. Die woord *tote* (Matt. 22:15) kan impliseer dat Matt. 22:15-46 in die konteks van Matt. 21:23-22:14 verstaan moet word. Binne die Matteus-evangelie het hierdie woord nie altyd 'n opvolgingskonnotasie nie, dus mag dit ook wees dat die Fariseërs eers 'n ruk gewag het voordat hulle die strikvraag gestel het (Morris, 1992:554). Sou dit egter wees dat die woord *tote* wel 'n verband met Matt. 21: 23-22:14 aandui, is dit ironies dat Jesus hulle pas veroordeel het omdat hulle die Seun verwerp (Matt. 21:33-22:14): Hulle slaan nie daarop ag nie en probeer doelbewus om Hom in 'n val te lok.

Dat hulle met die Herodiane saamspan om Jesus tot 'n val te bring is ook ironies. Die Herodiane was in hulle navolging van Herodes gewillig om met die Romeine saam te werk terwyl die Fariseërs weer aan die Romeinse juk wou ontkom (Hauerwas, 2006:189). Die samewerking tussen hierdie twee opponente wys dat hulle Hom as 'n bedreiging beskou het (MacArthur, 2005:1167). Hulle vraag is so geformuleer dat dit na albei kante toe 'n valstrik inhou: Indien Jesus sou antwoord dat hulle nie belasting hoef te betaal nie, sou die Herodiane Hom by die Romeinse owerheid kon gaan aankla (Gundry, 1982:443). Sou Hy antwoord dat hulle wel belasting moet betaal, sou godsdienstige Jode hulle teen Hom verset (Davies & Allison, 2004:212; Luz, 2005b:65). Hulle woorde dat Jesus iemand is wat sy mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak, bring 'n skerp aanklag teen die Jode in. Die Grieks impliseer dat Jesus die waarheid in sy wese het. In die monde van die Fariseërs en Herodiane is dit betekenisloos aangesien hulle Jesus opponeer (Morris, 1992:555).

Jesus sien egter dwarsdeur hulle en skroom nie om hulle huigelaars te noem nie. Hy vervolg dan met 'n praktiese demonstrasie (Luz, 2005b:65): Hy vra die Fariseërs om vir Hom 'n Romeinse denarius te wys. As hulle so 'n 'belastingmunt' besit, is dit 'n bewys dat hulle self belasting betaal en het hulle dus reeds die vraag beantwoord wat hulle aan Jesus gestel het (Luz, 2005b:65).

Jesus antwoord dat hulle aan die staat moet gee wat aan die staat behoort en aan God wat aan God behoort. God vra gehoorsaamheid aan Homself sowel as die staat. Tog is gehoorsaamheid aan God die werklike doel van die perikoop aangesien dit laaste gegee

word (vgl. Davies & Allison, 2004:211; Luz, 2005b:66). Binne die konteks van Matt. 21:23-22:14 funksioneer dit sowel as aanklag teen die Joodse leiers as 'n oproep om hulle verhouding met Jesus te herskryf. In die vraag oor Jesus se gesag het die Joodse leiers die gesag van die Doper en van Jesus verwerp. Daarom gaan hulle nie die Koninkryk van die hemel in nie. In die gelykenis van die boere en die wingerd sinspeel Jesus op die Joodse leiers wat die profete van God doodgemaak het en uiteindelik selfs nie die Seun ontsien het nie. Daarom word die Koninkryk van hulle weggeneem en aan 'n ander volk gegee wat die vrugte daarvan sal lewer. Die gelykenis van die bruilof verwys ook na die Jode wat die profete doodgemaak het en die uitnodiging om aan die bruilofsfees deel te neem verwerp het. Daarom word hulle doodgemaak, hulle stad aan die brand gestee en gaan die uitnodiging na die mense op die straathoeke toe. Die vraag oor die betaal van belasting ontbloot hulle as huigelaars. Die opdrag om aan God te gee wat aan God behoort, beklemtoon hulle ongehoorsaamheid en roep hulle op tot bekering.

### **3.3.1.3 Die vraag oor die opstanding uit die dood (Matt. 22:23-33)**

Op dieselfde dag kom daar Sadduseërs na Jesus. Hulle funksioneer gewoonlik in samewerking met die Fariseërs in die Matteus-evangelie (Matt. 3:7, 16:1-12) en dit is ook die geval in Matt. 22:23-33. Soos die Fariseërs wil hulle Jesus in 'n strik vastrek.

Die Sadduseërs het 'n dwaalleer aangehang. Dit is teen hierdie dwaalleer wat Jesus waarsku as Hy die metafoer van suurdeeg gebruik in sy lering aan die dissipels (Matt. 16:5-12), waarteen ook die leser van die Matteus-evangelie gewaarsku word (Matt. 16:5-12; Matt. 22:23; Luz, 2005b:69). Die Sadduseërs het byvoorbeeld slegs die boeke van die Pentateug as kanoniek aanvaar en die opstanding van die dooies verwerp; hulle het ook beweer dat die siel nie onsterflik is nie en hulle het ook nie die nuwe aarde aanvaar nie; verder het hulle die bestaan van engele en geeste ontken (Luz, 2005b:69; MacArthur, 2005:1125; Wigoder, 2005:836-837). Vir die doel van die ondersoek van Matt. 22:23-33 word gefokus op hul ontkenning van die opstanding van die dooies.

Die Sadduseërs vra 'n vraag waarvan hulle meen dat hulle seker is dat dit die onmoontlikheid van die opstanding van die dooies sou blootlê (Hauerwas, 2006:191). Hulle verwys na die leviraatshuwelik wat God in sy wet as opdrag gegee het (MacArthur, 2005:1167). Alhoewel die Sadduseërs nie werklik in 'n teologiese dispuut betrokke wil raak nie, formuleer hulle hul vraag tog so dat die opstanding van die dooies onmoontlik lyk (Luz, 2005b:70).

Jesus bewys hulle egter verkeerd. Die Sadduseërs het geglo hulle eksegetiese sterk punt is dat hulle nie buite die teks om beweeg nie, maar Jesus wys dat dit presies is wat hulle doen:



Hulle dwaal want hulle ken nie die Skrif of die krag van God nie (Hauerwas, 2006:191). Dit is omdat hulle slegs die Pentateug as kanoniek aanvaar het. As hulle wat opstaan soos die engele in die hemel is (Matt. 22:30), bevestig Jesus ook die bestaan van engele (MacArthur, 2005:1167).

Die evangelie fokus egter op Jesus se teregwysing ten opsigte van die opstanding van die dooies. Waar die Sadduseërs vroeër die Skrif misbruik het (Matt. 22:24), is dit nou Jesus wat die Skrif gebruik sodat die opstanding van die dooies vanuit die Woord self geopenbaar word (Matt. 22:32; Luz, 2005b:71). Jesus verwys na God se woorde aan Moses vanuit die brandende bos, een van die tekste wat die Sadduseërs wel as kanoniek aanvaar (Eks. 3:6; Davies & Allison, 2004:230; MacArthur, 2005:1167): God is die God van Abraham, Isak en Jakob. Davies en Allison (2004:231-233) verklaar die aanhaling linguïsties: Wanneer God in sy verskyning aan Moses na sy verbond met die aartsvaders verwys, gebruik Hy nie die verlede tyd nie, maar die teenwoordige tyd. Hy was nie net hulle God nie, maar is steeds hulle God al het die voorvaders reeds gesterf. Deur die teenswoordige tyd te beklemtoon, leer Jesus dat die patriarge steeds leef. Hulle kom tot hierdie gevolgtrekking omdat die evangelie die frase *ego eimi* gebruik wat emfaties is.

Luz (2005b:72-74) verklaar die teks na aanleiding van die verbondsverwysing inherent aan God se woorde – die God van die voorvaders is die Verbondsgod van Israel wat saam met sy volk gaan en hulle verlos; geloof in die God van die voorvaders as 'n lewende God het geloof in die opstanding van die dooies tot gevolg: “God is the living God. When he pledges himself to people, they are grasped by his life and cannot remain in death.” In hierdie woorde word gereflekteer dat God nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes. 'n Verbond met God kan net funksioneer in terme van lewe. As die Sadduseërs die opstanding van die dooies verwerp, verwerp hulle ook die verbond. God het Israel na die bruilof van sy Seun genooi deur middel van die verbond (Matt. 22:1-14). Die Sadduseërs is presies soos die genooies wat die oproep om na die bruilof te kom, geïgnoreer het. Daarom sal hulle veroordeel word, sal hulle stad afgebreek word en sal die plaasvervangende uitnodiging gaan na die straathoeke.

#### **3.3.1.4 Die vraag oor die grootste gebod (Matt. 22:34-40)**

Die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs verkeerd bewys het en kom bymekaar. Vir Luz (2005b:75) betrek die openingsvers dus terselfdertyd die voorafgaande vraag van die Sadduseërs en die samekoms van die Fariseërs wat die tafel dek vir die vraag oor die grootste gebod. Hy beskou ook die woord “wet” (Matt. 22:35, 36, 40) as die woord wat die perikoop as 'n eenheid saambind.

Tydens die samekoms van die Fariseërs vra 'n wetgeleerde Jesus wat die grootste gebod in die wet is. Die verskil tussen Matteus en Markus se weergawe van die woorde van die wetgeleerde is reeds gemeld (Mark. 12:28-34; kyk 3.2.2): Volgens Markus het die wetgeleerde Jesus se antwoord beaam en Jesus reageer deur te sê dat hy nie ver van die Koninkryk van God is nie. Matteus laat egter sowel die antwoord van die wetgeleerde as Jesus se meegaande reaksie weg en skryf eksplisiet dat die wetgeleerde Jesus met die vraag probeer vastrek het (Matt. 22:35). Waar die wetgeleerde en Jesus in Markus met mekaar versoen, is Jesus en die Joodse leier in Matteus in stryd met mekaar (Davies & Allison, 2004:236).

'n Agtergrond van die rabbi's se wetseksegese is nodig: Volgens die Jode was daar 613 wette in die Pentateug, een vir elke letter van die tien gebooe. Van hierdie 613 wette is 248 gesien as bevel en 365 as verbod. Die wette is ook verdeel in meer belangrike en minder belangrike kategorieë en die meer belangrikes was meer bindend as die minder belangrikes. Die wetgeleerdes en rabbi's kon egter nie ooreenkom oor watter wette meer belangrik en watter wette minder belangrik is nie. Hulle benadering tot die wet het daartoe gelei dat hulle Jesus se lering as selfgemaak beskou het. (Luz, 2005b:81; MacArthur, 2005:1242.)

Die wetgeleerde het egter nie 'n oplossing vir die dispuut oor die 613 wette in die oog nie. Volgens Matt. 22:35 wou hy Jesus met sy vraag vastrek en as deel van die Fariseërs sit hy voort wat reeds in Matt. 22:15 begin is (Luz, 2005b:81). Sy doel is om die gesag van Jesus se lering voor die skare te ondermyn (Hauerwas, 2006:192). Hulle wou hê Jesus moes self sy lering as vals en eensydig inkrimineer (MacArthur, 2005:1242). Waarskynlik het die wetgeleerde verwag dat Jesus – strydig met wat in Matt. 5:17-20 staan – 'n deel van die wet nietig sou verklaar of dat Hy 'n deel van die wet sou kritiseer (Davies & Allison, 2004:239). As die Fariseërs self die wet in meer belangrike en minder belangrike kategorieë verdeel het, kan 'n eksegeet vra of hulle nie self skuldig was aan dit wat hulle gehoop het Jesus sou doen nie.

Jesus antwoord deur die bekende *Shema* van Israel aan te haal (Hauerwas, 2006:192). Deut. 6:4-5 lui: “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.” Daardeur mag Jesus ook iets van die Fariseër se huigelary ontbloot: Deuteronomium was die boodskap van die wet en verbond. Die Jode het Deut. 6:4-9 as die kernvers van die boek Deuteronomium beskou (Hill & Walton, 2000:135). Dit is ook daagliks geresiteer (Luz, 2005b:82). Die Jode was dus daarvan bewus dat liefde tot God die grootste gebod in die wet is. Dit kan ook as 'n geloofsformulier van Judaïsme beskou word (Davies & Allison, 2004:236). As kundige het die wetgeleerde waarskynlik die *Shema* en meegaande

verklarings geken.

Jesus gee ook 'n tweede gebod. Hy haal Lev. 19:18 aan: Hulle moet hulle naaste liefhê soos hulleself. Die vraag is wie die naaste is wat hier bedoel word. Luz (2005b:83) skryf dat die Joodse tradisie slegs mede-Israeliete as die naaste beskou het. As die vreemdeling daarby ingesluit is, was dit slegs die vreemdeling in die land van Israel en in latere verklarings het slegs die bekeerling betrekking. Tog sê sowel hy as Davies en Allison (2004:243) dat Jesus die naasteliefdegebod uitbrei om alle mense in te sluit. Hulle verwys na Matt. 5:43-48 waar Lev. 19:18 so verklaar word dat dit ook liefde teenoor die vyand insluit. Luz verwys ook na Matt. 7:12 wat eksegete tereg die goue reël noem. Dit is as't ware 'n opsomming van die bergrede: "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete." Die goue reël is vir hom so geformuleer dat dit universeel van aard is. As God dus liefde teenoor die naaste vereis, vereis Hy dit teenoor die ganse mensdom.

Dit is reeds gesê dat die wetgeleerde Jesus met 'n vraag probeer vastrek het. Waarskynlik het hy gehoop Jesus sou 'n deel van die wet ongeldig maak en so sy lering in Matt. 5:17-20 sou inkrimineer (MacArthur, 2005:1242; Davies & Allison, 2004:239). Jesus antwoord egter so dat dit die wetgeleerde se eie sonde openbaar. Die Fariseërs het gedebatteer oor watter gebooië meer belangrik en watter minder belangrik is. As die "hele" wet en profete neerkom op liefde tot God en liefde tot die naaste, bly die hele wet geldig en is Jesus in ooreenstemming met sy leer in Matt. 5:17-20. As die tweede gebod met die eerste "gelyk staan" (22:39), wys Jesus hulle lering wat sommige gebooië minder belangrik ag, as dwaalleer uit.

Jesus het reeds in die gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof op die Fariseërs gesinspeel. Hulle het geweier om in God se wingerd te werk (Matt. 21:28-32), hulle sal die Seun doodmaak (Matt. 21:37-39) en hulle het ook die uitnodiging van die Vader verwerp (Matt. 22:5-6). Wanneer die priesterhoofde en die Fariseërs dit hoor, wil hulle Jesus gevange neem, maar doen dit nie omdat hulle bang was vir die skare (Matt. 21:45-46). Jesus se reaksie as hulle vra of hulle aan die keiser belasting moet betaal, karakteriseer hulle as huigelaars (Matt. 22:18). As Jesus die *Shema* as antwoord gee, ontbloom dit die wese van die Joodse leiers. As kenners van die wet was hulle deeglik daarvan bewus dat liefde tot God die grootste gebod is, maar hulle doen nie wat hulle verkondig nie.

### **3.3.1.5 Die vraag oor die Seun van Dawid (Matt. 22:41-46)**

Die vraag oor die Seun van Dawid vorm die hoogtepunt van die strydgesprekke (Luz,

2005b:61). Binne hierdie vraag vind die leser 'n verandering. Waar die vorige strydvrae deur die Joodse leiers begin is, is dit hierdie keer Jesus wat aan die Jode 'n vraag vra. Waar die Jode in die vorige vrae probeer het om Jesus vas te vra, is dit nou die Jode wat dit nie meer waag om Hom in 'n strik te probeer lok nie (Matt. 22:46). Volgens Markus het Jesus sy vraag oor die identiteit van die Christus aan die skares gerig. In Matteus rig Jesus dit aan die Fariseërs. Die vraag “Wat dink julle van die Christus?” (Matt. 22:42) is dus nie slegs 'n inleiding tot 'n eksegetiese debat nie; dit roep om 'n antwoord op die mees belangrike van alle vrae (Schweizer, 1975:427). So dek die evangelie die tafel vir die stryd tussen Jesus en die Fariseërs in die weerede (Luz, 2005b:61).

Jesus vra aan die Fariseërs wie se seun die Christus is, en die hulle antwoord dat die Christus Dawid se seun is. 'n Leser van die evangelie het opgemerk dat Jesus dikwels die seun van Dawid genoem is deur hulle wat Hy gesond gemaak het (Hauerwas, 2006:194). As Jesus die seun van Dawid is, is die logiese gevolg uit Matt. 22:42 dat Hy die Christus is. 'Seun van Dawid' was die mees algemene Messiaanse titel in die tyd van Jesus, maar in die monde van die Fariseërs is dit niks meer as 'n blote verwysing na 'n mens nie (MacArthur, 2005:1168).

Vervolgens vestig Jesus die Fariseërs se aandag op Ps.110:1 (vgl. Matt. 22:43). Daarvolgens is die Messias die Koning wat verheerlik aan God se regterhand sit terwyl sy vyande aan Hom onderwerp word. As Dawid die gesalfde Messias as *Here* aanspreek, moet die Messias baie meer as die seun van Dawid wees (Harrington, 1991:318). As Dawid dit deur die Gees doen, is sy woorde gesagvol geïnspireerd (Keener, 1999:533). Waarskynlik som Davies en Allison (2004:249) se opskrif by hul eksegetiese die tema van die perikoop die beste op: “David's son as David's Lord”.

Die perikoop eindig met die mededeling dat niemand Jesus daarop kon antwoord nie, en dat niemand van daardie dag af gewaag het om Hom 'n vraag te vra nie. Hulle stilte is in skrilte kontras met Petrus en die ander dissipels se belydenis. Jesus het aan die dissipels 'n soortgelyke vraag gevra (Matt. 16:15-16). Anders as die Fariseërs kon die dissipels antwoord. Soos Dawid het Petrus deur Goddelike inspirasie gepraat (Matt. 16:16-17, 22:43). As Jesus se woorde die Fariseërs en al hulle medewerkers tot swye bring, spruit hulle stilte nie slegs voort uit 'n onvermoë om eksegeties te redeneer nie. Dit kom voort uit hulle ongeloof. Daarteenoor staan die dissipels wat uit geloof Jesus as die Christus bely.

Die Matteus-evangelie nader sy hoogtepunt. Binne 'n paar dae sal die kruisiging plaasvind. Met die opstanding is Jesus die verheerlikte Seun van Dawid aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is (Matt. 28:18). Hy sit aan die regterhand van die Vader en al sy

vyande is aan Hom onderwerp (Matt. 22:44). In Hom breek die eskatologiese tyd aan as Hy as Seun van die mens op die wolke van die hemel kom (Matt. 26:64). Die Fariseërs is reeds in die gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof beskryf (Matt. 21:28-22:14). Dit is binne hierdie konteks wat Jesus hulle roep om dringend hulle posisie oor Hom te herskryf.

### **3.3.2 Die weerede (Matt. 23:13-36)**

Gedurende die lydensweek woed die stryd tussen Jesus en die Joodse leiers feller as ooit. Hoewel die werklike hoogtepunt van die stryd in die verhoor en kruisiging van Jesus lê, vind die verbale debat sy hoogtepunt in die weerede. Sewe keer word 'n ellende-aankondiging oor die Joodse leiers gedoen. Jesus se woorde aan hulle is in skrilte kontras met dié wat werklik gelukkig is in die saligsprekinge (Matt. 5:3-11). Die weerede ontbloot die Fariseërs as leiers wie se woorde en daede mekaar weerspreek. Hulle is verantwoordelik vir die bloedskulde van al die vromes dwarsdeur die verlossingsgeskiedenis van Israel heen. 'n Vergelyking tussen Matt. 23:29-36 en 27:25 toon dat Jesus se dood die hoogtepunt van onskuldige bloedvergieting is (vgl. 3.3.2).

Die weerede en profetiese rede (Matt. 24-25) word met mekaar verbind. In teenstelling met Markus laat Matteus die gawe van die arm weduwee weg sodat Jesus se vertrek vanaf die tempel (Matt. 24:1) in 'n nuwe verbinding is met sy woorde dat "julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat (word)" (Matt. 23:38-39; France, 1989:140; Schweizer, 1975:448). Die twee redes staan in 'n oorsaak-gevolg-verhouding tot mekaar. As die profetiese rede die gevolg is, is die weerede die oorsaak.

#### **3.3.2.1 Die Fariseërs sluit die deur van die Koninkryk in die mense se gesig toe en gaan self nie in nie (Matt. 23:13-15)**

Ellende wag op die Skrifgeleerdes en Fariseërs omdat hulle die deur van die Koninkryk in die mense se gesig toesluit. Hulle gaan self nie in nie en verhinder die mense wat wel wil ingaan. Hulle trek oor land en see rond om een bekeerling te maak en as hy dit word, maak hulle hom "twee maal so ryp vir die hel" as wat hulle self is (Matt. 23:15).

Hoe gebeur dit dat die Skrifgeleerdes en Fariseërs die deur van die Koninkryk in die mense se gesig toesluit? Garland (1979:126-129) beskou die wetsinterpretasie van die Joodse leiers as die oorsaak. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het die taak gehad om die wil van God aan mense bekend te maak. Deur die Geskrifte korrek te verklaar sou hulle die deur van die Koninkryk vir die mense oopmaak. Tog het hulle as't ware die wil van God en wet verduister deur hulle tradisies, voorbeelde en verdraaiende reëls. Hulle het die woord van God sy gesag

ontneem ter wille van hulle oorgelewerde gebruike (Matt. 15:7-9).

### **3.3.2.2 Die valse leer van die Joodse leiers ontbloot (Matt. 23:16-28)**

Die eerste twee wee-uitsprake het geleer dat die valse lering van die skrifgeleerdes en Fariseërs die Koninkryk vir hulleself sowel as die mense toesluit. Matt. 23:16-28 openbaar hoekom hulle leerstellings vals is.

In Matt. 23:16-22 lê Jesus die valse leerstelling van die skrifgeleerdes en Fariseërs, dat 'n eed bindend of nie bindend is deur die bewoording daarvan, bloot (Garland, 1979:132). Lieberman (1942:133-134) skryf dat Jesus in stryd is met 'n Fariseër-lering dat slegs ede wat die Goddelike naam of verwysings na God (byvoorbeeld sy troon) gebruik het, bindend was. Met hierdie valse leer het hulle nie die gebod van God gehoorsaam nie: God is betrokke by alle ede. 'n Eed wat by 'n mindere saak afgelê word is nie meer bindend as 'n eed wat by 'n meerdere saak afgelê word nie (Schweizer, 1975:433). Vir Jesus is daar geen onderskeid tussen bindende en nie-bindende ede nie; 'n verskil sou impliseer dat nie alle bewerings gelykmatig aan die waarheid onderworpe is nie (Davies & Allison, 1997:292; Garland, 1979:136). In byvoorbeeld hulle weiering om hulp aan hulle ouers te gee onder die voorwendsel dat hulle eerder 'n offergawe daarvan aan God maak (Matt. 15:1-9), is hulle strydig met die liefdesgebod (Matt. 22:34-40). As blinde leiers vir blindes is hulle die teenoorgestelde van Jesus wat geestelike blindheid genees (Luz, 2005b:119). Hulle het God probeer dien deur die leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou (Matt. 15:7-9). As gevolg van die dwaalleer wag ellende op hulle.

Ellende wag ook op hulle omdat hulle dit wat die swaarste volgens die wet weeg, nalaat. Hulle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid ontbreek (verse 23-24). Weer wys Jesus hoe hulle eksegeese hulle aanspreeklik maak: In Matt. 5:20 het Hy gesê dat getrouheid aan die wet groter as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nodig is om die Koninkryk van die hemel binne te gaan, en in Matt. 22:37-40 het Hy verduidelik wat presies die dieper geregtigheid behels: Liefde tot God en jou naaste. Die Fariseërs het dus nie die Grootste gebod nagekom nie. Die punt van die vierde wee-uitspraak is die teenstrydigheid tussen die kleinste kruie wat vir die skrifgeleerdes en Fariseërs belangrik is en die ignorering van dit wat volgens die wet die belangrikste is (Luz, 2005b:122, 124). Al verbied Jesus nie die mindere nie, moet die mindere nooit die meerdere verduister nie (vgl. Davies & Allison, 1997:293). Die skrifgeleerdes en Fariseërs het nie net die swaarste gebooie geïgnoreer het nie, maar ook nie die bedoeling van die wet as manifestasie van God se wil herken nie (Garland, 1979:139). So is hulle blinde leiers wat die muggie uit die beker skep, maar die kameel insluk. Wyn is deur 'n sif of sygdoek gegooi

voordat dit gedrink is om dit te reinig van enige moontlike onrein element (Luz, 2005b:124). Beide die muggie en die kameel is as onrein beskou. Die leiers suiwer hulle wyn van die kleinste dinge wat onrein is, maar die grootste onreinheid ignoreer hulle (Davies & Allison, 1997:296; Luz, 2005b:124).

### **3.3.2.3 Veroordeling van die Fariseërs se wetsbeskouing (Matt. 23:26)**

Die teks moet metafories verstaan word: In hul wetsonderhouding maak die Joodse leiers hulleself net aan die buitekant skoon; die innerlike word nie skoongemaak of gereinig nie, dus is hulle eintlik steeds vuil (Davies & Allison, 1997:296-297). As die innerlike skoongemaak word sal die uiterlike ook skoon wees (vgl. Matt. 15:10-20; Garland, 1979:143). Hulle wetsbeskouing veroorsaak dus dat hulle nie werklik rein is nie en daarom wag ellende op hulle. In kontras met hulle staan die wat rein van hart is en God sal sien (Matt. 5:8; MacArthur, 2005:1129).

Dit wil voorkom asof Jesus sy veroordelingsuitspraak intensiveer (Matt. 23:27-28). Uiterlike wetsonderhouding laat die Joodse leiers lyk soos witgeverfde grafte – van buite mooi, maar binne vol doodsbene en allerhande onsuiverheid (v. 27). Die Jode het hulleself rein gehou deur lyke te vermy. As bewakers van die Torah het die skrifgeleerdes en Fariseërs grafte gemerk om sodoende te voorkom dat 'n persoon onwetend daaraan sou raak (Garland, 1979:157). Tog was dit steeds net uiterlike wetsonderhouding, dus is hulle steeds van binne dood.

Die hele blootlegging van die Fariseërs se valse leer word saamgevat as Jesus sê dat hulle van buite vir mense vroom lyk, maar van binne vol huigelary en minagting van die wet is (Matt. 23:28). As hulle sommige ede meer bindend ag as ander, is nie alle ede in gelyke mate aan die waarheid onderworpe nie en so ontnem hulle die woord van God sy gesag. As hulle tiendes van kruisement, anys en koljander gee maar geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid nalaat, reinig hulle hulleself van die kleinste ongeregtigheid maar maak hulle skuldig aan die grootste ongeregtigheid. Hulle is soos bekere wat van buite skoon lyk, maar van binne steeds vuil is. Hulle lyk van buite skoon, maar van binne is hulle dood (Matt. 23:27).

'n Moontlike verband tussen die weerede en die instelling van die nagmaal moet nie uitgesluit word nie. Jesus verwys in die weerede twee maal na die wyn wat die Joodse leiers drink (Matt. 23:24-26). Die weerede word gelewer tydens die fees van die ongesuurde brode, en dus mag Jesus verwys na die wyn wat tydens die Paasmaaltyd gedrink is. So gesien is die Fariseërs se poging om hulle wyn te reinig (Matt. 23:24) 'n poging om die verbond te

onderhou. Dit is in teenstelling met die nagmaalsbeker. Tydens die instelling van die nagmaal is die wyn simbolies van Jesus se bloed wat die verbond beseël en wat vir baie vergiet word tot die vergewing van sondes (Matt. 26:28). Ware reinheid word nie verkry in die wetsbeskouing van die Fariseërs nie, maar deur die bloed van Jesus. In die Matteus-gemeenskap se stryd met die sinagoge kla die evangelie die Jode skerp aan.

#### **3.3.2.4 Strafaankondiging en klag oor Jerusalem (Matt. 23:29-39)**

Ellende wag vir die skrifgeleerdes en Fariseërs wat die grafte van die profete in stand hou en die gedenktekens van die vromes versier. Hulle sê dat as hulle in die dae van hulle voorvaders geleef het, hulle nie medepligtig sou gewees het aan die vergieting van die bloed van die profete nie. So erken hulle self dat hulle nakomelinge is van die wat die profete doodgemaak het. Hulle sal aangaan en “klaarmaak wat hulle voorvaders begin het” (Matt. 23:32).

Volgens Matt. 23:33-36 sal die bloedskuld vir al die vromes wat in die Ou Testament doodgemaak is, op die Joodse leiers van Jesus se tyd neerkom: “The scribes and Pharisees are to complete irrevocably the full measure of sins” (Garland, 1979:167). France (1989:140) skryf dat die sondes van die voorvaders die finale hoogtepunt bereik wanneer die Joodse leiers van Jesus se tyd sy boodskappers verwerp. Garland (1979:167-168) verwys met betrekking tot vers 32 na ’n Joodse lering wat ingehou het dat wanneer die sondes van nie-Jode ’n bepaalde hoogtepunt bereik, God sy lankmoedigheid sou terugtrek en oordeel sou bring. Vers 32 pas dit egter op Israel toe: “The point of inundation has not yet been reached by the murder of prophets in former generations, but it is left to this generation to complete the measure to overflowing.” Vers 35 het betrekking op die tydsverloop van die ganse Ou Testament: Die bloed van die profete wat ná Saggaria of die Ou Testamentiese Kanon verspil is of verspil sou word, sal ook van die huidige geslag geëis word, dus span die bloedskuld oor verlede en hede (Peels, 2001:597). Die klimaks van die bloedvergieting vind plaas in Jesus se kruisiging (Moffitt, 2006:308). Dit lei daartoe dat Jesus die verwoesting van Jerusalem beklaag omdat oordeel nie langer uitgestel kan word nie (France, 1989:140).

Moffitt (2006:308) skryf dat Matt. 27 in drie opsigte na Matt. 23:35 verwys: Pilatus se vrou sê dat Jesus onskuldig is (Matt. 27:19) en so is Abel, wie se bloed vergiet is, ook onskuldig (Matt. 23:35). Pilatus se vrou het gesien dat Jesus se bloed vernietigende gevolge sou hê. Tweedens was Pilatus sy hande in onskuld. So distansieer hy homself van Jesus se dood (Matt. 27:24). Derdens sê die skare dat hulle en hulle kinders die bloedskuld vir Jesus se dood aanvaar (Matt. 27:25). Die bloedvergieting van die onskuldiges vind sy klimaks in die dood van Jesus. Jesus wou die kinders van Jerusalem bymekaarmaak soos wat ’n hen haar



kuikens bymekaar maak. Daarom is die profete na haar gestuur. Tog het Jerusalem die profete doodgemaak en uiteindelik ook die Seun (vgl. Matt. 21:37-39). Daarom word die stad as puinhoop aan hulle oorgelaat (Matt. 23:38).

Die Matteus-gemeenskap was in 'n stryd met die Joodse sinagoge gewikkel. Binne konteks van die vernietiging van Jerusalem in 70 v.C. is die weerede 'n pynlike blootlegging van die waarheid. Die skrifgeleerdes en Fariseërs was deur hulle wetseksegese van buite skoon, maar van binne steeds onrein. Hulle ongeregtigheid, en ook die van die voorgeslagte, vind sy hoogtepunt as Jesus se bloed onskuldig vergiet word. Daarom is die stad as puinhoop aan hulle oorgelaat in 70 n.C.

### **3.4 DIE KLIP WAT VERMORSEL (MATT. 21:44)**

Dit is dus so dat die meerderheid Jode Jesus as die Messias verwerp. Omdat hulle Jesus verwerp het, sal hulle die gevolge daarvan moet dra. Daar is reeds gesê dat die profetiese rede die gevolglike oordeel openbaar. Tog word die oordeel ook helder en duidelik in die gelykenis van die boere en die wingerd uiteengesit (Matt. 21:33-46).

Matt. 21:44 verwys na die klip wat die Joodse leiers sal vermorsel. Dit moet in konteks van Matt. 21:42 gelees word: Matt. 21:42 is 'n vervullingsitaat van Ps. 118:22 (MacArthur, 2005:1165; kyk ook 4.2.2 en 4.3.1). Ps. 118:22 het geprofeteer dat die klip wat deur die bouers afgekeur is die belangrikste klip in die gebou geword het. Vanuit Hand. 4:10-11 en 1 Pet. 2:4 is dit duidelik dat hierdie klip na Jesus verwys (MacArthur, 2005:1442; kyk ook 4.3.1). Gevolglik verwys die klip in Matt. 21:44 na Jesus: Hy vermorsel hulle wat nie tot belydenis van Hom kom nie.

Hierdie gelykenis verwys na die wyse waarop Israel en die Jode deur die geskiedenis heen die profete en uiteindelik ook die Seun van God as die Messias verwerp het. God het regdeur die geskiedenis sy profete na Israel gestuur, maar die profete is verwerp. Laastens word Jesus as die Seun gestuur, maar die Seun word doodgemaak. Omdat hulle die Seun doodgemaak het, sal die Grondbesitter die boere “'n vreeslike dood laat sterwe en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee” (Matt. 21:41). Dit is ironies dat die priesterhoofde en familiehoofde self sê dat die slegte boere 'n vreeslike dood sal sterwe. Op hierdie manier veroordeel hulle hulleself.

Dit lyk asof die klipmetafoor in Matt. 21:44 die antitesis is van die rotsmetafoor in Matt. 16:18. In Matt. 21:44 word Jesus 'n klip van oordeel vir dié mense wat Hom verwerp. Daarom kan aangeneem word dat die omgekeerde ook waar is: Jesus bring lewe en vrypraak vir die

mense wat tot belydenis van Hom kom. Dit word in Matt. 16:18 uiteengesit: Daarin verwys die woord *petra* waarskynlik na Jesus (vgl. 4.3.1). Die kerk wat op Hom gebou word triomfeer oor die poorte van die doderyk en dus vind die kerk die lewe in Christus (vgl. 4.3.2; Davies & Allison, 1991:621).

### **3.5 GEVOLGTREKKING**

Die hoofstuk is begin met die vraag of die meerderheid Jode Jesus as die Messias verwerp. Sou hulle die Messias verwerp, word die Koninkryk van hulle af weggeneem (Matt. 21:43).

In die Matteus-evangelie word aangetoon dat dit dikwels die Jode is wat hulle eie Messias verwerp. Vervullingsitate soos Matt. 13:14-15 en Matt. 15:8-9 toon terugwysend aan dat die goddeloosheid van Israel van ouds ook die goddeloosheid van die huidige geslag – in die tyd van Jesus se lewe op aarde – is. So plaas die evangelie regverdiging aan die kant van die kerk en veroordeel die sinagoge. Die strydgesprekke kan telkens teruggevoer word na die gelykenisse van die twee seuns, die boere en die wingerd, en die bruilof (Matt. 21:23-22:14). Omdat hulle geweier het om onder Israel te werk, die Seun doodmaak en hulle rug draai op die uitnodiging na die bruilof, word die Koninkryk van hulle af weggeneem en aan 'n volk gegee wat die vrugte daarvan oplewer (Matt. 21:41). Die weerede ontmasker die Fariseërs as huigelaars. In hulle wetseksegese ontnem hulle die Woord van God sy gesag. Die verband tussen Matt. 23:35-36 en Matt. 27:25 wys uit dat die vergieting van die bloed van die vromes in Jesus se dood aan die kruis 'n hoogtepunt bereik. Daarom kom die straf op “die mense van vandag” neer as hulle stad as puinhoop aan hulle oorgelaat word. Omdat hulle die Messias verwerp het, word die Koninkryk van die deel van die Joodse bevolking wat nie tot geloof gekom het nie weggeneem en word Jesus vir hulle 'n klip van oordeel. Jesus as oordeelsklip in Matt. 21:44 is die antitese van die *Rots* in Matt. 16:18 wat lewe aan die kerk gee.

## HOOFSTUK 4

### DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD *ROTS* WAAROP JESUS SY KERK BOU VOLGENS MATTEUS 16:18

#### 4.1 INLEIDING

Min teksverse in die Skrif het soveel debat ontlok soos Matt. 16:18. Davies en Allison (1991:623) merk op: “The verse is among the most controversial in all of Scripture. The literature it has generated is immense, and not a little of it rather polemical.” Die debat heers hoofsaaklik rondom die betekenis van die woord rots (Matt. 16:18).

Hierdie vers het gelei tot die Roomse leerstelling dat die pous die hoof van die kerk is<sup>1</sup>. Cullmann (1962:166-168) gee ’n oorsig van die verklaringsgeskiedenis: Reeds die kerkvaders het nie eenstemmigheid oor die betekenis van die woord rots gehad nie. Volgens hom het Tertullianus (De Pudicitia 21) geskryf dat die woord rots na Petrus self verwys. Hy verwys ook na Augustinus wat onder die invloed van Ambrosius die woord eers as verwysend na Petrus beskou het, maar later sy siening gewysig het – dit is Christus self (Retractationes). Chrysostomos het volgens Cullmann die rotsmetafoor as die belydenis van Petrus beskou (Homilies on Matthew). Cullmann toon verder aan dat Reformatore soos Luther (Wider Das Papsttum vom Teufel gestiftet) en Zwingli (Hauptschriften, Vol. II. p. 195) in navolging van Augustinus Christus as die rots beskou het. Hy verwys ook na Calvyn (Commentaire) wat die rotsmetafoor as verwysend na sowel Christus as die belydenis van Petrus beskou het.

Die meer resente verklarings is steeds uiteenlopend. Eksegete soos Senior (1977:160-161), Davies en Allison (1991:627), Harrington (1991:251), Hare (1993:190) en France (2007:621) beskou Petrus steeds as die rots. Na aanleiding van Matt. 7:24 verklaar Gundry (1982:334)

---

<sup>1</sup> Volgens hierdie leer is Petrus Christus se verteenwoordiger op aarde. Daarom kan hy leerstellings maak wat saam met die Skrif en tradisie as derde bron van openbaring beskou moet word. Hy is in sy opvolgers teenwoordig en dus kan hulle ook nuwe leerstellings maak. Omdat die Pous in Rome gesetel is, het die Roomse Kerk gesag oor alle kerke in die wêreld (Wessel, 2008:286-288).

dit as die lering van Jesus. Van Bruggen (1990:308-313) en Morris (1992:423) beskou die rots nie as Petrus self nie, maar as hulle wat vanweë die Godgegewe openbaring tot belydenis van Jesus as die Christus kom. MacArthur (2005:1154) beskou Jesus as die Rots en die dissipel as 'n kleiner steen wat 'n waarheid soortgelyk aan (die eienskappe van) 'n rots gespreek het.

Die kernvraag is dus: Wie of wat is die rots waarop Jesus sy kerk bou? Daar blyk hoofsaaklik drie verklaringsmoontlikhede te wees:

1. Die dissipel Petrus,
2. die belydenis van Petrus of
3. Jesus as Christus self.

Daar bestaan ook die moontlikheid dat laasgenoemde twee gekombineer kan word: Jesus is die Rots waarop die kerk gebou word, maar Petrus word vanweë sy belydenis 'n kleiner steen in die kerk.

Die betekenis van die woord rots is bepalend vir die insluiting van nie-Jode by die kerk: Sou dit na Jesus self, die belydenis van Petrus of 'n kombinasie tussen die twee verwys, kan 'n eksegeet aflei dat die nie-Jood wat die dissipel in sy belydenis volg, deel sal word van die kerk. Die doel van hierdie hoofstuk is om die betekenis van die woord rots in Matt. 16:18 te bepaal. Eerstens sal 'n oorsig van die woord se verklaringsgeskiedenis gegee word. Tweedens sal die gebruik van die woorde *Petros* en *petra* in Matt. 16:18 ondersoek word. Derdens sal 'n vergelyking van die belydenis van Petrus volgens die Sinoptiese Evangelies gedoen word. Vierdens sal Matt. 16:13-20 eksegeties ondersoek word om die betekenis van die woord rots te bepaal.

## **4.2 VERKLARINGSGESKIEDENIS VAN DIE WOORD ROTS WAAROP JESUS SY KERK BOU VOLGENS MATT. 16:18**

Die verklaringsgeskiedenis van Matt. 16:18 toon dat die vers dikwels hewige debat ontlok het. In die derde eeu na Christus het Tertullianus (*De Pudicitia* 21) en Cyprianus (*De catholicae ecclesiae unitate*; *Epistolae* 22, 59, 73, 75, 76, 81) met biskoppe Calistus en Stefanus in debat getree (Cullmann, 1962:165; Wesselschmidt, 2003:375). Tydens die reformatie het die stryd so hewig gewoed dat Luther die pous as die antichris beskou het (Whitford, 2008:27). Tans het die debat stil geword, maar nie die Roomse- of Protestantse tradisies verander van standpunt nie. Deur die verklaringsgeskiedenis te bestudeer mag 'n eksegeet insig kry in hoe die teks verklaar behoort te word.

Dit moet egter gesê word dat die uiteindelijke betekenis van die woord rots in Matt. 16:18 nie uit die verklaringsgeskiedenis afgelei kan word nie: Hierdie studie word gedoen vanuit 'n Kanonieke benadering (vgl. 1.7) wat veronderstel dat die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is en daarom moet die finale betekenis van die woord rots in Matt. 16:18 uit die Skrif self bepaal word. 'n verklaringsgeskiedenis word slegs gebruik as 'n leidraad met betrekking tot die verklaring van die teks.

#### **4.2.1 “Rots” as verwysende na die Apostel Petrus**

Matt. 16:18 word by uitstek as basis gebruik om Petrus as die hoof van die kerk, die gesag van die Roomse Kerk en apostoliese opvolging te fundeer. Volgens hierdie leer was Petrus Christus se verteenwoordiger op aarde is en dus hoof van die kerk. Daarom kon hy leerstellings maak wat saam met die Skrif en tradisie as derde bron van openbaring beskou word. Petrus is in sy opvolgers teenwoordig, dus is hulle ook die hoof van die kerk en kan hulle ook nuwe leerstellings maak. Omdat die pous in Rome gesetel is, het die Roomse Kerk gesag oor alle kerke in die wêreld (Wessel, 2008:286-289).

Dit is opmerklik dat die geskrifte van die vroeë kerkvaders min verwysings na so 'n verklaring bevat (Burgess, 1974:83; Cullmann, 1962:165; Luz, 2005a:168-169). Die eerste verwysings na so 'n verklaring kom eers in die derde eeu voor in Tertullianus (De Pudicitia 21) en Cyprianus (De catholicae ecclesiae unitate; Epsistolae 22, 59, 73, 75, 76, 81) se debatte met biskoppe Callistus en Stefanus onderskeidelik (Cullmann, 1962:165; Wesselschmidt, 2003:375). Onder Leo die Grote ontwikkel dit tot die vorm waarteen die Reformatore later in opstand sou kom (Wessel, 2008:288-289). Dit wil voorkom asof die voorrangsverklaring gedurende die Reformasie nie begrond is op die getuienis van die Skrif nie, maar op patristiese verklarings (vgl. Eck se tesis no. 365 van sy 404 tesse). Tans fokus die grootste gewig Ortodokse eksegeese op die getuienis van tradisie en nie die van die Skrif nie; selfs tekste wat as bewystekste vir die voorrang van die pous sou kon dien word gewoonlik benader vanuit patristiese verklarings (Stylianopoulos, 2004:2).

##### **4.2.1.1 Die voorrangsverklaring volgens die Kerkvaders**

Wesselschmidt (2003:374) beskou apostoliese opvolging as 'n ontwikkeling wat gedurende die eerste sewe eeue plaasgevind het. Hy sê ook dat byna alle eksegeeses wat Petrus as die rots huldig, die apostel se reis en apostoliese bediening in Rome as basis het, maar dat daar min konkrete bewyse is dat Petrus Rome ooit besoek het (2003:375). Cullmann (1962:165) skryf dat die vroeë verklarings die teks nie vir of teen Roomse voorrang gebruik nie. Luz (2005a:168) som die konsensusbeskouing van die sleutelmetafoer (Matt. 16:19) as

bewysteks van juridiese gesagsoordrag op as 'n latere herlesing van die Skrif wat gebaseer is op die ervaring van die Roomse kerkleiers. Sy eie navorsing oor verklarings van die teks in Middeleeuse kommentare lewer min verwysings op; hy noem dat Thomas Aquinas (Super Evangelium S. Matthaei Lectura) een van die min eksegete is wat daarvan melding maak (Luz, 2005a:168). Cullmann (1962:167) wys daarop dat die pousdom gedurende die Middeleeue wel Jesus se woorde aan Petrus as bewysteks vir die voorrangstradisie gebruik het, maar dan asof daar nie ander moontlikhede was nie.

Tog is dit steeds nodig om die kerkvaders wat daarvan melding maak te bestudeer. Wessel (2008:286-288) verduidelik hoe die idee van pouslike voorrang ontstaan het. Volgens haar het die idee van Pouslike voorrang sy oorsprong gehad as teenvoeter vir die leer van die Montaniste<sup>2</sup> en die Gnostici<sup>3</sup>. Hierdie valse leer het twee vrae na vore gebring: Hoe moet die Skrif verklaar word? En: Wie het die gesag om die Skrif te verklaar? Vir Tertullianus was daar nie 'n duidelik gedefinieerde Skrifverklaringsmetode nie en kon kettters dus ook daarop aanspraak maak dat hulle die Skrif reg verklaar. Om die leer van die Montaniste en Gnostici teen te staan en die gesag van Ortodokse verklaring te bevestig, het hy die apostoliese kerke met hulle setel in Rome as die ware Woordverklaarders beskou (De praescriptione haereticorum, 19, PL 2, 31 soos geïnterpreteer deur Wessel, 2008:286). Die eerste uitdrukking van die idee het egter reeds by Irenaeus ontstaan. Die Gnostisisme het sy gemeenskap in Lyon binnegedring en die Adversus Haereses was 'n uitnemende weerlegging daarvan (soos geïnterpreteer deur Wessel, 2008:286). Hoewel Irenaeus nie die eerste was om die Ortodokse kerke as die enigste ware Skrifverklaarders te beskou nie, was hy die eerste om voor te stel dat die Ortodokse tradisie deur Petrus en Paulus aan die Roomse Kerk oorgedra is. Hy wou verseker dat die apostoliese tradisie suiwer voortgesit is en gevolglik het hy 'n teorie van apostoliese opvolging geformuleer.

---

<sup>2</sup> Montanisme word met ekstatische profesieë geassosieer. Die stigter was Montanus en hy het beweer dat hy die mondstuk van God was. Eskatologies gesproke het hulle ook geglo dat die einde op hande is ná die bedeling waartydens hulle opgetree het. Priscilla, een van die stigters van die Montanisme, het beweer dat Christus aan haar geopenbaar het dat Jerusalem vanuit die hemel sou neerdaal by Pepuza en daarom is die dorp na Jerusalem hernoem. Hulle het ook gefokus op nuwe openbarings. Die Apostels het die Heilige Gees ontvang, maar hulle het die Parakleet ontvang – na aanleiding van Joh. 14-16. Volgens hulle het die Parakleet meer in Montanus geopenbaar as wat Christus in die evangelie geopenbaar het. Gevolglik kon hulle op bykomende openbarings aanspraak maak en beweer dat die nuwe openbarings die eerste oortref. Verder was God nie vir hulle 'n Drie-Eenheid nie, maar 'n enkele God in drie manifestasies. (Heine, 1992:898-902.)

<sup>3</sup> Volgens die Gnostici het kennis verlossing gebring. Dit het loutering en onsterflikheid ingesluit en het bestaan uit 'n raamwerk van filosofie, mitologie en astrologie. Na aanleiding van die Griekse filosofie dat God Homself van die die stoflike distansieer, het hulle geglo dat die siel 'n stukkie goddelikheid is wat in die menslike liggaam vasgevang is en dat 'n mens gered is as die siel van die liggaamlike besmetting verlos word. Gevolglik is die Tenak verwerp of geïgnoreer en die historiese feite van Jesus se bediening, dood en opstanding is minder belangrik geag. So is die realiteit van Christus se lyding verwerp en soms ook die inkarnasie. Die Skeppingsproses het as't ware per ongeluk gebeur en is as 'n fout beskou. Eties wou die Gnostici hulleself rein hou, maar in sommige gevalle het hulle ongekende bevredigingsbegeertes gehad. (Walls, 1965:473.)

Leo die Grote het die voorrangslering ontwikkel tot die vorm daarvan waarmee die Reformatore later gekonfronteer is (vgl. Wessel, 2008:288). Volgens hom was Petrus teenwoordig in die persoon van die Roomse biskop. Christene moes die Roomse biskop se leer as gelyk aan dié van God beskou en glo dat Petrus in hom teenwoordig is. Omdat Petrus in sowel die pous as sy regsisteem teenwoordig was, is die bevel van Rome as universeel vertolk. (Wessel, 2008:288.)

Daar moet egter onderskei word tussen die beginstadiums van die opvolgingstradisie en die vorm waarin Leo die Grote dit laat ontwikkel het. Tertullianus en Irenaeus wou slegs die leer van die Montaniste en Gnostici teenstaan en daarom het hulle die Ortodokses as die ware Woordverklaarders beskou. Elders het Tertullianus al die gelowiges as die sleuteldraers beskou en ontken dat Matt.16:19 'n bewys is dat gesag aan die pous oorgedra word: Dit wil voorkom asof biskop Callistus die voorrangslering vir homself toegeëien het en Tertullianus tree met hom in debat (De Pudicitia 21 soos vertaal deur Cullmann, 1962:166): “What does all that have to do with the Church, and particularly with you, psychic one. According to the person of Peter that authority belongs to spiritual men.” 'n Nadere ondersoek na Irenaeus se werke laat blyk dat hy die apostoliese leer wat van Christus ontvang is as die rots beskou (Hall, 2002:227-230; kyk ook 4.2.2).

Die eerste verwysings na die opvolgingstradisie word eers in geskifte vanuit die derde eeu na Christus aangetref. Luz (2005a:168) skryf dat Biskop Stefanus (Cyprianus, Epistula 75.17) eksplisiet van Pouslike voorrang melding maak in die middel van die derde eeu, en dat dit reeds in die eerste helfte van die derde eeu kon bestaan het aangesien Tertullianus (De Pudicitia 21) en Origenes (Matthaeum 12.11) onderskeidelik polemieke daarvoor gevoer het. Cullmann (1962:165-166) gee hierdie twee kerkvaders se sienings weer: Terwyl Tertullianus wel Petrus as die rots in Matt.16:18 beskou het, het hy terselfdertyd enige toepassing van Matt.16:19 op latere biskoppe verwerp. Tertullianus skryf in sy polemieke met biskop Callistus dat 'n oorgang van die sleutels om oop en toe te sluit op latere biskoppe die oorspronklike bedoeling van Jesus sou verdraai, aangesien Jesus die sleutels aan Petrus persoonlik toevertrou het (De Pudicitia 21). Origenes onderskei tussen die letterlike en die geestelike, en dan verwys die letterlike na Petrus as rots en die geestelike na almal wat soos Petrus word (Matthaeum 12.11). Anders gestel: Elkeen wat deur Goddelike openbaring tot belydenis kom, word vir Origenes soos Petrus, gevolglik is elke dissipel van Christus die rots waarop die kerk gebou word (soos vertaal deur Preston, 2007:238). Die belofte wat aan Petrus gemaak is, is dus vir Origenes aan elke gelowige gemaak (Matthaeum).

Cullmann (1962:166-167) wys ook op die verskil tussen Tertullianus en Cyprianus. Soos Tertullianus het Cyprianus ook nie Matt.16:17-19 as bewys van die voorrang van die

Roomse biskop oor ander beskou nie, maar vir hom word die totale biskopdom by Jesus se woorde aan Petrus ingesluit. As Jesus dan slegs Petrus as rots aanspreek, is dit aanduidend van kerklike eenheid (De catholicae ecclesiae unitate, 4-5). Tog was Cyprianus 'n voorstander van apostoliese opvolging: Die biskoppe was Christus se verteenwoordigers in die kerk en het daarom dieselfde gesag as Christus uitgeoefen (Wesselschmidt, 2003:377).

Biskop Ignatius is vir die doel van die studie belangrik. Hy was reeds op 'n vroeë stadium in Antiogië werksaam<sup>4</sup> (vgl. Williams, 1960:18), en waarskynlik het die Matteus-evangelie ongeveer 80-90 n.C. in dieselfde stad sy ontstaan gehad (Streeter, 1924:495-528). Vir Ignatius is dit geloof en dieselfde kerkorde wat 'n kerk Katoliek (universeel) maak (Williams, 1960:21-22). In sy brief aan die Smirniote is dit die teenwoordigheid van Christus wat die kerk Katoliek maak (Epistula Smirnaea). Dit is in ooreenstemming met Matt. 18:20. Van die gemeente het Ignatius wel verwag om die biskop te respekteer en die biskop moes oor alle gebeure in die gemeente toesig hou, maar hy het waarskynlik nie die voorrang van die Roomse Pous erken nie.

#### **4.2.1.2 Die voorrangsverklaring gedurende die Reformasie**

Luz (2005a:169) vind spaarsamige verwysings na Pouslike voorrang of opvolging in die geskrifte van die vroeë kerkvaders. Vir hom het dit eerder in die 16<sup>de</sup> eeu momentum gekry as produk van die Kontra-reformasie. Cajetan sien Jesus se woorde "Gelukkig is jy, Simon Barjona" (Matt. 16:17) as nie aan al die dissipels gerig nie, maar aan Petrus persoonlik (Commentary on Matthew, 1532 soos vertaal deur Preston, 2007:244-245). Die woorde "hierdie rots" (Matt. 16:18) verwys vir hom ook na 'n spesifieke rots: Daar is geen ander rots waarop Jesus sy woorde van toepassing maak nie. Petrus is dus die rots en hy verkry voorrang in die kerk. Die kerk is weer vooruitbestem om gegrondves te wees op die standvastigheid van Petrus as Pous (Commentary on Matthew, soos vertaal deur Preston, 2007:244-245). Bagchi (2004:224) merk op dat Kaspar Schatzgeyer nie oor Roomse voorrang of opvolging skryf nie. Hy vind dit vreemd, aangesien Schatzgeyer op verskeie ander Reformatoriese standpunte met Luther in gesprek was. Vir Prierias, Phighi en waarskynlik Cochleaeus asook Eck kon die pous nie 'n valse leerstelling maak nie: Sy lering is saam met die Skrif en tradisie 'n derde bron van openbaring (Bagchi, 2004:224). Inderdaad: Die 404 tesse van Eck is 'n kortlikse opsomming van watter Reformatoriese leerstellings hy as valse leer beskou het. Daarin vind verwerping van die pous as Christus se

---

<sup>4</sup> Ignatius is ongeveer 110 n.C. as martelaar oorlede (Williams, 1960:18). Die vroeë datum van sy afsterwe laat die vraag ontstaan of hy nie reeds 80-90 n.C. in Antiogië werksaam was nie. Beide datering en plek maak dit dus moontlik dat die biskop en evangelis dieselfde beskouing van Petrus se rol in die kerk gehad het.



verteenwoordiger 'n pertinente plek (404 Tesisse, no. 25). Thomas More het die woord rots ook as verwysend na Petrus beskou (soos geïnterpreteer deur Preston, 2007:242-243). Petrus was die eerste wat tot belydenis gekom het, en daarom het Jesus hom sy universele verteenwoordiger gemaak en as hoof tweede in rangorde van sy kerk geplaas. Vir sy opvolger is hy die eerste op wie se onwrikbare geloofsbelydenis God die kerk bou. Sy geloof sal nooit in die kerk faal nie, ten spyte van die feit dat hy Jesus vroeër verloën het (Matt. 26:69-75; Sir Thomas More's Dialogue concerning Heresies, 1536, soos geïnterpreteer deur Preston, 2007:242-243).

#### **4.2.1.3 Die voorrangverklaring in kontemporêre eksegesi**

Sowel die Rooms Katolieke as die Grieks-Ortodokse tradisies beskou Petrus as die rots. Tog skryf Stylianopoulos (2004:2) dat die grootste gewig van Ortodokse eksegeses fokus op die getuienis van tradisie en nie die van die Skrif nie. Selfs moontlike bewystekste vir Pouslike voorrang word gewoonlik benader vanuit die verklarings van die kerkvaders: "The fact is that the question of the relationship between critical biblical scholarship and the patristic exegetical heritage is still unsettled in contemporary Orthodox theology." (Stylianopoulos, 2004:2-3.) Vir Popescu (1999:107, 110-113) is die oorwegende Ortodokse standpunt in ooreenstemming met die van die meerderheid kerkvaders wat die belydenis van Petrus as die rots beskou het. Die geloof is die geloof van al die apostels en Christus is die hoogste rots. Maar tog word voorrang steeds oorgedra op die aartsbiskop van Rome. In teenstelling met Popescu skryf Stylianopoulos (2004:12) dat Ortodokse eksegete al meer begin om Petrus as die rots te beskou: "From the standpoint of critical scholarship, it can no longer be disputed that Jesus' words to Peter as reported in Matt. 16:17-19 confer a special distinction on Peter as 'rock', the foundation on which Christ promised to build his church." Hoewel Jesus sy vraag aan al die dissipels gestel het (Matt. 16:13), is Stylianopoulos van mening dat Jesus die woorde "*su ei Petros*" direk aan Petrus rig.

In ooreenstemming met die Rooms-Katolieke tradisie beskou Davies en Allison (1991:627) Petrus as die rots: "The most natural interpretation is that of Roman Catholic tradition: the rock is Peter." France (2007:621) skryf dat die sin Petrus grammatikaal as die rots wil identifiseer. Die meeste Rooms-Katolieke eksegete vind die kombinasie van die manlike naam *Petros* met die vroulike selfstandige naamwoord *petra* problematies. Hoekom sou Matteus so 'n grammatikaal vreemde kombinasie tussen die manlike *Petros* en vroulike *petra* gebruik? Davies en Allison (1991:627) verklaar die verskynsel deur te sê dat die Aramese woord *kepha*, wat waarskynlik verband hou met beide *Petros* en *petra*, met verskillende nuanses gebruik is. In vertaling sou die manlike *Petros* 'n persoon veronderstel en die vroulike *petra* 'n eienskap van die persoon waarop gesinspeel word. France (2007:621) sluit

by Davies en Allison aan. *Petros*, soos dit verband hou met die Aramese *Kepha*, is nie in die antieke wêreld as persoonsnaam bekend nie en daarom het Jesus dit op Simon van toepassing gemaak met die letterlike betekenis in die oog: Hy is veronderstel om 'n 'rots' te wees. Die verband tussen *Petros* en *petra* word in 4.3.1 meer volledig bespreek. Voorlopig kan die teenargument gegee word dat *Petros* en *petra* moontlik nie dieselfde betekenis het nie. Dan verwys *Petros* na 'n kleiner steen en *petra* na die rotsfondament. Die meeste eksegete is dit eens dat die dissipel se naam, as Petrus, betrekking het op sy karakter (Harrington, 1991:251). Die naam Petrus is dan 'n bynaam wat sy rol as fondamentrots voorafgegaan het.

Eksegete wat Petrus as die rots beskou, trek gewoonlik 'n verband tussen Petrus se woorde aan Jesus – “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (v. 16), en Jesus se woorde aan Petrus – “Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou.” (v. 18.) Soos wat Petrus in vers 16 iets oor Jesus gesê het, so sê Jesus in vers 18 iets oor Petrus (vgl. Davies & Allison, 1991:627). Petrus het Jesus pas as Messias verklaar, en net so verklaar Jesus Simon as die rots (Davies & Allison, 1991:627; France, 2007:620). Die eksegete wat Christus of die belydenis van Petrus as die rots beskou, verwys ook na hierdie verband. Hulle standpunt word in 4.3.2 meer breedvoerig bespreek.

France (2007:620) skryf dat Messias 'n titel is wat 'n funksionele rol impliseer, en nou gee Jesus ook so 'n titel aan Petrus. Soos Davies en Allison (1991:624), beskou France dit in die lig van die Ou-Testamentiese hernaamgewing van Abraham, Sarai en Jakob. Die patriarge se nuwe name het 'n toekomstige rol aangedui, en so dui die dissipel se nuwe naam ook sy toekomstige rol aan. Vir France word hierdie rol in verse 18-19 uiteengesit. Davies en Allison sien ook nog twee ander ooreenkomste: In beide gevalle word die ontstaan van God se volk veronderstel, en in beide gevalle word daardie ontstaansproses met 'n bepaalde persoon geassosieer. Soos Davies en Allison, skryf ook Harrington (1991:251) dat die rotsmetafoor na Jesaja 51:1-2 teruggevoer kan word.

#### **4.2.2 “Rots” as verwysende na Christus**

Reeds kerkvaders soos Augustinus het Jesus as die Rots van Matt. 16:18 beskou (Sermons 76, 147, 149, 232, 270, 295, soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:167). Luther het Augustinus in sy beskouing gevolg en dus is Jesus ook vir hom die Rots (Hendrix, 2004:41). Augustinus het egter nie 'n skeiding gemaak tussen Jesus as Rots en die belydenis van Petrus nie. Petrus staan op Jesus as Rots omdat geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie (1 Kor. 3:11, soos verklaar deur Luz, 2005a:170). Soos Augustinus het die Reformatore ook nie 'n skeiding gemaak tussen Jesus as Rots en die belydenis van

Petrus in hulle eksegeese van Matt. 16:18 nie. As Petrus dan 'n rots in Matt. 16:18 is, is hy eerder 'n lewende steen in 'n geestelike huis as die rotsfondasie. Hy is dus 'n prototipe van almal wat Jesus as Christus sou bely (vgl. o.a. Calvyn, Institusie, Vol. 4, hfst. 6). Dit is ook die benadering wat in hierdie studie gevolg word. Die Christus- en belydenis word slegs om praktiese redes in die verklaringsgeskiedenis apart bestudeer.

#### **4.2.2.1 Christus as fondament volgens die Kerkvaders**

Augustinus het geskryf dat Jesus met die woord rots nie na Petrus verwys het nie, maar na Homself (Sermons 76, 147, 149, 232, 270, 295, soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:167). Luz (2005a:170) verduidelik Augustinus se standpunt: Jesus het nie gesê “Jy is die rots nie”, maar “Jy is Petrus”. Die woord rots kom eers in die volgende sin voor, dus verwys die woord vir Augustinus na Jesus self. Christus alleen is die Rots, en Petrus staan op hierdie Rots omdat geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie (1 Kor. 3:11). Vir Augustinus was dit belangrik omdat Petrus 'n model aan ander ampsdraers sou voorhou: Petrus is swak, maar sy geloof is gegrondves op die fondament van Christus en dit is die pad wat ander ewe swak ampsdraers moet volg.

In De Trinitate (Boek 6 no. 2) noem Hillarius van Poitiers 'n verskeidenheid kenmerke van getrouheid wat aan gelowiges 'n vooruitsig op vreugde sal bring. Een daarvan is dat hulle Christus as Leier sou volg.

Dit is gesê dat Irenaeus waarskynlik verantwoordelik was vir die formulering van die opvolgingstradisie (kyk 4.2.1). Tog was die oorspronklike vorm van die opvolgingstradisie eerder soortgelyk aan 'n beskouing wat Jesus of die belydenis van Petrus as die fondament erken. Dit word duidelik as Hall (2002:227-230) se uiteensetting van Irenaeus se leer bestudeer word: Irenaeus moes die leer van die Gnostici weerlê, dus plaas hy gesag aan die kant van die Ortodokses (kyk 4.2.1). Jesus self het al die apostels as fondamentstene aangewys. Na die openbare optrede van die apostels is hulle leer deur die Skrif oorgelewer. Omdat die Heilige Gees uitgestort is met Pinkster is die apostoliese leer volmaak. Verder is dit opmerklik dat hy dieselfde gesag aan Polycarpus toeken as aan Clementinus. Clementinus was die biskop van Rome terwyl Polycarpus die biskop van Smirna was. Dus was gesag nie afhanklik van een apostel op grond van homself as persoon nie. Dit was eerder die leer wat al die apostels verkondig het wat gesag gedra het. Hierdie leer was gesagvol en volmaak omdat die apostels dit van Christus self ontvang het en deur die Heilige Gees geïnspireer is.

#### 4.2.2.2 Christus as fondament volgens die Reformatore

Reeds die voorlopers van die Reformasie het Christus as hoof van die kerk verkondig: Grier (1965:7-8) gee 'n kort opsomming van John Wycliffe se sieninge: In *De Ecclesia* (1378) het Wycliffe die kerk as die totale som van die uitverkorenes beskou en as 'n persoon nie aan hierdie liggaam van Christus behoort het nie, is hy nie verlos nie. Hiervolgens was die pous nie noodwendig deel van die onsigbare kerk nie, maar wel van die Roomse kerk. In *On the Power of the Pope* (1379) val Wycliffe die pousdom skerp aan en ontken dat pouslike voorrang 'n Goddelike instelling is. Sy latere werke bevorder die afskaffing van die pouslike voorrang. Wycliffe beskou die pous as die Antichris omdat hy van mening was dat die pous se dade dié van Christus weerspreek.

Wycliffe het beduidende invloed gehad op die teologie van Johannes Hus, wat kort na hom opgetree het. Hus was die leraar van die Betlehem Kerk in Praag (Oakley, 1979:197). Hieronimus van Praag het in Oxford studeer waar hy die werke van Wycliffe gekopieer en teruggeneem het na sy tuisstad (Spinka, 1968:59). Spinka beskryf Hus se sieninge van die kerk soos volg: Volgens Hus het die kerk bestaan uit die strydende kerk, rustende kerk in die vagevuur en triomferende kerk. Die strydende kerk bestaan uit sowel die uitverkorenes as hulle wat vooraf gewaarsku is, maar slegs eersgenoemde is die ware kerk. Die ware kerk het Christus alleen as Hoof terwyl die kerk van die goddeloses die Satan as hoof het (Spinka, 1966:25; 1968:59). In Hus se belangrikste werk, *De Ecclesia* (1413), (wat gelyknamig is aan die werk van Wycliffe – ook getitel *De Ecclesia*, 1378) skryf hy uitgebreid oor die Hoofskap van Christus: Na aanleiding van die Griekse woord *ekklesia* is die kerk die vergadering van mense onder die regering van Christus. Elders herhaal hy dat die universele kerk Christus se mistieke liggaam is waarvan Hy alleen die Hoof is (Spinka, 1966:256). Die uitverkorenes sou in die oordeelsdag staande bly en gebind wees aan Christus as Hoof deur uitverkiesende genade (Spinka, 1966:258). Verder skryf hy ook dat die apostels hulleself nie as hoof van die kerk beskou het nie, maar as dienaars van Christus wat die ware Hoof is (Spinka, 1966:260). Die universele kerk het Christus nog altyd as Hoof gehad en dit sal tot in ewigheid so wees (Spinka, 1966:260).

Dit moet gesê word dat Wycliffe (1328-1384) en Hus (1369/71-1415)<sup>5</sup> opgetree het voordat die Reformasie in volle omvang uitbreek het. Konsepte soos die vagevuur en mistieke liggaam van Christus sou nie in die Reformasie neerslag vind nie. Tog is 'n groot gedeelte van hulle werk Reformatories van aard. In hulle beskouing van Christus as Hoof van die Kerk het hulle die pad voorberei vir die Reformatore.

---

<sup>5</sup> Wycliffe en Hus se geboorte- en sterfdatums verkry uit Grier (1965:8,15) en De Groot (1985:16,24).

Luther se vroeë teologie is naas die Skrif die meeste deur Augustinus beïnvloed (Hendrix, 2004:41). Augustinus het Jesus as die Rots van Matt. 16:18 beskou (Sermons 76, 147, 149, 232, 270, 295) en Luther het Augustinus in sy beskouing gevolg (Cullmann, 1962:167). Dus is Jesus die Rots (Wider das Papsttum vom Teufel gestiftet, soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:168). In die Smalcald-artikels (artikel 4) skryf hy dat die pous nie volgens die wet van God of die Woord die hoof van die hele Christendom is nie, omdat hierdie posisie slegs aan Jesus Christus behoort. Die pous is slegs die biskop en die pastoor van die kerk in Rome en dan op so 'n wyse dat hy nie 'n heerser is nie, maar 'n broer en kollega.

So is dit ook die geval met Calvyn (Commentaire, ad hoc) en Zwingli (Hauptschriften, Vol. II, p. 195, soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:167-168). Vir Calvyn is die naam Petrus op beide Simon en ander gelowiges van toepassing omdat hulle gegrondevs is op die geloof in Christus en saamgebind word in 'n geestelike huis waarby God teenwoordig is (Commentary on Matthew, Mark, Luke, Vol. 2:203). In sy Institusie (soos vertaal deur Duvenhage, 1967:417) skryf hy dat Jesus wel die woorde aan Petrus gerig het en hom die opdrag gegee om die skape te laat wei (Joh. 21:17), maar dat Petrus alle bedienaars die opdrag gee om die kudde op te pas (1 Pet. 5:2). Christus het dus niks meer aan Petrus gegee as wat aan ander bedienaars gegee is nie. Calvyn verwys ook na Ef. 2:20 en 1 Pet. 2:5 en kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking in sy kommentaar. Ef. 2:20 openbaar Jesus as die Hoeksteen van die gebou wat tot 'n heilige tempel verrys, "n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete". In 1 Pet. 2:5 beskryf Petrus self gelowiges as lewende stene wat hulle moet laat opbou tot 'n geestelike huis. Verder skryf hy dat Petrus slegs een van die dissipels is, hulle gelyke en kollega maar nie hulle meester nie. Ook het Petrus Jesus bely as verteenwoordiger van die groep en op hierdie rots bou Christus sy kerk omdat Paulus in 1 Kor. 3:11 skryf dat geen ander fondament as Christus gelê kan word nie (Institusie, soos vertaal deur Duvenhage, 1967:418).

Vir Zwingli lê die bindings- en oopsluitingsmag van die sleutels in die verkondiging van Christus se dood (Sixty seven Articles: Analysis and Reasons for the concluding Statements, soos geïnterpreteer deur Gäbler, 1987:73). Die Christendom is 'n onsigbare entiteit wat nie deur die pous, biskoppe of Konsillies verteenwoordig kan word nie (Gäbler, 1987:74). Die ware spirituele kerk is verskuil in Christus (De Vera et Falsa Religio, soos geïnterpreteer deur Avis, 1981:5).

In sy apologie op die Augsburg-belydenis skryf Melanchthon dat Christus die hoof van die kerk is (artikel 7.5). Vir hom bestaan die kerk uit ware gelowiges en regverdiges wat oor die hele wêreld versprei is. Dit is die pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15) omdat dit aan die suiwer evangelie vashou. Na aanleiding van 1 Kor. 3:11 is die suiwer evangelie

die fondament van die kerk, dit wil sê ware kennis van Christus en geloof (Artikel 7 no. 20).

Die verklaring van die Reformatore kan dus kort en bondig opgesom word (Cullmann, 1962:168): Die ware Rots van die Kerk is Jesus Christus.

#### 4.2.2.3 Christus as fondament volgens kontemporêre eksegesië

MacArthur (2005:1154) verwys na Hand. 4:10-11 en 1 Kor. 3:11 waarvolgens die Nuwe Testament dit baie eksplisiet stel dat Jesus die Rots is waarop die kerk gebou word. Hand. 4:10-11 is 'n vervullingscitaat van Ps. 118:22<sup>6</sup> en dit werp lig op Matt. 21:42: Soos Jesus in Handeling die Klip is, so is Hy dit ook in Matteus. Opmerklik is dit die apostel Petrus self wat in die Handeling teks aan die woord is. In 1 Pet. 2:7 verwys die apostel weer na Ps. 118:22. 1 Pet. 2:4 stel dit baie eksplisiet dat Jesus die afgekeurde klip is en v. 7 moet in die lig van v. 4 verstaan word.

Howe (2000:38-43) verwys ook na Petrus se Christologie soos wat dit uit sy eerste brief blyk. Volgens 1 Pet. 2:4-8 is Jesus die Hoeksteen van die kerk, maar aan die ander kant is Hy ook die klip wat deur die bouers afgekeur is. Christus is die lewende steen wat lewe gee aan hulle wat tot geloof in Hom kom. Soos Calvyn sien hy (2000:36-37) 'n refleksie van Joh. 21:15-22 in 1 Pet. 5:1-5. Jesus het Petrus beveel om die skape te laat wei en op te pas. In 1 Pet. 5:1-5 gee Petrus dieselfde opdrag aan alle leraars in die kerk.

Vir Horton (1961:2-3) staan die *ekklesia* op die Messiaskap van haar Meester. Die kerk begin en groei wanneer mense Jesus as die Christus bely. Christus is die Hoeksteen en hierdie feit is die fondamentwaarheid. Hy wat bely, bou op een gesamentlike waarheid. As Paulus, Petrus en Apollos dan die fondament lê en daarop bou (1 Kor. 3:10-11), is hulle dit nie vanuit hulleself nie: Deur hulle woordverkondiging het mense tot geloof gekom.

Ferguson (1996:60) sien beide Christus en die belydenis as die fondament waarop die kerk gebou word. Hy trek 'n verband tussen die belydenis, die rots en eerste aankondiging van Jesus se dood en opstanding:

The cruxifixion was necessary for Jesus to be the foundation. 'For no one can lay any foundation other than the one that has been laid; that foundation is Jesus Christ' (1 Cor. 3:11). Upon the confession that He was

---

<sup>6</sup> Ps. 118:22-23: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë". 1 Pet. 2:7 haal die eerste deel woordeliks aan terwyl Matt. 21:42 die geheel aanhaal. Hand. 4:11: "Hy is die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword." 1 Pet. 2:4: "Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is maar deur God vir die ereplek uitverkies is."

the Christ (Matt. 16:16), Jesus promised to build His church, (Matt. 16:18), and then proceeded to explain what the Messiah must do: he must die (Matt. 16:20-21, vgl. Luk. 24:46) [...] His death made Him the foundation of a forgiven people.

#### **4.2.3 “Rots” as verwysende na die belydenis van Petrus**

Reeds die kerkvaders het die rots in Matt. 16:18 op die belydenis van Petrus van toepassing gemaak. Chrysostomos, Augustinus, Hieronimus, Bede, Origenes, Hillarius van Poitiers en Cyrillus van Aleksandrië het almal die belydenis van Petrus as die rots van Matt.16:18 beskou.

##### **4.2.3.1 Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens die Kerkvaders**

Chrysostomos het die rots waarop Jesus sy kerk sou bou as die belydenis van Petrus beskou (Homilies on Matthew 54.2f, soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:167). Hy haal die rotsmetafoor van Matt.16:18 aan en verklaar dan dadelik dat dit na Petrus se belydenis verwys (Morris, 1992:423). Dit is gesê dat Augustinus Christus as die Rots beskou het. Die swak Petrus, wat op Christus as Rots gegrondves is, word dan 'n voorbeeld vir die ewe swak ampsdraer in die kerk (soos geïnterpreteer deur Luz, 2005a:170). Tyndale het in sy Answer unto Sir Thomas More's Dialogue (soos geïnterpreteer deur Preston, 2007:242-243) verwys na Hieronimus, Augustinus en Bede wat sondevergifnis deur berou en geloof in Christus verkondig het. Volgens Bede is die sleutels aan al die apostels en die kerk as geheel gegee (Homilia i; soos geïnterpreteer deur Moorhead, 2009:225). Bucer verwys in sy Common places (1972:242) na verskeie kerkvaders wat die belydenis van Petrus as die rots beskou het: Hieronimus skryf dat Christus die apostels gesamentlik die lig van die wêreld genoem het, en gesamentlik aan hulle ander bevoegdhede gegee het. Die dissipel het as verteenwoordiger van die groep bely, dus is die woord rots op al die dissipels van toepassing (Commentary on the Gospel of Matthew bk. 3, soos geïnterpreteer deur Bucer, 1972:242). In sy brief aan Marcella (41.2) sê Hieronimus wel dat die kerk op Petrus gebou word, maar in sy brief teen Jovinianus (26) skryf hy dat die Skrif elders dieselfde aan al die Apostels gee en dat hulle almal die sleutels van die Koninkryk ontvang. Bucer (1972:242) verwys ook na Origenes; die kerkvader het geskryf:

Truly, therefor it was to Peter that Christ said, 'You are Peter and on this rock I will build my Church, and the gates of hell shall not prevail against it.' Yet it seems to have been said to all the apostles and every mature believer, for they are all Peter, and are all rocks (*petrae*) and on them all

has the Church of Christ been built, and against not one such believer shall the gates of hell prevail (Commentary on Matthew).

Vir Origenes word die kerk op die rots van die belydenis gebou. Hy het tussen die letterlike en figuurlike, of liggaamlike/konkrete en geestelike onderskei; dan verwys die letterlike na die dissipel as rots en die figuurlike na almal wat soos Petrus word (Matthaeum 12.11, soos geïnterpreteer deur Luz, 2005a:168). Vir Hillarius van Poitiers was die rots ook die rots van belydenis (The Trinity 6.36f, soos geïnterpreteer deur Bucer, 1972:242). As gevolg van die geloof is die poorte van die doderyk magteloos teen die kerk. So redeneer Cyrillus van Aleksandrië ook (Thesaurus on the Holy and Consubstantial Trinity, dialogue 4, soos geïnterpreteer deur Bucer, 1972:242):

I consider that by paronomasia he called 'the rock' nothing other than the unshakable and steadfast faith of the disciple on which the Church of Christ was so firmly founded and established as to be beyond falling, and to abide permanently impregnable to the gates of hell.

Bucer (1972:244) skryf dat die vroeë kerk wel 'n prominente plek aan die Roomse biskop toegeken het, maar dan as niks meer as 'n gerespekteerde lid onder die Hoofskap van Christus nie. Theodoret het die rots as die leerstellings van Christus beskou; hy skryf in 'n brief aan Marcellus: "[...] for the teaching of our Master Christ is gifted with stability and strength, in accordance with the promise of the same Saviour, that the gates of hell shall not prevail against it".

#### **4.2.3.2 Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens die Reformatore**

Vanuit die ondersoek van die Reformatoriese beskouing het dit duidelik geword dat Jesus die ware Rots is waarop die kerk gebou word (Cullman, 1962:168). Volgens Luther was Jesus die Rots. Die woord *Petros* het gevolglik nie betrekking op Petrus as persoon nie maar op die belydenis wat die dissipel pas uitgespreek het (Cullmann, 1962:168). Calvin het soortgelyk aan Luther geredeneer (soos geïnterpreteer deur Cullmann, 1962:168). Ook vir hom verwys die woord *Petros* na die geloof van die dissipel en alle gelowiges word by die benaming ingesluit. Die geloofsband in Christus is die fondament waarop die kerk gebou word. In sy kommentaar op Matteus skryf Calvin dat die voorsetsel *autoos* (Matt. 16:18) na beide die geloof of die kerk kan verwys. Tog ag hy laasgenoemde as die mees waarskynlike betekenis. Die kerk staan stewig teen die magte van die doderyk omdat die waarheid van God, waarop die geloof van die kerk rus, nie sal wankel nie. Bucer (1972:237) kom met Calvin ooreen. As hy skryf: "Against this (both faith and Church) the gates, that is, the power



of hell shall be unavailing”, skemer dit deur dat die woord *autoos* vir hom na beide die kerk en die rots verwys.

Volgens Tyndale het die woord rots na die geloof van elke individuele gelowige verwys (An Answer unto Sir Thomas More’s Dialogue, soos vertaal deur Preston, 2007:242-243). Erasmus (Annotations on the New Testament, soos vertaal deur Preston, 2007:240) het die woord rots ook as verwysende na die belydenis van Petrus beskou. Anders as die mense in Matt.16:13 het Petrus nie rondgeval in sy beskouing van Jesus se identiteit nie. Op die rots van Petrus se standvastige geloofsbelydenis sal Jesus sy kerk bou (Preston, 2007:241). In sy Paraphrase on Matthew (soos vertaal deur Preston, 2007:242) skryf Erasmus dat Petrus namens al die apostels gepraat het, en herhaal dat die kerk op die fondament van belydenis gebou word (soos vertaal deur Preston, 2007:242). Bucer (1972:236-237) sien in die woorde ‘*epi toute petra*’ (op hierdie rots) ’n bewys dat Jesus nie Petrus as persoon as rots in gedagte gehad het nie. Jesus sê “*epi toute petra*” en nie “*epi touto Petros*” nie, al kan rots in Grieks beide “*Petros*” en “*petra*” wees. Simon word dus Petrus genoem vanweë die rots van die geloof wat hy ontvang het en daarop sou die kerk gebou word. Petrus is dan ook die prototipe van elkeen wat deur openbaring bely:

For as many as are gathered together under his name rest on this faith, that he is the Christ, that is, the Saviour, through whom all who believe in him are accepted as sons and heirs of God. [...] as many as have received this revelation are blessed; and [...] such people can never be overcome by the power of hell and be lost.

Soos Luther het Bucer (1972:247-248) die pous as die antichris beskou. Vir Melanchthon is dit die belydenis van Petrus waarop die kerk gebou word (Treatise on the Power and the Primacy of the Pope, no. 25).

Volgens die Reformatore is Petrus “rots” genoem nie vanweë homself as persoon nie, maar omdat hy geglo het. Nooit maak hulle ’n skeiding tussen die belydenis van Petrus en Christus as enigste Rots nie – dit is ook die benadering wat in hierdie studie gevolg word.

#### **4.2.3.3 Die belydenis van Petrus as fondament van die kerk volgens kontemporêre eksegese**

Volgens Keener (2009:427) is Jesus se lering die eintlike fondament van die kerk (Matt. 7:24-27; 1 Kor. 3:11), maar die rots van Matt. 16:18 kan gelykgestel word aan die fondament van Ef. 2:20-21: sowel Petrus as die apostels en profete is dus rotsfondamente. Verder word

Petrus ook die rots genoem slegs omdat hy Jesus as Christus bely het. As woordvoerder vir die groep verteenwoordig hy alle kerkleiers. Ander wat sy belydenis deel, deel ook in sy gesag om die kerk te bou (Matt. 16:19, 18:18).

Ook vir Morris (1992:423) is Petrus se belydenis die fondament van die kerk. Hy skryf dat die vroeë kerk in geheel waarskynlik nie op die fondament van Petrus gebou is nie en dat die rots in Matt. 16:18 nie van Petrus se belydenis (Matt. 16:16) geskei kan word nie. Hy wys ook daarop dat die naam *Petros* grammatikaal manlik in vorm is, terwyl die *petra* waarop die kerk gebou is, vroulik in vorm is. Verder verwys hy ook na die dissipels se vraag oor wie die belangrikste in die Koninkryk is (Matt. 18:1). Indien Jesus in Matt. 16:18 'n voorrangsposisie aan Petrus toegeken het, is die dissipels se vraag in Matt. 18:1 moeilik verklaarbaar aangesien hulle die antwoord op hulle vraag sou geken het.

#### **4.2.4 Gevolgtrekking**

Soos uit die verklaringsgeskiedenis afgelei kan word, het die teks drie moontlike verklarings: Binne die Rooms-Katolieke en Ortodokse tradisies word Petrus as die rots beskou. Binne die Reformatoriese tradisie is die rots Christus self of die belydenis van Petrus. Die meeste Reformatoriese eksegete bepleit die siening dat Jesus Christus as die Rots en die belydenis van Petrus nie van mekaar geskei moet word nie. Die verklaringsgeskiedenis gee 'n leidraad met betrekking tot die betekenis van die woord rots in Matt. 16:18.

Dit is veelseggend dat die geskrifte van die vroeë kerk min verwysings na 'n voorrangsverklaring bevat. Die eerste daadwerklike verwysings daarna kom uit die derde eeu in die geskrifte van Tertullianus en Origenes. Tertullianus was wel betrokke by die formulering van die opvolgingsleer, maar sy dogma kan nie gelyk gestel word aan die vorm waarin Leo die Grote dit laat ontwikkel het nie. Hy het al die gelowiges as die sleuteldraers beskou. Soos Tertullianus was Irenaeus ook betrokke by die ontwikkeling van die voorrangleer en sy leer is ook ver verwyderd van dié van Leo die Grote. 'n Nadere ondersoek van sy beskouing laat eerder blyk dat hy die apostoliese leer as die fondament beskou het. Biskop Ignatius mag nog 'n sleutel wees om die betekenis van die teks te ontsluit. Hy was waarskynlik Biskop in Antiogië in ongeveer 80-90 n.C. en moontlik het die Matteus-evangelie op dieselfde tyd en plek sy ontstaan gehad. Vir hom lê die basis van Katolisisme eerder in geloof, dieselfde kerkordes en die teenwoordigheid van Christus.

So gesien wil dit voorkom asof die vroeë kerkvaders eerder die belydenis van Petrus as die rots beskou het. Hoewel Tertullianus en Irenaeus 'n opvolgingsteorie ontwikkel het, het hulle onderskeidelik alle gelowiges en die apostoliese leer as die rots beskou. Hulle kan dus

vergelyk word met Chrysostomos, Hieronimus, Bede, Origenes, Hillarius van Poitiers en Cyrillus van Aleksandrië. Soos Irenaeus het Theodoret ook Jesus se leer as die rots beskou. Augustinus het die patroon uiteengesit wat die Reformatore later sou volg: Jesus is die rots waarop die kerk gebou word, en Petrus staan op hierdie rots omdat geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie. Origenes het die belydenis van Petrus as die rots beskou vir sover dit sy geestelike verklaring aangaan: Dan verwys die rots na almal wat soos Petrus word. Die letterlike interpretasie verwys na die dissipel as rots. Origenes behoort dus tot twee verklaringstradisies: Aan hulle wat die belydenis as die rots sien sowel as aan hulle wat die dissipel as die rots sien.

Tydens die Reformasie beskou die Roomse tradisie Petrus steeds as rots. Hulle volg egter die vorm wat Leo die Grote daargestel het. Vir Cajetan is Jesus se woorde “Gelukkig is jy” aan Petrus persoonlik gerig en *tauta petra* (Matt. 16:18) veronderstel ’n spesifieke rots wat Petrus is. Daarom kry hy voorrang. Vir Prierias, Phighi, Cochleaeus en Eck kon die pous nie ’n valse leerstelling maak nie. Thomas More het Petrus as die eerste dissipel wat tot belydenis gekom het beskou en daarom het Jesus hom sy universele verteenwoordiger gemaak en tweede in rangorde van sy kerk geplaas.

So kom hulle in skerp kontras met die Reformatore: Wycliffe het, soos die Reformatore na hom, ontken dat die pousdom ’n Goddelike instelling is. Verskeie Reformatore het die pous as die Antichris beskou. Vir hulle het die kerk net een Hoof: Die Rots is Christus. Beide Luther en Calvyn skryf dat die pous slegs die leraar in die kerk in Rome is. Hy is ’n medewerker en nie ’n heerser nie. Melanchthon het soortgelyk geredeneer: Die kerk is slegs die pilaar van waarheid vir sover dit aan die suiwer evangelie vashou. Die evangelie is dan ware kennis van Christus en geloof. Die Reformatore maak egter nooit ’n skeiding tussen Christus as rots en die belydenis van Petrus nie. As Jesus die dissipel as *Petros* aanspreek, is dit as gevolg van sy geloof in Jesus as die Rots. Petrus is dan ’n prototipe van alle gelowiges.

Opmerklik grond die Rooms-Katolieke tradisie die voorrangleer vanuit tradisies. Daarteenoor volg die Reformatore eerder ’n Skriftuurlik-eksegetiese benadering. As Calvyn die belydenis van Petrus as die rots beskou, kom hy tot die gevolgtrekking deur na die Skrif te verwys (Joh. 21:17; Ef. 2:20; 1 Pet. 2:5, 5:2; 1 Kor. 3:11). So is dit ook die geval met Melanchthon (1 Tim. 3:15). Die feit dat die Rooms-Katolieke leer op die tradisies van die kerkvaders steun, kan gesien word in Johan Eck se 404 tesse: Daarin sit hy uiteen wat hy as valse leer van die Reformatore beskou. As Luther dan sê dat die wêreld mislei is deur pouse, Konsillies, dekrete van die Vaders en tradisies, hang hy volgens Eck ’n valse leerstelling aan (Tesis 365).

Tans berus die voorrangseleerstelling steeds op die geskrifte van die kerkvaders binne die Grieks-Ortodokse tradisie. Meer en meer eksegete binne hierdie tradisie beskou Petrus as die rots. 'n Eksegeet kan egter nie die feit ignoreer dat Petrus pas tot belydenis gekom het, en dat die kerk wat op die rots gebou word, 'n oorwinnende kerk is nie. Die evangelie het reeds voorheen geopenbaar dat vryspraak kom as gevolg van belydenis (vgl. Matt. 10:32-33, 11:6, 12:36-37 in konteks van 12:24). Hierdie omliggende Matteus-konteks is belangrik vir die bepaling van die woord se betekenis.

Beide die Roomse en Protestantse tradisies erken die verband tussen Matt. 16:16 en 16:18. Die Rooms-Katolieke tradisie verklaar dit soos volg: Soos wat Petrus Jesus pas as die Messias verklaar het, so verklaar Jesus Petrus as die Rots. Dit word dan vanuit die Ou-Testamentiese herbenoeming van Abraham, Sarai en Jakob verklaar: Soos wat die Patriarge se nuwe name hulle toekomstige rolle aangedui het, so dui Petrus se nuwe naam ook sy toekomstige rol aan: In die Patriarg en in Petrus word die ontstaan van God se volk veronderstel. Tog – indien Petrus met Abraham, Sarai en Jakob vergelykbaar is, kan dit ook wees vanweë die geloofsooreenkoms tussen die partye. Petrus het Jesus pas as Christus bely en hy is gelukkig (*makarios*) omdat die Vader dit aan hom geopenbaar het. Die Nuwe Testamentiese skrywers beskou Abraham in terme van geloof wat tot vryspraak lei (Rom. 4:1-11; vgl. Gen. 15:6).

In Matt. 16:18 bring die kombinasie tussen die manlike naam *Petros* en die vroulike selfstandige naamwoord *petra* ook eksegetiese probleme na vore. Dit word dan verklaar vanuit die Aramese woord *kepha* wat waarskynlik die agtergrond tot beide *Petros* en *petra* vorm. Dié woord is met verskillende nuanses gebruik. Dus sou die manlike *Petros* 'n persoon veronderstel en die vroulike *petra* 'n eienskap van die persoon. Dit is egter ook moontlik dat *Petros* en *petra* verskillende betekenis het: *Petros* sou dan na 'n kleiner steen verwys terwyl *petra* die fondamentsteen is (kyk 4.3.1). Dan identifiseer die woord *Petros* die dissipel nie as 'n rotsfondament nie, maar as 'n lewende steen in 'n geestelike huis vanweë sy geloof. Dit word in 4.3.1 meer uitvoerig bespreek.

Die beskouing wat Christus as Rots huldig, volg in die voetspore wat die Reformatore uitgetrap het. Christus is die klip wat deur die bouers afgekeur is (Matt. 21:42; Hand. 4:10-11, 1 Pet. 2:4,7). Tog is Hy steeds die fondament waarop die kerk gebou word en hierdie feit is die fondamentwaarheid. As Paulus, Petrus en Apollos dan die fondament lê, verwys die fondament eerder na die Woord wat hulle verkondig het (1 Kor. 3:10). Die Woord word egter gebou op Christus wat die ware fondament is (1 Kor. 3:11).

Soos in die Reformasie word daar ook tans nie 'n skeiding gemaak tussen 'n benadering wat

Christus as fondament beskou en 'n benadering wat die belydenis van Petrus as fondament beskou nie. Om die woorde van Ferguson (1996:60) aan te haal:

The cruxifixion was necessary for Jesus to be the foundation. 'For no one can lay any foundation other than the one that has been laid; that foundation is Jesus Christ' (1 Cor. 3:11). Upon the confession that He was the Christ (Matt. 16:16), Jesus promised to build His church, (Matt. 16:18), and then proceeded to explain what the Messiah must do: he must die (Matt. 16:20-21, cf. Luk. 24:46) [...] His death made Him the foundation of a forgiven people.

As die drie benaderings in die verklaringsgeskiedenis beskou word, blyk dit dus dat Petrus nie die rots is waarop die kerk gebou word nie. Dié verklaring het eers in die derde eeu na Christus na vore gekom. Verder berus dit eerder op tradisie as wat dit op die getuienis van die Skrif self berus. Meer waarskynlik het die rots van Matt. 16:18 die belydenis van Petrus in die oog. Dit kan egter nooit geskei word van Christus as ware fondament nie. Die verhouding tussen die bogenoemde waarskynlike benaderings kan dan soos volg verduidelik word: Jesus is die Christus wat die ware fondament is waarop die kerk gebou word (1 Kor. 3:11; 1 Pet. 2:4, 6). Petrus het Jesus as die Christus bely en daarom word hy 'n lewende steen (1 Pet. 2:5) in die huis wat Jesus bou. Die dissipel is dan 'n prototipe van almal wat Jesus sou bely.

#### **4.3 DIE BELYDENIS VAN PETRUS: EKSEGESE VAN MATT. 16:13-20**

Die verklaringsgeskiedenis het 'n leidraad gegee waarmee die betekenis van die woord rots in Matt. 16:18 ontsluit kan word. Daarvolgens wil dit voorkom asof Jesus die ware Rots van die kerk is en Petrus 'n kleiner steen in die gebou word omdat hy Jesus as die Christus bely het (Matt. 16:18). Tog is 'n verklaringsgeskiedenis op sigself nie genoegsaam om die betekenis van die woord rots in Matt. 16:18 te bepaal nie. Hierdie studie word vanuit 'n Kanonieke benadering gedoen. Dié benadering is reeds gedefinieer (kyk 1.7), maar 'n vinnige geheue-opskerping blyk nodig te wees: Die voorgeskiedenis van die teks (bronne, tradisies, redaksies, ens.) word geïgnoreer ter wille van die betekenis van die finale vorm van die teks. Verder is die teks deel van 'n saamgestelde geheel en daarom vorm die Kanon self die konteks eerder as dat dele van boeke of die boeke self die konteks is (Hill & Walton, 2000:575). Gevolglik sal Matt. 16:18 in sy finale vorm ondersoek word en daar sal van Skrif-met-Skrif-verklaringsmetodes gebruik gemaak word. Eerstens sal die gebruik van die woorde *Petros* en *petra* in Matt. 16:18 ondersoek word. Tweedens sal Matt. 16:13-20 eksegeties bestudeer word.

#### 4.3.1 Die gebruik van die woorde *Petros* en *Petra* in Matt. 16:18

In Matt. 16:18 sê Jesus aan Petrus: “Ek sê vir jou: Jy is Petrus (*Petros*), en op hierdie rots (*petra*) sal Ek my kerk bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Die woordspeling tussen *Petros* en *petra* val ’n leser dadelik op.

Die Hebreuse woorde *sûr* en *sela* word vir die woord rots gebruik (Richards, 1985:537-538; Den Heyer & Schelling, 2000:387; Walker, 2000:1133; Ellis, 1996:1021-1022). *Sûr* veronderstel die groot, onbeweeglike rotsformasies wat die fundamente van berge is (Richards, 1985:537-538; Ellis, 1996:1022). Soos *sûr* verwys die Griekse woord *petra* na ’n massa rotsformasie wat stabiliteit en veiligheid kan simboliseer (Richards, 1985:537-538; Cullmann, 1968:95). Louw en Nida (1988a:23) definieer *petra* as ’n rotsbodem, kranse of berglyste. Daarteenoor verwys *Petros* na ’n kleiner klip soos die wat in ’n slingervel gesit word (Richards, 1985:537-538; Cullmann, 1968:95). As die dissipel dan *Petros* genoem word, is hy ’n kleiner klip uit die groter massa (Richards, 1985:538).

Sommige eksegete onderskei nie te streng tussen die betekenis van *Petros* en *petra* nie. Dit is omdat die Aramese woord *Kepha* vir hulle agter beide woorde lê en die woorde as gevolg daarvan dikwels uitruilbaar gebruik word (Cullmann, 1968:95; Davies & Allison, 1991:627). Ander eksegete is weer ten gunste van ’n skeiding tussen die betekenis (vgl. Gundry, 1982:334).

Waarskynlik kan die dissipel nie gelykgestel word aan die rotsfondament waarop die kerk gebou word nie. Eerstens maak die Nuwe Testament dit by verskeie geleenthede duidelik dat Jesus die fondament is waarop die kerk gebou word (1 Kor. 3:11; Hand. 4:10-11; 1 Pet. 2:7; vgl. MacArthur, 2005:1154).

Tweedens – indien *Petros* as ’n kleiner steen gedefinieer word, is ’n vergelyking tussen Matt. 16:18 en 1 Pet. 2:5 moontlik. In Matt. 16:18 sê Jesus: “*su ei Petros, kai epi taute te petra oikodomeso mou ten ekklesian kai pulai adou ou katisgusousin.*” 1 Pet. 2:5 beskryf gelowiges as lewende stene in ’n geestelike huis. Sou Matt. 16:18 en 1 Pet. 2:5 vergelykbaar wees, verwys *Petros* in Matt. 16:18 eerder na die dissipel as ’n lewende steen in ’n geestelike huis en nie na die rotsfondament nie.

Derdens – Jesus se lering is die grondliggende fondament vir die dissipels (Matt. 7:24-29) en in Matt. 16:18 funksioneer die dissipel as fondament net soos al die apostels en profete in Ef.

2:20-22<sup>7</sup> (Keener, 2009:427). Volgens 1 Kor. 3:11 het Paulus homself as 'n bouer beskou wat 'n fondament lê. Binne die konteks van 1 Kor. 1-3 kan hierdie fondament gelykgestel word aan die woordverkondiging wat weer gebaseer is op Jesus Christus as ware fondament. Waarskynlik moet Apollos en Sefas ook beskou word as bouers wat die fondament lê (1 Kor. 1:12, 3:21). So gesien verwys die rotsfondament van Matt. 16:18 eerder na die Woord wat verkondig is. Die verkondigde Woord is gebaseer op Christus as ware fondament.

Vierdens wys Luz (2001:361-365) daarop dat Jesus niks aan die dissipel toesê wat Hy nie reeds voorheen op al sy dissipels van toepassing gemaak het nie: 'n Standpunt wat aan Petrus voorrang gee, veronderstel gewoonlik dat die dissipel nie as groepsvertegenwoordiger bely het nie, maar as individu. In Matt.14:33 is dit egter al die dissipels wat Jesus as die Seun van God bely. Verder beskou 'n voorrangsdogma Matt. 16:17 as 'n spesiale openbaring aan Petrus alleen, maar volgens Matt. 11:27 openbaar die Seun die Vader aan al sy volgelingen. Luz wys voorts daarop dat 'n voorrangsbekouing gewoonlik op die siening dat die sleutels van die Koninkryk aan Petrus as individu gegee word (Matt. 16:19), berus, maar dat Jesus volgens Matt. 18:18 die sleutels van die Koninkryk aan al die dissipels gee.

Opsommend gestel, blyk dit dus eerder waarskynlik te wees dat die betekenis van *Petros* en *petra* in Matt. 16:18 van mekaar onderskei moet word. Eerstens openbaar die Nuwe Testament baie duidelik dat Christus die rotsfondament is waarop die kerk gebou word. *Petros* as verwysende na die dissipel kan dus nie die rotsfondament as antesedent hê nie. Tweedens is 'n vergelyking tussen Matt. 16:18 en 1 Pet. 2:5 moontlik. As 1 Pet. 2:5 alle gelowiges as lewende stene in 'n geestelike huis beskryf, moet *Petros* in Matt. 16:18 eerder na 'n klip verwys. Derdens: Selfs al sou die letterlike betekenis van *Petros* gelyk gestel kan word aan *petra* en gevolglik 'n rotsfondament veronderstel, sou die figuurlike betekenis nie Petrus as rotsfondament impliseer nie. Volgens Ef. 2:20 is gelowiges 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en profete. Maar in die lig van 1 Kor. 2-3 (veral 3:10) wil dit eerder voorkom asof die Woord wat verkondig is die rotsfondament is. Hierdie Woord is dan gebaseer op Jesus as ware rotsfondament. Vierdens maak Luz dit duidelik dat Jesus niks aan Petrus toegesê het wat Hy nie voorheen reeds aan al die dissipels toegesê het nie. Waarskynlik moet *Petros* in Matt. 16:18 dus verstaan word as 'n klip. As Matt. 16:18 dan met 1 Pet. 2:5 vergelyk word, is die dissipel 'n lewende steen in die huis van God.

---

<sup>7</sup> Ef. 2:20-22: Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

Tog kan 'n bespreking van die woorde *Petros* en *petra* nie hier eindig nie. *Petros* verwys na 'n kleiner klip en gevolglik moet *petra* die rotsfondasie in die oog hê. *Petros* as kleiner steen impliseer die dissipel, maar die figuurlike antesedent van *petra* moet nog bepaal word.

*Petra* as rotsfondament verwys in Matt. 16:18 waarskynlik na Jesus as Christus. Die Nuwe Testament openbaar dat Hy die rotsfondament van die kerk is. Dit word duidelik as onder andere Hand. 4:11-12 en 1 Kor. 3:11 bestudeer word (MacArthur, 2005:1154). Volgens 1 Kor. 3:11 het Paulus die fondament gelê en 'n ander bou daarop. Tog kan daar nie 'n ander fondament gelê word as wat reeds gelê is nie. Daardie finale fondament is Christus. Die konteks van 1 Kor. 1-3 veronderstel dat die fondament wat Paulus gelê het die Woord is wat hy verkondig het. Die Woord is egter gebaseer op Christus as finale fondament.

Hand. 4:10-11 openbaar Jesus ook as die fondament waarop die kerk gebou word. Dit is 'n vervullingsitaat van Ps. 118:22<sup>8</sup>. Ps. 118:22 lees dat die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis die belangrikste klip in die gebou geword het. Uit Hand. 4:10-11 is dit duidelik dat die klip na Jesus verwys. Dit is opmerklik dat Matt. 21:42 ook Ps. 118:22 aanhaal. As Jesus dan die belangrikste klip is volgens Ps. 118:22 en Hand. 4:10-11, is dit ook die geval met Matt. 21:42. Matt. 21:42 is betekenisvol omdat dit insig mag gee in die evangeliese algemene gebruik van die woord rots. Daar mag gewonder word of dit wel die geval is, aangesien Matt. 21:42 nie die woord *petra* gebruik nie maar wel die woord klip (*lithos*). Tog word *lithos* in Matt 21:42 beskryf as die belangrikste klip en dus kan die twee woorde sinoniem funksioneer.

Dit is dus duidelik dat die dissipel (*Petros*) na 'n lewende steen in 'n geestelike huis verwys terwyl *petra* as rotsfondament na Christus self verwys. Die twee woorde kan egter nie van mekaar geskei word nie, omdat die woordspel tussen *Petros* en *petra* 'n verband impliseer. Petrus self verduidelik hierdie verband in 1 Pet. 2:4-5: 1 Pet. 2:4<sup>9</sup> openbaar Jesus as die lewende steen wat deur die mense afgekeur is maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 1 Pet. 2:5<sup>10</sup> beskryf gelowiges as lewende stene in 'n geestelike huis. So gesien wil dit voorkom asof gelowiges lewende stene in 'n geestelike huis is wat gebou is op Christus as lewende fondament (vgl. MacArthur, 2005:1154). Waar 1 Pet. 2:4-5 die verband tussen Christus en gelowiges meer eksplisiet stel, word dit in Matt. 16:18 gereflekteer deur die woordspeling tussen *Petros* en *petra*: Die dissipel (*Petros*) is 'n kleiner steen wat gebou is op die rotsfondament (*petra*). Volgens die Nuwe Testament is Jesus as Christus hierdie

---

<sup>8</sup> Ps. 118:22 lui: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword."

<sup>9</sup> 1 Pet. 2:4: "Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is." Daar is 'n refleksie van Ps. 118:22 in 1 Pet. 2:4.

<sup>10</sup> 1 Pet. 2:5: "Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is."



rotsfondament.

Opsommend kan dus gestel word dat die dissipel nie die rotsfondament is waarop die kerk gebou word in Matt. 16:18 nie omdat die woorde *Petros* en *petra* verskillende betekenisse het. Jesus wil waarskynlik in Matt. 16:18 aan Petrus dieselfde plek gee as wat aan al die gelowiges in 1 Pet. 2:5 gegee word: Die dissipel is 'n kleiner steen in 'n geestelike huis. Die woord *petra* verwys na die rotsfondament. Vanuit 1 Kor. 3:11 weet ons dat Christus die rotsfondament is. Tog veronderstel die woordspeling tussen *Petros* en *petra* dat die woorde wel met mekaar verband hou. Hierdie verband word dan in 1 Pet. 2:4-5 verduidelik: Christus is die ware, lewende rotsfondament waarop alle gelowiges as lewende stene gebou word.

#### **4.3.2 Vergelyking van die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese evangelies (Matt. 16:13-20, Mark. 8:27-30, Luk. 9:18-21)**

Wanneer die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese evangelies ondersoek word, is dit duidelik dat Matteus Jesus se reaksie op die belydenis opmerklik uitbrei (vgl. ook Suggs, 1985:292). Slegs Matteus bevat die Saligspreking (Matt. 16:17) sowel as die rots- en sleutelmetafore (Matt. 16:18-19). Wat ook opval, is die baie grammatikale verbindings wat getrek word tussen die belydenis van Petrus en die rotsmetafoor.

In sy weergawe van die belydenis van Petrus volg Matteus die patroon van Markus, maar brei tog ook daarop uit. Eers sal 'n sinoptiese vergelyking tussen Matt. 16:13-23, Mark 8:27-33 en Luk. 9:18-22 gedoen word. Daarna volg 'n bespreking van Jesus se reaksie op Petrus se belydenis.

'n Sinoptiese vergelyking tussen die belydenis van Petrus in Matt. 16:13-23, Mark. 8:27-30 en Luk. 9:18-22 sien soos volg daar uit (n.a.v. Burgess, 1974:84).

**Tabel 4.1: Vergelyking van die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese evangelies**

	<b>Matt. 16:13-23</b>	<b>Mark. 8:27-30</b>	<b>Luk. 9:18-22</b>	<b>Vergelyking</b>
<b>Jesus vra die dissipels wie die mense sê Hy is.</b>	13 Ἐλθὼν δὲ ὁ Ἰησοῦς εἰς τὰ μέρη Καισαρείας τῆς Φιλίππου ἠρώτα τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ λέγων, Τίνα λέγουσιν οἱ ἄνθρωποι εἶναι <sup>3</sup> τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου;	27 Καὶ ἐξῆλθεν ὁ Ἰησοῦς καὶ οἱ μαθηταὶ αὐτοῦ εἰς τὰς κώμας Καισαρείας τῆς Φιλίππου· καὶ ἐν τῇ ὁδῷ ἐπηρώτα τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ λέγων αὐτοῖς, Τίνα με λέγουσιν οἱ ἄνθρωποι εἶναι;	18 Καὶ ἐγένετο ἐν τῷ εἶναι αὐτὸν προσευχόμενον κατὰ μόνας συνῆσαν αὐτῷ οἱ μαθηταί, καὶ ἐπηρώτησεν αὐτοὺς λέγων, Τίνα με λέγουσιν οἱ ὄχλοι εἶναι;	Matteus en Markus plaas die belydenis van Petrus in die streke van Sesarea-Filippi. Lukas rapporteer nie waar dit gebeur het nie, maar voeg by dat Jesus besig was om te bid. Jesus se vraag het in Markus en Lukas die woord "einaí" en in Matteus die titel "ton uion tou anthropou" (kyk ook Davies & Allison, 1991:604).
	οἱ δὲ εἶπαν, Οἱ μὲν Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν ἄλλοι δὲ Ἠλίαν, ἕτεροι δὲ Ἰερεμίαν ἢ ἓνα τῶν προφητῶν.	οἱ δὲ εἶπαν αὐτῷ λέγοντες [ὅτι] Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, καὶ ἄλλοι, Ἠλίαν, ἄλλοι δὲ ὅτι εἰς τῶν προφητῶν.	οἱ δὲ ἀποκριθέντες εἶπαν, Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, ἄλλοι δὲ Ἠλίαν, ἄλλοι δὲ ὅτι προφήτης τις τῶν ἀρχαίων ἀνέστη	Die antwoord van die dissipels stem in al drie evangelies ooreen, behalwe dat Matteus die naam van Jeremia byvoeg (kyk ook Davies & Allison, 1991:604).
	λέγει αὐτοῖς, Ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι;	καὶ αὐτοὺς ἐπηρώτα αὐτοὺς, Ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι;	εἶπεν δὲ αὐτοῖς, Ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι;	As Jesus sy vraag op die dissipels infokus, stem al drie evangelies ooreen.
<b>Die belydenis van Petrus.</b>	16 * ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν, Σὺ εἶ ὁ Χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος	ἀποκριθεὶς ὁ Πέτρος λέγει αὐτῷ, Σὺ εἶ ὁ Χριστὸς	Πέτρος δὲ ἀποκριθεὶς εἶπεν, Τὸν Χριστὸν τοῦ θεοῦ.	As Petrus Jesus bely, verwys Markus en Lukas na die dissipel slegs as Petrus. Matteus verwys na hom as Simon Petrus (vgl. Davies & Allison, 1991:604). Beide Markus en Matteus verwys na Jesus as Christus, maar Matteus voeg by dat Jesus die Seun van die lewende God is (vgl. Burgess, 1974:84). Lukas gebruik die Messiaanse titel Gesalfde van God.
<b>Jesus se reaksie.</b>	ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ, Μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ' ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς. 18 * κἀγὼ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν <sup>11</sup> καὶ πύλαι ᾄδου οὐ κατισχύσουσιν			Vir die fokus van hierdie studie is dit belangrik dat Matteus Jesus se reaksie betekenisvol uitbrei. Sy evangelie bevat sowel die Saligspreking as die rots- en sleutel- metafore wat nie in die ander twee evangelies te vind is nie (vgl. Davies & Allison, 1991:604). Markus en Lukas het slegs Jesus se bevel om nie sy identiteit bekend te maak

<sup>11</sup> Die gebruik van die woord *ekklesia* het gelei tot die bewering dat Jesus nie self die metafoor gemaak het nie. Tog was dit waarskynlik aan Griekssprekende Jode bekend omdat *ekklesia* die LXX-vertaling van *qahal* (die gemeente van God) is (France, 1989:211).

**Tabel 4.1: Vergelyking van die belydenis van Petrus in die drie sinoptiese evangelies (vervolg)**

	<b>Matt. 16:13-23</b>	<b>Mark. 8:27-30</b>	<b>Luk. 9:18-22</b>	<b>Vergelyking</b>
<b>Jesus se reaksie.</b>	αὐτῆς. 19 * δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν ,καὶ ὃ ἐὰν δήσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς.			nie as reaksie op Petrus se belydenis. In Matteus word Petrus geseen, die rots genoem en die sleutels van die Koninkryk word aan hom oorhandig (Burgess, 1974:84). Meer oor Jesus se reaksie hierna.
	τότε διεστείλατο τοῖς μαθηταῖς ἵνα μηδεὶ εἴπωσιν ὅτι αὐτός ἐστιν ὁ Χριστός.4.i	καὶ ἐπέτιμησεν αὐτοῖς ἵνα μηδεὶ λέγωσιν περὶ αὐτοῦ.i	22 εἰπὼν ὅτι δεῖ τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου πολλὰ παθεῖν καὶ ἀποδοκιμασθῆναι ἀπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ ἀρχιερέων καὶ γραμματέων καὶ ἀποκτανθῆναι καὶ τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ γερθῆναι.	In al drie evangelies belet Jesus sy dissipels om aan die mense sy ware identiteit bekend te maak. Matteus herhaal egter Jesus se titel as Christus. So maak die evangelie die verbod meer spesifiek (Davies & Allison, 1991:604). Ook vorm dit 'n inclusio rondom Jesus se reaksie. Vir Markus en Lukas is Jesus se stiltebevel die enigste reaksie op Petrus se belydenis.

Die leser merk op dat Matteus Jesus se reaksie op Petrus se belydenis betekenisvol uitbrei. Markus en Lukas het slegs Jesus se bevel om nie sy identiteit (nou al) bekend te maak nie en eerste lydensaankondiging as reaksie. Matteus brei dit uit deur die Saligspreking (Matt. 16:17) sowel as die rots- en sleutelmetafore by te voeg (Matt. 16:18-19).

Die Matteus-evangelie is by uitstek die evangelie van die kerk. Dit is die enigste evangelie wat die woord *ekklesia* gebruik (Luz, 2001:357): Een keer in die perikoop onder die vergrootglas (Matt. 16:18) en twee keer in Matt. 18:17. Matteus trek waarskynlik 'n verband tussen die Saligspreking (Matt. 16:17), die rotsmetafoor (Matt. 16:18), die sleutelmetafoor (Matt. 16:19), die woord *ekklesia* (Matt. 16:18) en Jesus se titel as Christus (Matt. 16:16,20). Hy doen dit op drie wyses: Anders as Markus en Lukas, herhaal Matteus Jesus se titel as Christus in die stiltebevel (Matt. 16:20). So vorm *Christos* 'n inclusio rondom die Saligspreking, die rots- en sleutelmetafore sowel as die woord *ekklesia* (vgl. Matt. 16:16,20). Tweedens is die inleiding tot Petrus se belydenis (Matt. 16:16a) en Jesus se reaksie (Matt. 16:17a) as 'n parallel geformuleer (Davies & Allison, 1991:621). Petrus se belydenis begin met die woorde “*apokritheis de Simoon Petros eipen: su ei o Christos...*” Jesus se reaksie begin met die woorde “*apokritheis de o Iesous eipen autoo: makarios ei, Simon Bariona...*”

Derdens is die belydenis van Petrus en die rotsmetafoor gelyksoortig geformuleer (Davies & Allison, 1991:625). Petrus bely Jesus as “*su ei Christos*” (Matt 16:16) en Jesus spreek Petrus aan as “*su ei Petros*” (Matt. 16:18). Ook kan gevra word of die herhaling van die name Simon en Petrus nie ’n verband tussen die belydenis en Jesus se reaksie veronderstel nie. In die inleiding tot die belydenis word die dissipel op sy dubbelnaam as Simon Petrus geïdentifiseer (Matt. 16:16a). Dit kan enersyds verband hou met “*su ei Petros*” (Matt. 16:18; vgl. Luz, 2001:361) en andersyds met “*Simon Bariona*” (Matt. 16:17a; Davies & Allison, 1991:619).

Verder trek die teks ook inhoudelik ’n verband tussen die belydenis van Petrus en die rots metafoor: Die dissipel bely Jesus as “*su ei o Christos o uios tou Theou tou zoontos*”. In die rotsmetafoor sê Jesus “*kai pulai adou ou katisxusousin autes*”. Die Seun, wat saam met God teenoor die mens staan, deel in die kwaliteit van lewe so volmaak dat Hy die kerk kan belowe dat die doderyk dit nie sal oorwin nie; die dood het sy mag oor die volgelinge van die Seun verloor omdat hulle deur die lewende God beskerm word (Davies & Allison, 1991:621; France, 2007:623). Hierdie lewegewende vermoë van Jesus as Rotsfondasie is die antitese van die klipmetafoor in Matt. 21:44. Volgens Matt. 21:44 word Jesus ’n oordeelsklip vir die mense wat Hom verwerp. Soos wat Hy oordeel bring vir dié wat Hom verwerp, so bring Hy lewe vir sy kerk.

#### **4.3.3 Plek van die perikoop in die Matteus-evangelie**

Die belydenis van Petrus (Matt. 16:13-20) is die begin van ’n fokusverskuiwing in die bedieningsnarratiewe. Hoofstukke 11-16:12 het ’n skerp ingesteldheid op die stryd tussen Jesus en die Jode wat Hom verwerp (Matt. 11:1-25, 12:1-14, 22-45, 13:10-16, 24-30, 53-57, 14:1-12, 15:1-20, 16:1-12). Hoofstukke 16:13-20:34 fokus op Christus, die koms van die Koninkryk en die kerk. Dit word duidelik as die evangelis deurlopend die volgende woorde en frases gebruik: Christus, die Seun van die lewende God, die Seun van die mens, Vader wat in die hemel is, *Basileias toon ouranoon* en *ekklesia*. Al hierdie benaminge word reeds in die belydenis van Petrus bekendgestel. Petrus bely Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God (Matt. 16:16). Jesus se titel as Christus word in die stiltebevel herhaal (Matt. 16:20). Die waarheid van sy titel as Seun van God word in die verheerliking op die berg (Matt. 17:4) bevestig (Davies & Allison, 1991:620). Jesus het die dissipels gevra wie die mense sê die Seun van die mens is (Matt. 16:13). Hierdie titel word nege keer herhaal in die perikoop (Matt. 16:13, 27-28, 17:9,12, 22, 19:28, 20:18,28). In die Saligspreking gebruik Matteus sy kenmerkende formulering “Vader wat in die hemel is” (Matt. 16:17). Dit word vyf keer in die perikoop herhaal (Matt. 16:17, 18:10, 14, 19, 35) en die woord Vader word twee keer gebruik (Matt. 16:27, 20:23). Verder gebruik Matteus nog ’n kenmerkende formule in die sleutelmetafoor: “*Basileias toon ouranoon*” (Matt. 16:19). Dit word nege keer herhaal (Matt.

16:19, 18:1, 3, 4, 23, 19:12, 14, 23, 20:1) en die woord “*ouranos*” word vyf keer gebruik (Matt. 16:19, Matt. 18:18, 19:21). Die woord *ekklesia* kom drie keer in die perikoop voor (Matt. 16:18, 18:17). Hoewel dit nie so baie soos die Christologiese titels en Koninkryksterme herhaal word nie, is dit betekenisvol omdat Matteus die enigste evangelis is wat die woord *ekklesia* gebruik (Gundry, 1982:331).

Van Matt. 16:13 tot Matt. 20:34 word die verhouding tussen Christus, die koms van sy Koninkryk en die kerk in samehangende perspektief gestel. Al drie hierdie begrippe word reeds in die belydenis van Petrus (Matt. 16:13-20) bekendgestel. Wat is dan die funksie van die belydenis van Petrus in Matt. 16:13-20:34? Vanuit die prediking van Johannes die Doper het dit duidelik geword dat die koms van die Koninkryk mense tot bekering oproep (Matt. 3:2). Tydens die bespreking van die vraag oor Jesus se gesag (Matt. 21:23-46; kyk 3.3.1) het dit duidelik geword dat geloof in Christus die ware bekering is wat die koms van die Koninkryk verlang. Omdat die Joodse leiers nie tot belydenis gekom het nie, word die Koninkryk van hulle af weggeneem en word Jesus vir hulle ’n klip wat hulle vermorsel (Matt. 21:43, 44). In teenstelling met die Joodse leiers kom Petrus en die ander dissipels wel tot die belydenis. Hulle – en ander soos hulle – is dus die nuwe volk wat die Koninkryk ontvang (Matt. 21:43). Vir hulle word Jesus nie ’n klip wat hulle vermorsel nie. Vir hulle is Jesus die Rots wat aan die kerk triomf oor die poorte van die doderyk gee.

#### **4.3.4 Makro- en mikro-opbou van Matt. 16:13-20**

Volgens Davies en Allison (1991:602) bestaan Matt. 16:13-20 uit ’n inleiding (v. 13a), dialoog (v. 13b-19) en slot (v. 20). Verse 17-19 bestaan uit drie parallelle hoofsinne wat elk deur ’n koeplet bestaande uit twee antitetiese bysinne opgevolg word (vgl. ook Davies & Allison, 1991:602; Gundry, 1982:331). Luz (2001:354) struktureer die perikoop volgens Jesus se twee retoriese vrae aan die dissipels (v. 13-16), Jesus se reaksie op die belydenis (v. 17-19) en die stiltebevel (v. 20). Jesus se retoriese vrae is weer onderling verdeel: Eerstens vra Hy wie die mense sê Hy is en tweedens vra Hy wie die dissipels sê Hy is. Soos Davies en Allison, sien Luz in v. 17-19 drie hoofsinne wat elk deur ’n parallelisme opgevolg word. Luz is waarskynlik meer korrek in sy struktureering van die perikoop: Na die belydenis van Petrus (v. 16) is daar ’n merkbare verandering in die perikoop wat nie so duidelik in Davies en Allison se struktureering na vore kom nie.

Hoewel Luz korrek is in sy strukturering van die perikoop, kan die makro-opbou van Matt. 16:13-20 ook soos volg daar uitsien.

**Tabel 4.2 Die Makro-opbou van Matt.16:13-20**

<b>RETORIESE VRAE AAN DIE DISSIPELS (Matt. 16:13-16)</b>	
<b>1) Algemene retoriese vraag (Matt.16:13)</b>	<b>Doel</b>
Ἐλθὼν δὲ ὁ Ἰησοῦς εἰς τὰ μέρη Καισαρείας τῆς Φιλίππου ἠρώτα τοὺς μαθητὰς αὐτοῦ λέγων, Τίνα λέγουσιν οἱ ἄνθρωποι εἶναι τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου	Om belydenis te ontlok (vgl. Hare, 1993:189).
<b>Antwoord (Matt. 16:14)</b>	<b>Doel</b>
οἱ δὲ εἶπαν, Οἱ μὲν Ἰωάννην τὸν βαπτιστὴν, ἄλλοι δὲ Ἡλίαν, ἕτεροι δὲ Ἰερεμίαν ἢ ἓνα τῶν προφητῶν.	Om skares se verkeerde persepsie van Jesus aan die lig te bring.
<b>2) Spesifieke retoriese vraag (Matt. 16:15)</b>	<b>Doel</b>
λέγει αὐτοῖς, Ὑμεῖς δὲ τίνα με λέγετε εἶναι	Om belydenis te ontlok.
<b>Belydenis (Matt. 16:16)</b>	<b>Doel</b>
ἀποκριθεὶς δὲ Σίμων Πέτρος εἶπεν, Σὺ εἶ ὁ Χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ τοῦ ζῶντος	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om te funksioneer as die doelwit waarheen retoriese vrae opbou.</li> <li>• Om as katalisator vir Jesus se reaksie te funksioneer.</li> </ul>
<b>JESUS SE REAKSIE OP DIE BELYDENIS (Matt. 16:17-20)</b>	
<b>1) Saligspreking (Mat. 16:17)</b>	<b>Doel</b>
ἀποκριθεὶς δὲ ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ, Μακάριος εἶ, Σίμων Βαριωνᾶ, ὅτι σὰρξ καὶ αἷμα οὐκ ἀπεκάλυψέν σοι ἀλλ' ὁ πατήρ μου ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die oorsprong en gevolg van die belydenis aan te dui.</li> <li>• Om die belydenis te bevestig.</li> </ul>
<b>2) Rotsmetafoor (Matt. 16:18)</b>	<b>Doel</b>
18 * κἀγὼ δέ σοι λέγω ὅτι σὺ εἶ Πέτρος, καὶ ἐπὶ ταύτῃ τῇ πέτρᾳ οἰκοδομήσω μου τὴν ἐκκλησίαν <sup>12</sup> καὶ πύλαι ᾄδου οὐ κατισχύσουσιν αὐτῆς.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die konsep van die triomferende kerk aan die lesers bekend te stel.</li> <li>• Om 'n verband te trek tussen die rotsmetafoor en die belydenis (Sinsnede <i>σὺ εἶ Πέτρος</i> trek verband met <i>σὺ εἶ ὁ Χριστός</i> in Matt. 16:16).</li> </ul>

<sup>12</sup> Die gebruik van die woord *ekklesia* het gelei tot die bewering dat Jesus nie self die metafoor gemaak het nie. Tog was dit waarskynlik aan Griekssprekende Jode bekend omdat *ekklesia* die LXX-vertaling van *qahal* (die gemeente van God) is (France, 1989:211).

Tabel 4.2 Die Makro-opbou van Matt.16:13-20 (vervolg)

<b>JESUS SE REAKSIE OP DIE BELYDENIS (Matt. 16:17-20)</b>	
<b>3) Sleutelmetafoor (Matt. 16:19)</b>	<b>Doel</b>
<p>δώσω σοι τὰς κλεῖδας τῆς βασιλείας τῶν οὐρανῶν, καὶ ὃ ἐὰν δήσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται δεδεμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς, καὶ ὃ ἐὰν λύσῃς ἐπὶ τῆς γῆς ἔσται λελυμένον ἐν τοῖς οὐρανοῖς.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om gesag aan die kerk toe te ken. Waarskynlik moet die gesag verstaan word met betrekking tot die kerklike tug wat weer gebaseer is op die leer van Christus (Gundry, 1982:335). Verder kan die sleutels ook God se wil wees wat Petrus verkondig het (Luz, 2001:365). Die gesag word egter nie aan Petrus as persoon toegeken nie: Volgens Op. 3:7 is dit Jesus wat die sleutel van Dawid het. In Matt. 16:17 is dit eerder die verkondigde Woord/leer wat gesag het omdat dit geopenbaar is deur die Een aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort (Matt. 28:18).</li> </ul>
<b>4) Stiltebevel (Matt. 16:20)</b>	<b>Doel</b>
<p>τότε διεστείλατο τοῖς μαθηταῖς ἵνα μηδενὶ εἴπωσιν ὅτι αὐτός ἐστιν ὁ Χριστός</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die belydenis te bevestig.</li> <li>• Om Jesus se titel as <i>Christos</i> as inclusio rondom Matt.16:16-20 te laat funksioneer.</li> <li>• Om lesers voor te berei op die eerste lydensaankondiging (Matt. 16:21-23). Dit was nodig dat die Messias eers ly en daarna verhoog word voordat die skares die volle impak van sy Messiaanse werk sou verstaan.</li> </ul>

As Matt. 16:13-20 op makrovlak geanaliseer word, is dit duidelik dat die belydenis van Petrus (Matt. 16:16) die spilpunt van die perikoop is. Die retoriese vrae is daarop gemik om die belydenis te ontlok. Verder vloei die Saligspreking sowel as die rots- en sleutelmetafore voort uit Petrus se belydenis. In die stiltebevel word Jesus se titel as Christus herhaal.

Ook op die mikrovlak wil dit voorkom asof die belydenis van Petrus die fokuspunt van die perikoop is. Dit is opmerklik dat Matteus dikwels woorde of frases in die belydenis elders in die perikoop herhaal:

1) Jesus word in Matt. 16:16 as “*o uios tou Theou tou zontos*” bely. Matt. 16:13 gebruik Jesus se titel as “*ton uion tou anthropou.*”

2) Die inleiding tot Petrus se belydenis (Matt.16:16) en die inleiding tot Jesus se reaksie (Matt.16:17) is gelyksoortig geformuleer. Petrus se belydenis word ingelei met die woorde “*apokritheis de Simon Petros eipen su ei o Christos*” (Matt. 16:16). Jesus se reaksie word

ingelei met die woorde “*apokritheis de o Iesus eipen autoo makarios ei, Simon Bariona*” (Matt. 16:17; Davies & Allison, 1991:621). Matt. 16:17 word op twee maniere met die belydenis van Petrus verbind: Eerstens kan die woord “*apokritheis*” vertaal word as antwoordende (Louw & Nida, 1988a:409; vgl. Gundry, 1982:331). Soos wat Petrus geantwoord het op Jesus se spesifieke vraag (Matt. 16:16), so antwoord Jesus nou op Petrus se belydenis (Matt. 16:17). Tweedens het die woord “*oti*” (dit) duidelik die belydenis van Petrus as antesedent. Terwyl die woord “*oti*” slegs die Saligspreking (Matt. 16:17) met die belydenis verbind, verbind “*apokritheis*” Jesus se reaksie as geheel (Matt. 16:17-19) met die belydenis.

3) Petrus word in sy belydenis as Simon *Petros* geïdentifiseer (Matt.16:16). Die naam *Petros* word in die rotsmetafoor herhaal (Matt.16:18). In die Saligspreking spreek Jesus Petrus as *Simon Bariona* aan (Matt. 16:17).

4) Petrus bely Jesus as “*su ei Christos*” (Matt.16:16). Jesus spreek Petrus aan as “*su ei Petros*” (Matt.16:18; Davies & Allison, 1991:625). Waarskynlik moet die woorde “*makarios ei, Simon Bariona*” daarby ingesluit word (Matt. 16:17).

5) Die perikoop trek waarskynlik semantiese verbande tussen die belydenis van Petrus (Matt.16:16) en die rotsmetafoor (Matt.16:18). Petrus bely Jesus as die Seun van die lewende God (klem bygevoeg). In die rotsmetafoor word die kerk as ’n triomferende kerk geskets wat nie deur die poorte van die doderyk oorweldig sal word nie (klem bygevoeg). Die Seun van God is die volmaakte Bron van lewe in Wie die kerk lewe vind. In die woorde van Davies en Allison (1991:621) gestel: “Death has lost its power over the followers of the Son of God, for they are protected by ‘the living God.’”

Die woord “*makarios*” (Matt. 16:17) kan ook ’n verband met die triomferende kerk (Matt. 16:18) aandui. Petrus en die dissipels is geseënd omdat God Jesus as die Messias aan hulle geopenbaar het. Die kerk, volgens Matt. 16:18, is ’n triomferende kerk. Waarskynlik sinspeel die evangelie daarop dat Petrus en die dissipels geseënd is omdat hulle deur die Godgeopenbaarde belydenis deel kry in die kerk wat triomfeer.

6) Dit is opmerklik dat Jesus se titel as Christus in die stiltebevel herhaal word (vgl. Matt. 16:16, 20). So vorm Jesus se titel as Christus ’n inclusio rondom die belydenis en Jesus se reaksie. ’n Inclusio kan gedefinieer word as ’n styltegniek waarvolgens dieselfde of parallelle woorde gebruik word om die begin en einde van ’n perikoop aan te dui (Kaiser & Silva, 1994:285). Waarskynlik wil Jesus ’n verband trek tussen Jesus se reaksie en sy titel as Christus.



Die makrovlak-ontleding bring aan die lig dat die belydenis van Petrus die kernvers van die perikoop is. Die retoriese vrae wat Jesus aan die dissipels stel, is daarop gemik om die belydenis te ontlok. Verder vloei Jesus se reaksie voort uit die belydenis. Op mikrovlak wil dit ook voorkom asof die belydenis die kernvers vorm. Binne die belydenis is daar talle woorde of frases wat elders in die perikoop 'n parallel het. Daar kan wel verwys word na die “*ouranos*”-herhalings tussen “*o pater mou o en tois ouranois*” (Matt. 16:17) en die gesagsuitsprake wanneer Jesus die sleutels aan Petrus as groepsvertegenwoordiger gee (Matt. 16:19). Die meeste herhalings kom egter voor tussen die frases “*apokritheis de Simon Petros eipen su ei o Christos*” (Matt. 16:16), “*apokritheis de o Iesous eipen autoo makarios ei, Simon Bariona*” (Matt. 16:17) en “*su ei Petros*” (Matt. 16:18). Gevolglik moet die res van die perikoop in die lig van die belydenis verklaar word.

#### 4.4 SLOT

In die lig van die verklaringsgeskiedenis van die rotsmetafoor (Matt. 16:18), is dit onwaarskynlik dat die woord rots na die persoon van Petrus verwys. Die geskifte van die vroeë kerk het min verwysings na 'n voorrangsverklaring bevat. Ook was die oorspronklike vorm van die voorrangsverklaring beduidend anders as die vorm waarin Leo die Grote dit laat ontwikkel het. Dit wil voorkom asof die Roomse tradisie, ook tydens die Reformasie, nie gepoog het om die voorrangsbeginsel vanuit die Skrif te fundeer nie, maar eerder vanuit patristiese verklarings.

Anders as voorstanders van die voorrangsbeginsel, het Chrysostomos, Hieronimus, Bede, Origenes, Hillarius van Poitiers en Cyrillus van Aleksandrië óf Jesus as Messias óf die belydenis van Petrus as die rots van Matt. 16:18 beskou. Origenes kan by die groep ingesluit word sover dit sy geestelike verklaring aangaan. Augustinus het die voetspore getrap waarin die Reformatore later sou volg: Jesus is die Rots waarop die kerk gebou word, en Petrus staan op hierdie rots omdat “geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie”. Die Reformatore beskou Jesus Christus eenstemmig as die Rots waarop die kerk gebou word. Vir hulle is die Roomse pous slegs 'n leraar in die kerk van Rome en 'n medewerker. Hulle volg Augustinus in die opsig dat hulle nooit 'n skeiding maak tussen Jesus Christus as Rots en die belydenis van Petrus nie. Tans volg die Reformatoriese tradisie die patroon wat deur Augustinus en die Reformatore uiteengesit is.

Die verskil in betekenis tussen die woorde *Petros* en *petra* in Matt. 16:18 wys ook dat Petrus nie as die rotsfondament beskou kan word nie. Die woord *petra* verwys wel na 'n rotsfondament, maar die woord *Petros* verwys na 'n kleiner steen. Vanuit 1 Kor. 3:11 word dit duidelik dat Jesus as Christus die rotsfondament is en 1 Pet. 2:5 identifiseer die dissipel as

die kleiner steen. Tog veronderstel die woordspeling en 'n vergelyking met 1 Pet. 2:4-5 dat die twee nie van mekaar geskei kan word nie. In lyn met Augustinus en die Reformatore kan die rotsmetafoor dus soos volg verduidelik word: Jesus is die fondament waarop die kerk gebou word, maar Petrus word as gevolg van sy belydenis 'n kleiner steen in die kerk.

'n Sinoptiese vergelyking tussen die parallelle belydenistekste in Matteus, Markus en Lukas toon dat Matteus 'n verband trek tussen Jesus se titel as Christus, die rotsmetafoor en die woord *ekklesia*. Dit kan gesien word in die feit dat Jesus se titel as Christus 'n inclusio vorm rondom Jesus se reaksie, die parallelle formulering tussen die belydenis van Petrus en die rotsmetafoor en die inhoudelike verband tussen Jesus as Seun van die lewende God en die kerk wat oor die poorte van die doderyk triomfeer.

Die plek van die perikoop in Matt. 16:13-20:34 laat blyk dat die dissipels as kerk tot die belydenis kom wat die koms van die Koninkryk verlang. Omdat hulle Jesus bely, word hulle die nuwe volk wat die Koninkryk ontvang.

Die makro- en mikro-opbou van die teks laat blyk dat die belydenis van Petrus die kernvers van die perikoop is. Volgens die makro-opbou is beide retoriese vrae daarop gemik om die belydenis te ontlok terwyl die Saligspreking, rots- en sleutelmetafore en die stiltebevel uit die belydenis voortvloei. Op mikro-vlak is dit duidelik dat verskeie woorde of frases wat in die belydenis van Petrus voorkom, ook in die rotsmetafoor gevind kan word.

Eksegeties blyk dit dus dat die rotsmetafoor in Matt. 16:18 'n kombinasie van Jesus as rotsfondament van die kerk en Petrus as lewende steen in die oog het. Jesus is die Rots waarop die kerk gebou word en Petrus word as gevolg van sy belydenis 'n lewende steen in die kerk wat God bou.

## HOOFSTUK 5

# DIE INSLUITING VAN DIE NIE-JODE BY DIE KERK OP GROND VAN HULLE BELYDENIS VAN JESUS AS DIE CHRISTUS

### 5.1 INLEIDING

Hierdie studie is begin met die vraag of nie-Jode by die kerk ingesluit word op grond van hulle belydenis van Jesus as Christus. Die konteks van die navorsing is soos volg geskets: Die Matteus-evangelie het sowel 'n Joods-spesifieke as 'n universele aard. Dit wil voorkom asof die nie-Jode dikwels tot belydenis van Jesus kom terwyl die meerderheid Jode Hom verwerp. Volgens Matt. 16:18 verwys Jesus na Homself as die Rotsfondament van die kerk, maar die mense wat Hom as Christus bely, word opgeneem as kleiner stene in die bouwerk van die kerk. Gevolglik word nie-Jode deel van die kerk op grond van hulle belydenis. Sommige navorsers betwyfel dit egter of die Matteus-evangelie so 'n positiewe perspektief op die nie-Jode het. As dit die geval is, sou dit ook hulle insluiting by die kerk beïnvloed. Daaruit het die volgende probleemvrae voortgekom:

- Kom nie-Jode tot belydenis van Jesus in die Matteus-evangelie?
- Verwerp Jode Jesus as die Christus volgens die Matteus-evangelie?
- Wat is die betekenis van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk volgens Matt. 16:18 bou?
- Word nie-Jode by die kerk ingesluit op grond van hulle belydenis van Jesus as die Christus?

Die belydenis van Jesus as Christus deur nie-Jode is in Hoofstuk 2 ondersoek. Die verwerping van Jesus as Christus deur die Jode is in Hoofstuk 3 ondersoek. In Hoofstuk 4 is die betekenis van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk volgens Matt. 16:18 bou, bepaal. Aan die hand van 'n oorsig van die bevindinge in die vorige hoofstukke, word in hierdie hoofstuk

tot die gevolgtrekking gekom dat nie-Jode by die kerk ingesluit word op grond van hulle belydenis van Jesus as die Christus. Daar word ook aanbevelings vir verdere navorsingsmoontlikhede gemaak.

## **5.2 SAMEVATTENDE OORSIG EN BEVINDINGE**

### **5.2.1 Die belydenis van nie-Jode volgens die Matteus-evangelie**

In Hoofstuk 2 is die belydenis van Jesus as Christus deur nie-Jode ondersoek: Die Matteus-evangelie toon Joods-spesifieke sowel as universele kenmerke. Die Jode gee aan die evangelie 'n Joods-spesifieke karakter terwyl die nie-Jode 'n universele aard daaraan gee. As transparante teks gee die universele aard van die evangelie te kenne dat daar 'n groot groep nie-Jode in die Matteus-gemeenskap teenwoordig was. Gevolglik is gevra waarom die nie-Jode die voorreg verkry het om deel te wees van die kerk. Die mees waarskynlike antwoord is dat hulle deel word van die kerk omdat hulle Jesus as die Christus bely het.

Reeds in die geboortenarratiewe word dit duidelik dat nie-Jode Jesus as die Christus bely. Die Christologiese titels in die geboortenarratiewe verwys na die Messiaanse profesieë van die Geskrifte waarvolgens die nie-Jode na die Messias vra (vgl. 2.2.1). Die titel Seun van Abraham openbaar dat Abraham in Jesus die vader van baie nasies word (vgl. 2.2.1.3). Die vier nie-Joodse vroue in die genealogie (Matt. 1:1-17) plaas die nasies in die verlede van die Messias: In die verlede was die Messias nie net vir Israel bedoel nie, maar ook vir die ander nasies (vgl. 2.2.2.1). Die woord *laos* verwys na die volk van God – hulle wat waarlik tot aanbidding kom (2.2.2.2). As die Magiërs tot belydenis kom, is hulle volledig deel van God se volk (vgl. 2.2.2.3).

In reaksie op die geboorte-aankondiging is Josef gehoorsaam as hy met Maria trou, en is hy ook 'n vooruitskouing van Jode wat tot belydenis sal kom.

Ook in die bedieningsnarratiewe kom nie-Jode dikwels tot belydenis van Jesus. Beide die Romeinse offisier en die Kanaänitiese vrou bely die gesag van Jesus (vgl. 2.3-2.4). Albei bied 'n vooruitskouing op die seën en oorwinning waaraan nie-Jode deel sal kry. In die Romeinse offisier gee die evangelie 'n vooruitskouing na die nie-Jode wat deel sal hê aan die feesmaal in die Koninkryk van die hemel. Ook die geskiedenis van die Kanaänitiese vrou bied 'n blik op die nie-Jode wat deel sal kry in die kerk wat oor die poorte van die doderyk triomfeer.

Verder word dit ook uit die lydensweek en Groot Sendingopdrag duidelik dat nie-Jode Jesus

as die Christus bely. Die Romeinse offisier en sy soldate aan die voet van die kruis ontvang dieselfde openbaring as wat God reeds vroeër aan sy Joodse dissipels gegee het. Gevolglik kom hulle tot dieselfde belydenis as waartoe die dissipels gekom het (vgl. 2.5). Die Groot Sendingopdrag impliseer dat die Joods-spesifieke aard van die Matteus-evangelie oorkom word en dat die evangelie 'n *hoofsaaklik* universele aard verkry (vgl. 2.6).

### **5.2.2 Die verwerping van Jesus deur Jode volgens die Matteus-evangelie**

In Hoofstuk 3 is die verwerping van Jesus deur die Jode ondersoek: Dit is algemeen bekend dat die Matteus-gemeenskap in 'n felle stryd met die sinagoge gewikkel was. Die *Birkath ha-Minim* en die uitdrukking “*the partings of the ways*” getuig van 'n skerp antagonisme tussen die kerk en die sinagoge. Terwyl die kernpunt van die konflik rondom Jesus as die Christus gewoed het, was die ware identiteit van God se volk ook 'n brandpunt in die stryd. Die Jode het hulleself as die volk van God beskou, maar vir die Matteus-gemeenskap kom hierdie voorreg die kerk toe. Gevolglik is gevra hoekom Matteus nie die meerderheid Jode as deel van God se volk beskou het nie. Die mees waarskynlike antwoord is dat hulle nie deel is van God se volk nie omdat hulle Jesus as die Christus verwerp het.

Omdat die Matteus-evangelie 'n transparante teks is, word die kerk-sinagoge-konflik gereflekteer in Jesus se stryd met sy Joodse tydsgenote. Reeds vanuit die geboortenarratiewe word dit duidelik dat die Jode Jesus sou verwerp as Herodes sy dood beplan en “die hele Jerusalem saam met hom” (Matt. 2:3) ontsteld is oor Jesus se geboorte (vgl. 2.1.2.3)

Die vervullingsitate wys dat die verwerping van Jesus deur Jode reeds in die Geskifte geprofeteer is. Verder plaas dit ook die ongeregtheid van Jesus se Joodse tydsgenote in tydsperspektief en kontinuïteit met dié van die voorgeslagte. Dit is ook 'n waarskuwing aan die Jode aangesien die Messias die goddeloses sou oordeel (vgl. 3.2).

Gedurende die lydensweek is die stryd tussen Jesus en die Jode op sy heel felste. Die strydgesprekke as geheel ontmasker die Fariseërs se huigelmotiewe: Hulle weier om werklik onder Israel te arbei, maak die Seun dood, en slaan nie ag op die uitnodiging na die bruilof nie (vgl. 3.3.1).

Die weerede ontbloot die Fariseërs as leiers wie se woorde en dade mekaar weerspreek. Hulle is verantwoordelik vir die bloedskulde van al die vromes dwarsdeur die verlossingsgeskiedenis van Israel heen. 'n Vergelyking tussen Matt. 23:29-36 en 27:25 toon dat Jesus se dood die hoogtepunt van onskuldige bloedvergieting is (vgl. 3.3.2).

Die ongelof van die meerderheid Jode het gevolge vir hulle ingehou: Vanuit die profetiese rede het dit duidelik geword dat die stad as puinhoop aan hulle oorgelaat sou word (3.3.2) en die gelykenis van die boere en die wingerd het geleer dat die koninkryk van hulle weggeneem sou word. Vir diegene wat nie tot belydenis van Hom kom nie, word Jesus 'n klip wat hulle vermorsel (vgl. 3.4).

### **5.2.3 Die betekenis van die woord *rots* waarop Jesus sy kerk bou volgens Matteus 16:18**

Die betekenis van die rotsmetafoor is in Hoofstuk 4 ondersoek. Vanuit die verklaringsgeskiedenis van die rotsmetafoor in Matt. 16:18 blyk dit dat die woord *rots* nie na Petrus as persoon verwys nie. Die geskrifte van die vroeë kerk bevat min verwysings na 'n voorrangsverklaring en die oorspronklike vorm was beduidend anders as die vorm waarin Leo die Grote dit laat ontwikkel het. Dit wil voorkom asof daar tydens die Reformasie gepoog is om die voorrangsbeginsel te begrond op patristiese verklarings en nie op die Skrif nie (vgl. 4.2.1).

Verskeie kerkvaders het reeds Jesus as Christus self óf die belydenis van Petrus as die rotsfondament beskou. Augustinus het die patroon uitgelê wat die Reformatore later sou volg: Jesus as Christus is die *Rotsfondament* van die kerk, maar Petrus staan op hierdie *Rots* omdat geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie (vgl. 4.2.2-4.2.3).

Tog kan die ware betekenis van die rotsmetafoor nie net uit die verklaringsgeskiedenis afgelei word nie. Die Skrif is en bly die belangrikste Bron wat ondersoek moet word. Eksegeties is dit van belang dat die woorde *Petros* en *petra* nie dieselfde betekenis het nie. *Petros* verwys na 'n kleiner steen terwyl *petra* na 'n rotsfondament verwys. Na aanleiding van 1 Kor. 3:11 verwys *petra* na Jesus as Christus en vanuit 1 Pet. 2:5 kan afgelei word dat *Petros* in Matt. 16:18 na die dissipel verwys. Tog kan die betekenis nie van mekaar geskei word nie. Dit word duidelik uit die woordspeling in Matt. 16:18 sowel as die inherente verband tussen Christus as lewende steen in 1 Pet. 2:4 en die gelowiges as lewende stene in 1 Pet. 2:5 (vgl. 4.3.1). Uit die vergelyking tussen Matt. 16:18, 1 Kor. 3:11 en 1 Pet. 2:4-5 blyk dit dat Augustinus en die Reformatore die mees korrekte verklaring gegee het: Jesus bou die kerk op Homself as die Christus, maar Petrus staan op hierdie Rots omdat geen ander fondament gelê kan word as wat reeds gelê is nie (vgl. 4.3.1).

'n Sinoptiese vergelyking bring aan die lig dat Matteus besondere klem plaas op die kerk, die rotsmetafoor en Jesus se titel as Christus. Matteus trek waarskynlik 'n verband tussen hierdie drie komponente van die perikoop (Matt. 16:13-20). Dit word duidelik vanuit Jesus se

titel as Christus wat 'n *inclusio* vorm rondom Jesus se reaksie enersyds en die parallelle formulering van die belydenis van Petrus en die rotsmetafoor andersyds. Die inhoudelike verband tussen Jesus as Seun van die lewende God en die kerk wat oor die poorte van die doderyk triomfeer veronderstel ook dat daar 'n verband tussen die rotsmetafoor, kerk en belydenis van Petrus is: As gevolg van hulle belydenis het die kerk lewe (vgl. 4.3.2).

As die plek van die perikoop (Matt. 16:13-20) binne die geheelkonteks van Matt. 16:13-20:34 in gedagte gehou word, is dit waarskynlik dat Petrus en al die dissipels tot die belydenis kom wat die koms van die Koninkryk meebring. As gevolg van hulle belydenis word hulle die nuwe volk wat die koninkryk ontvang (vgl. 4.3.3).

Die makro- en mikro-opbou veronderstel dat die belydenis van Petrus (Matt. 16:16) die kernvers van die perikoop (Matt. 16:13-20) is. Die retoriese vrae wil die belydenis ontlok terwyl Jesus se reaksie uit die belydenis voortkom. 'n Mikro-ontleding van die perikoop wys dat verskeie woorde of frases wat in die belydenis van Petrus voorkom, ook in die rotsmetafoor 'n betekenisgewende rol speel (4.3.4).

Gevolglik is die rotsmetafoor in Matt. 16:18 'n betekenis-kombinasie van Jesus as Christus en die belydenis van Petrus. Jesus bou die kerk op Homself as die *Rotsfondament*, maar Petrus word as gevolg van sy belydenis 'n kleiner steen in die bouwerk van die kerk. Omdat die nie-Jode tot dieselfde belydenis as Petrus kom, sal hulle ook kleiner stene word in die kerk.

### **5.3 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE**

Tydens hierdie studie is daar ten minste twee navorsingsmoontlikhede geïdentifiseer wat verder bestudeer sal kan word. Die eerste navorsingsprobleem spruit voort uit die profetiese rede (Matt. 24-25) en die tweede navorsingsprobleem het betrekking op die Kanonieke eenheid tussen die Matteus-evangelie en die Pauliniese briewe.

#### **5.3.1 Navorsingsmoontlikheid 1**

Die probleemvraag van die eerste navorsingsmoontlikheid kan soos volg geformuleer word: Watter perspektief gee die profetiese rede op die seën wat Jode tydens die Wederkoms van Christus sal ontvang?

Die agtergrond hiervan is dat verskeie navorsers die profetiese rede verklaar as dat die Jode Jesus as die Christus verwerp het en dat die gebeure van 70 n.C. die direkte gevolg van hulle ongeloof is. In die profetiese rede het Jesus dan 'n vooruitskouing gegee na die vernietiging van die tempel en Jerusalem (vgl. 3.3.2). So 'n beskouing het drie inherente

probleme: Eerstens fokus dit net op die onmiddellike vervulling van die profetiese rede. Min word gesê oor die volkome vervulling. Waarskynlik sal die profetiese rede volkome vervul word met die Wederkoms van Christus.

'n Tweede probleem is dat die teks slegs as oordeelstek bestudeer word. Indien die teks vanuit sy volkome vervulling in die Wederkoms benader word, is dit waarskynlik dat die profetiese rede ook seënbeloftes bevat. Dit is immers bekend dat die Wederkoms ook seën inhou vir hulle wat glo.

Die derde inherente probleem het betrekking op universaliteit en is ten nouste verbind met die bogenoemde oordeelsprobleem: Wanneer daar eenvoudig gesê word dat die Jode die Messias verwerp het en dat die profetiese rede die gevolglike oordeel oor die Jode profeteer, getuig dit van 'n foutiewe perspektief op universaliteit binne die Matteus-evangelie. Binne die Matteus-evangelie sluit universaliteit die Jode in. So gesien sal daar ook Jode wees wat tot belydenis van die Messias sal kom en seën ontvang. Dit kan gesien word in die beeld van die skeiding van die skape en die bokke (Matt. 25:32-33): Wanneer al die volke van die aarde voor die Seun van die mens byeengebring word, gebruik die evangelie die frase *panta ta ethna* (Matt. 25:32). Vanuit die huidige studie se bespreking van die Groot Sendingopdrag het dit duidelik geword dat die frase ook die Jode insluit (vgl. 2.5). Gevolglik kan afgelei word dat daar onder die skape wat aan die Seun van die mens se regterhand staan (Matt. 25:33) ook 'n groot groep Jode sal wees.

### **5.3.2 Navorsingsmoontlikheid 2**

Die probleemvraag van die tweede navorsingsmoontlikheid kan soos volg geformuleer word: Op watter wyses gee die Matteus-evangelie en Pauliniese briewe blyke dat hulle perspektiewe op die *Torah* en sending na nie-Jode dieselfde is?

In 'n resente studie deur David Sim (vgl. 2.1) is 'n rekonstruksie van die dispuut tussen Paulus en Petrus in Antiogië (Gal. 2:11-14) gemaak. Hy rekonstrueer hierdie dispuut soos volg: Die Joodse afgevaardigdes wou die gemeente in Antiogië wetsonderhoudend maak. Petrus het nie aan Paulus se teregwyding gehoor gegee nie en Paulus verlaat die stad as gevolg van hierdie dispuut. Na Paulus se vertrek slaag die Jode daarin om die gemeente weer wetsonderhoudend te maak. Omdat die evangelie volgens Matteus waarskynlik later in Antiogië ontstaan het, is die evangelie dus vir Sim eintlik pro-Joods en strydig met die Pauliniese briewe. Hy skryf ook dat die Matteus-gemeenskap nie aan sending deelgeneem het nie omdat hulle deur nie-Jode vervolgd is (vgl. 2.1).



Sim se rekonstruksie hou gevolge in vir die Kanonieke eenheid tussen die Matteus-evangelie en die Pauliniese briewe. Na aanleiding van sy rekonstruksie kom hy tot die gevolgtrekking dat die Matteus-evangelie en Pauliniese briewe van mekaar verskil ten opsigte van hulle wetsbeskouing en sending na nie-Jode. Dit sou ander eksegete kon beweeg om die Matteus-evangelie en Pauliniese briewe vanuit 'n Kanonieke benadering te bestudeer ten einde vas te stel op watter wyses daar blyke gegee word dat hulle perspektiewe op die *Torah* en sending na nie-Jode dieselfde is.

#### **5.4 SLOTSOM**

Jesus het eenmaal aan die Joodse leiers gevra: “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?” Die Joodse leiers antwoord dat die Christus die seun van Dawid is. Tog is dit duidelik dat hulle Hom bloot as 'n mens beskou. Jesus gaan dan voort met 'n tweede vraag: “Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan ‘Here’ genoem?” Die Joodse leiers is nie daartoe in staat om Jesus te antwoord nie. Hulle stilte is 'n ontstellende blootlegging van hulle ongelooft.

Jesus vra hierdie vraag op 'n kritieke tydskop in die heilsgeskiedenis van Israel. Binne 'n paar dae sal Hy gekruisig word en opstaan. Dan sal die verlossingswerk wat Hy as die Christus doen ten volle 'n realiteit word. Sy vraag aan die Joodse leiers was dus nie daarop gemik om 'n eenvoudige eksegetiese kwessie te bespreek nie: Die Joodse leiers het Hom as Christus verwerp en Hy rig 'n dringende waarskuwing aan hulle om hulleself te bekeer. Tog kom hulle nie tot die belydenis waartoe Jesus hoop hulle sal kom nie. Hulle swye ontmasker hulle ongelooft. Dit het onvermydelike gevolge vir hulle gehad: Die koninkryk is van hulle af weggeneem en Jesus het vir hulle 'n klip van oordeel geword.

Jesus het reeds vroeër 'n soortgelyke vraag aan die dissipels gevra as wat Hy aan die Joodse leiers gevra het: “Wie, sê julle, is Ek?” In kontras met die swye van die Joodse leiers kan die dissipels helder en duidelik antwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” Hulle belydenis is nie iets wat vanuit hulleself kom nie; God het dit aan hulle geopenbaar en daarom is hulle geseënd. Deur hulle belydenis word hulle deel van die kerk: Jesus is die Rots waarop die kerk gebou word, maar sy dissipels ontvang die voorreg om kleiner stene in die kerk te wees.

Tog was dit nie net die dissipels wat tot belydenis van Jesus as die Christus gekom het nie. Verskeie nie-Jode het Jesus ook as die Christus bely. Reeds in die Geskrifte is dit geprofeteer dat die nasies na die Messias sou vra. Aan Abraham is belowe dat al die nasies van die aarde in hom geseënd sal wees. Beide die Romeinse offisier en Kanaänitiese vrou

het Jesus as die Een met die gesag bely: Die Romeinse offisier het die belofte ontvang dat nie-Jode deur hulle geloof deel sal kry aan die feesmaal in die Koninkryk van die hemel. Deur die Kanaänitiese vrou het Jesus onder andere geleer dat nie-Jode ook oor die poorte van die doderyk sal triomfeer. Wanneer Jesus sterwe, kom die Romeinse soldate aan die voet van die kruis 'n soortgelyke belydenis as waartoe die dissipels gekom het. Soos die dissipels ontvang die nie-Jode die voorreg om kleiner stene in die kerk te word.

Die kerk is universeel van aard. Beide die dissipels en nie-Jode kry die voorreg om kleiner stene in die bouwerk van die kerk te wees. Vir hulle is Jesus nie 'n klip wat hulle vermorsel nie, maar die Rots op Wie hulle as die kerk gebou word. Van Hom kry hulle die lewe en die poorte van die doderyk sal hulle nie oorweldig nie.

## BIBLIOGRAFIE

AVIS, P.D.L. 1981. *The church in the Theology of the Reformers*. Atlanta, Georgia: John Knox Press.

BAGCHI, D. 2004. Catholic theologians of the Reformation period before Trent. *In* Bagchi, D. & Steinmetz, D.C. *The Cambridge companion to Reformation theology*: Cambridge University Press. p. 220-232.

BUCER, M. 1972. *Common Places of Martin Bucer*. Vol. 4. Vertaal deur Wright, D.F. Berkshire. Sutton Courtenay, The Courtenay Library of Reformation Classics. p. 236-251.

BLOMBERG, C.L. 1992. *The New American Commentary: Matthew*. Vol. 22. Nashville, Tenn.: Broadman Press.

BURGESS, J.A. 1974. Peter in the Gospel of Matthew. *In* Brown, R.E., Donfried, K.P. & Reuman, J., eds. *Peter in the New Testament*. London: Geoffrey Chapman. p. 75-107.

CALVYN, J. 2011. *Commentary on Matthew, Mark, Luke (On the harmony of the Gospels)*. Vol. 2. <http://www.reformed.org>. Datum van gebruik: 13 Apr. 2011.

CULLMANN, O. 1962. *Peter: Disciple, apostle, martyr: A historical and theological study*. London: SCM Press.

CULLMANN, O. 1968. Petra. *In* Kittel, G. & Friedrich, G., eds. 1968. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol. 6. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 1003p

CYPRIANUS. 2011. *Epistolae 22, 59, 73, 75, 76, 81*. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik: 19 Mei 2011.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 1988. *A Critical and exegetical commentary on the Gospel according to Saint Matthew*. Vol. 1. Edinburgh: T & T Clark.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 1991. *A critical and exegetical commentary on the Gospel according to Saint Matthew*. Vol. 2. London: T & T Clark.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 1997. *A critical and exegetical commentary on the Gospel according to Saint Matthew*. Vol. 3. Edinburgh: T & T Clark.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 2004. Matthew: A shorter commentary based on the three volume International Critical Commentary. London: T & T Clark.

DE GROOT, C.G. 1985. Voorlopers van die Hervorming: Arnold van Brescia, John Wycliffe, Johannes Huss. Potchefstroom: PU vir CHO.

DEN HEYER, C.J. & SCHELLING, P. 2000. Symbolen in de Bijbel: Woorden en hun betekenis. Zoetermeer: Meinema.

DERRET, J.D.M. 1975. Further light on the narratives of the nativity. *Novum Testamentum*, 17(2):81-108.

DUVENHAGE, A. 1967. Die Institusie van Calvyn. Potchefstroom: Pro-Rege.

DUNN, J.D.G. 2006. The partings of the ways between Christianity and Judaism and their significance for the character of Christianity. London: SCM Press.

ECK, J. 1530. Johan Eck's 404 theses. <http://www.bookofconcord.org> Datum van gebruik: 1 Apr. 2011.

ELLIS, E.E. 1996. Rock. In Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I. & Wiseman, D.J. 1996. New Bible dictionary. Downers Grove, Ill.: Inter-Varsity Press. p. 1021-1022.

ERASMUS. 2007. Annotations on the New Testament. Vertaal deur Preston, P. In Jenkins, A.J. & Preston, P., 2007. Biblical Scholarship and the Church: A Sixteenth century crisis of Authority. Ashgate: p. 240-242. Ashgate new critical thinking in Religion, Theology and Biblical studies series.

ERASMUS. 2007. Paraphrase on Matthew. Vertaal deur Preston, P. In Jenkins, A.J. & Preston, P. 2007. Biblical scholarship and the Church: A Sixteenth century crisis of Authority. Ashgate: p. 242. Ashgate new critical thinking in Religion, Theology and Biblical studies series.

EUSEBIUS. 2011. Ecclesiastical History. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik: 5 Mei 2011.

FERGUSON, E. 1996. The Church of Christ: A Biblical Ecclesiology for today. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

FRANCE, R.T. 1989. Matthew: Evangelist and teacher. Downer's Grove, Ill.: Inter-Varsity Press.

- FRANCE, R.T. 2007. *The Gospel of Matthew*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- GÄBLER, U. 1987. *Huldrych Zwingli: His life and work*. Edinburgh: T & T Clark.
- GARLAND, D.E. 1979. *The intention of Matthew 23*. Leiden: E.J. Brill.
- GRIER, W.J. 1965. *Hus and Farel: Heroic pioneers of the Reformation*. London: Stanley L. Hunt.
- GUNDRY, R.H. 1982. *Matthew: A commentary on his literary and theological art*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- GUTHRIE, D. 1990. *New Testament: Introduction*. Leicester: Apollos.
- HAGNER, D. 1993. *Word Biblical commentary: Matthew 1-13*. Dallas, Tex.: Word Books.
- HAGNER, D. 1995. *Word Biblical commentary. Matthew 14-28*. Dallas, Tex.: Word Books.
- HALL, C.A. 2002. *Learning Theology with the Church Fathers*. Downer's Grove, Ill.: Inter-Varsity Press.
- HARE, D.R.A. & HARRINGTON, D.J. 1975. Make disciples of all the gentiles (Matt. 28:19). *Catholic Biblical Quarterly*, 37(3):359-369. Beskikbaar: ATLA.
- HARE, D.R.A. 1993: *Matthew. Interpretation: A Bible Commentary for teaching and preaching*. Louisville, Ky.: John Knox.
- HARRINGTON, D.J. 1991. *The Gospel of Matthew*. Collegeville, Minn.: The Liturgical Press. Sacra Pagina series.
- HAUERWAS, S. 2006. *Matthew. Brazos Theological Commentary on the Bible*. Grand Rapids, Mich.: Brazos.
- HAYES, J.H. & HOLLADAY, C.R. 1988. *Biblical Exegesis. A beginner's handbook*. London: SCM Press.
- HEINE, R.E. 1992. Montanism. *In* Freedman, D.N. ed. *The Anchor Bible dictionary*. Vol. 4. New York: Doubleday. p. 898-902.
- HENDRIX. 2004. Luther. *In* Bagchi, D. & Steinmetz. *The Cambridge companion to Reformation theology*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 39-56.

HIEBERT, D.E. 1992. An expository study of Matthew 28:16-20. *Bibliotheca Sacra*, 149 (595): 338-354. July-September:

HIERONIMUS. 2011. Brief aan Jovianus. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik: 18 April 2011.

HIERONIMUS. 2011. Brief aan Marcella. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik: 18 Apr. 2011.

HILLARIUS VAN POITIERS. 2011. De Triniteit. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik. 18 Apr. 2011.

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2000. A survey of the Old Testament. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

HORTON, H. 1961. The Gates of Hades shall not prevail against it. *Restoration Quarterly*, 5(1):1-5. Beschikbaar: ATLA.

HOWE, F.R. 2000. Christ the Building Stone in Peter's theology. *Bibliotheca Sacra*, 157(625): 35-43. January – March: Beschikbaar: ATLA.

HUIZENGA, L.A. 2008. Matt 1:1: "Son of Abraham" as Christological Category. *Horizons in Biblical Theology*, 30 (2):103-113. Beschikbaar: ATLA.

HUTCHISON, J.C. 2001. Women, gentiles and the Messianic mission in Matthew's genealogy. *Bibliotheca Sacra*, 158(630):152-164. Beschikbaar: ATLA.

IGNATIUS. 2010. Epistula Smirnaea. <http://www.newadvent.org>. Datum van gebruik: 22 Sept. 2010.

JEREMIAS, J. 1958. Jesus' promise to the nations: The Franz Delitzsch Lectures for 1953. Naperville, Ill.: Alec R. Allenson.

JEREMIAS, J. 1964. Abraham. In Kittel, G. ed. Theological dictionary of the New Testament. Vol 1. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An introduction to Biblical hermeneutics: The search for meaning. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

KEENER, C.S. 1999. A commentary on the Gospel of Matthew. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

- KEENER, C.S. 2009. *The Gospel of Matthew: A socio-rhetorical commentary*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- KRENTZ, E. 2004. Missionary Matthew: Matthew 28:16-20 as summary of the Gospel. *Currents in Theology and Mission*, 31(1):24-31. Febr. Beskikbaar: ATLA.
- LEE, K. 2010. *Matthew's Community and the gentile mission*. Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Proefskrif – Ph.D.)
- LEE, K. & VILJOEN, F.P. 2009. The healing of a Canaanite woman's daughter (Matthew 15:21-28). *Acta Patristica et Byzantina*, 20:86-99. Beskikbaar: ATLA.
- LIDDEL & SCOTT. 2004. *Greek-English lexicon: Abridged edition*. Oxford: Oxford University Press.
- LIEBERMAN, S. 1942. *Greek in Jewish Palestine: Studies in the life and manners of Jewish Palestine in the II – IV Centuries*. New York: The Jewish Theological Seminary of America.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A., eds. 1988a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol. 1. Cape Town: Bible Society of South-Africa.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A., eds. 1988b. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol. 2. Cape Town: Bible Society of South-Africa.
- LUTHER, M. 1537. Smalcald articles. <http://www.reformed.org>. Datum van gebruik: 23 Mrt. 2011.
- LUZ, U. 1989. *Matthew 1-7: A commentary*. Edinburgh: T&T Clark.
- LUZ, U. 2001. *Matthew 8-20: A commentary*. Minneapolis: Fortress Press
- LUZ, U. 2005a. *Studies in Matthew*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.
- LUZ, U. 2005b. *Matthew 21-28: A commentary*. Minneapolis: Fortress Press.
- MACARTHUR, J. 2005. *The MacArthur Bible commentary*. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.
- MALONEY, R.P. 2007. The Genealogy of Jesus. *America*, 197(20):20-21. Beskikbaar: ATLA.

MEIER, J.P. 1977. Nations or gentiles in Matthew 28:19. *Catholic Biblical Quarterly*, 39(1):94-102. Beskikbaar: ATLA.

MELANCHTHON, P. 2011. Apology of the Augsburg confession. <http://www.reformed.org>. Datum van gebruik: 23 Mrt. 2011.

MELANCHTHON, P. 2011. Treatise on the power and the primacy of the Pope. <http://www.bookofconcord.org>. Datum van gebruik: 31 Mrt. 2011.

MOFFITT, D.M. 2006. Righteous bloodshed, Matthew's passion narrative, and the temple's destruction: Lamentations as a Matthean intertext. *Journal of Biblical Literature*, 125 (2): 299-320. Beskikbaar: ATLA.

MOORHEAD, J. 2009. Bede on the Papacy. *Journal of Ecclesiastical History*, 60(2):217-232. Beskikbaar: Cambridge University.

MORE, T. Dialogue concerning heresies. 2007. Vertaal deur Preston, P. In Jenkins, A.J. & Preston, P. 2007. *Biblical scholarship and the Church: A Sixteenth century crisis of authority*. Ashgate: p. 242-243. Ashgate new critical thinking in Religion, Theology and Biblical studies series.

MORRIS, L. 1992. *The Gospel according to Matthew*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

MOTYER, J.A. 1996. Messiah. In Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J., eds. 1996. *The New Bible dictionary*. Downers Grove, Ill: Inter-Varsity Press. 1298p.

NOLLAND, J. 2005. *The Gospel of Matthew: A commentary on the Greek text*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

OAKLEY, F. 1979. *The Western Church in the later Middle Ages*. London: Cornell University Press.

PEELS, H.G.L. 2001. The blood "from Abel to Zechariah" (Matthew 23:35, Luke 11:50) and the Canon of the Old Testament. *Zeitschrift fur die Alttestamentliche Wissenschaft*, 113(4): 583-601. Beskikbaar: Walter de Gruyter.

PERKINSON, J.W. 1996. A Canaanitic Word in the Logos of Christ; or the difference the Syro-Phoenician woman makes to Jesus. *Semeia*, 75: 61-85. Beskikbaar: ATLA.



POPESCU, D. 1999. Papal primacy in Eastern and Western patristic Theology: It's interpretation in the light of contemporary culture. *In* Puglisi, J.F., ed. *Petrine Ministry and the unity of the Church: Towards a patient and fraternal dialogue*. Collegeville, Minn.: Liturgical Press. p. 99-113.

POWERY, E.B. 2003. *Jesus reads Scripture: The function of Jesus' use of Scripture in the Synoptic Gospels*. Leiden: Brill.

PRESTON, P. 2007. The interpretation of Matthew 16:16-19. *In* Jenkins, A.J. & Preston, P. 2007. *Biblical Scholarship and the Church: A Sixteenth century crisis of Authority*. Ashgate: p. 237-247. Ashgate new critical thinking in religion, Theology and Biblical studies series.

RICHARDS, L.O. 1985. *Expository dictionary of Bible words*. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

RIDDERBOS, H.N. 1970. *Korte verklaring van der Heilige Schrift met nieuwe vertaling: Mattheüs. Deel 2*. Kampen: J.H. Kok.

SCHWEIZER, E. 1975. *The Good News according to Matthew*. Atlanta, Ga.: John Knox Press.

SENIOR, D. 1977. *Invitation to Matthew: A commentary on the Gospel of Matthew with the complete text from the Jerusalem Bible*. New York: Image Books.

SIM, D.C. 1998. *The Gospel of Matthew and Christian Judaism: The history and social setting of the Matthean community*. Edinburgh: T & T Clark.

SPINKA, M. 1966. *John Hus' concept of the church*. Princeton, N.J.: Princeton University Press.

SPINKA, M. 1968. *John Hus: A biography*. Princeton, N.J.: Princeton University Press.

STENDAHL, K. 1995. *Quest et Unde? An Analysis of Matthew 1-2*. *In* Stanton, G. 1995. *The interpretation of Matthew*. Edinburgh: T & T Clark.

STREETER, B.H. 1924. *The four Gospels: A study of origins*. London: MacMillan.

STYLIANOPOULOS, T. 2004. Concerning the Biblical foundation of primacy. *Greek Orthodox Theological Review*, 49(1-2):1-30. Besklikbaar: ATLA.

SUGGS, M.J. 1985. Matthew 16:13-20. *Interpretation*, 39(3). 291-295. Besklikbaar: ATLA.

- THEODORET. 2011. To Marcellus. <http://www.ccel.org>. Datum van gebruik: 22 Apr. 2011.
- THEISSEN, G. 1992. *The Gospels in context: Social and political history in the Synoptic tradition*. London: T & T. Clark.
- VAN BRUGGEN, J. 1990. *Matteüs: Commentaar op het Nieuwe Testament*. Kampen: J.H. Kok. Derde serie.
- VAN DER WALT, T. 2006. *Die Messias het gekom: 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VERSTEEG, J.P. 1980. *Evangelie in viervoud: Een karakteristiek van de vier evangeliën*. Kampen: J.H. Kok.
- VILJOEN, F.P. 2006. The Matthean community according to the beginning of his Gospel. *Acta Theologica*, 26(2):242-262. Besikbaar: ATLA.
- VILJOEN, F.P. 2010. Mondelinge mededeling aan student op 20 Mei 2010. Potchefstroom.
- WALKER, L. 2000. Rock. In Freedman, D.N., ed. *Eerdmans dictionary of the Bible*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 1133-1134.
- WALLS, A.F. 1965. *Gnosticism*. In Douglas, J.D., ed. *New Bible dictionary*. London: Inter-Varsity Fellowship.
- WESSEL, S. 2008. Leo the Great and the spiritual rebuilding of a universal Rome. *Supplements to Vigiliae Christianae*. Leiden: Brill.
- WESSELSCHMIDT, Q.F. 2003. The beginnings of the Papacy in the early church. *Concordia Journal*, 29 (4): 374-391. October.
- WHITFORD, D.M. 2008: The Papal antichrist: Martin Luther and the underappreciated influence of Lorenzo Valla. *Renaissance Quarterly*, 61(1):26-52. Spring. Besikbaar: ATLA.
- WIGODER, G. ed. 2005. *The illustrated dictionary and concordance of the Bible*. New York: Sterling.
- WILLIAMS, R.R. 1960. *A guide to the teachings of the early church fathers*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.